“Vader” en “Seun”

Die vraag na die Drie-enigheid

Die ontwikkeling en verband van liggaam, siel en gees

Die tyd van die drie diere uit Openbaring

Die ster in die ooste

VERDUIDELIKING VAN SKRIFGEDEELTES UIT DIE BYBEL EN GESKIEDKUNDIGE AGTERGROND TOT DIE ONSTAAN VAN DIE NUWE TESTAMENT

"Wees slim soos die slange maar sonder valsheid" ens. {mt.10,16-17;}

01] Vrae rakende My Opstanding en die Johannes Evangelie

{mt.28,01; mk.16,01; lk.24,01; joh.20,01} (GH3,356)

Verdere skrifverduidelikings

(GH3,359 - 1/4/1864)

Die mens sonder bruilofsklere

Die jongeling wat vlug sonder klere en die vernietiging van Jerusalem deur die Romeine

Die Evangelis Lukas

(GH3,376 - 7/4/1864)

Geskiedkundige oorsig oor die ontstaan van die Nuwe Testament

Verdere teksverklarings

Gelykenis van die koninklike feesmaal

Die geestelike betekenis van die verheerliking van Christus

Lasarus

(GH3,258 - 26/6/1847)

Pontius Pilatus

Ligging van dorpe in Palestina waarna in die Johannes Evangelie en die Ou Testament verwys word

Die onverstandige en verstandige boumeester

Gehoorsaamheid teenoor die owerhede

Skynbare teenstrydighede in die verskillende Evangelies (GH3,328 - 17/3/1864)

Die Evangelis Matthéüs

Lukas Evangelie en die ‘jongste oordeel'

SKRIFVERDUIDELIKINGS DEUR JESUS

Die 40 dae in die woestyn

Oorveeg en mantel

Jesus bring die swaard in plek van vrede

Vertaal vanaf die oorspronklike Duits soos gepubliseer op die CD uitgawe 2000, deur Disk-plus-Buch Verlag, van G Gutemann. Die vertaling is gedoen deur AK Hoffmann in 2002)

“Vader” en “Seun”

GAWES UIT DIE HEMEL - BOEK 2 - Geopenbaar aan Jakob Lorber op 9 April 1842

00] Die eerste Brief Johannes 2de hoofstuk, vers 23: “Elkeen wat die Seun loën, het ook nie die Vader nie; wie die Seun bely, die het ook die Vader!”

01] Indien iemand `n maagd uitgekies het en hy verwag liefde van haar, maar sê terselfdertyd vir haar in haar gesig: “Jy het geen hart nie!” - aangesien hy dit vir haar sê en nooit wil toegee dat sy `n hart het nie - hoe kan die dwaas dan van haar verwag dat sy vir hom moet liefhê? - Verstaan julle dit? - Of kan daar iemand op `n ander manier by die liefde uitkom behalwe deur die hart, wat alleenlik die woonhuis van die liefde is?

02] Of indien iemand by `n plek wil uitkom, maar hy loën die pad daarheen - hoe sal hy sonder pad kan loop? - En wanneer julle vir iemand sê: “Kyk, indien jy dan die gemaakte pad ontken, loop dan oor die vlaktes, velde, grasperke en landerye!” Maar die ander een antwoord jou: “Ook dit bestaan nie, maar net `n ondeurgrondbare meer!” Sê dan net, hoe sal hy by die plek kan kom? - En indien die leier vir hom sê: “Indien jy dan niks behalwe `n klomp mere sien nie, klim dan in `n boot en laat die wind jou daarheen dra en stu!” Maar die ander een loën ook die skip. Sê net, hoe sal hy by die plek kan uitkom? Of hoe wil iemand by iemand uitkom en iets van hom hê, indien hy die werklike, wesenlike bestaan van die persoon ontken? - Kortom, en genoeg gelykenisse!

03] Maar hoe kan iemand na die Vader kom en terselfdertyd die Seun loën deur Hom, wat die wesenlikheid van die Vader Self is, nie aan te neem nie - terwyl die Seun en Vader tog volkome een is soos die hart en die liefde in die hart, of soos `n mens en sy lewe, of soos die lig en die warmte, of soos `n oord en enige moontlike pad daarheen.

04] Maar wanneer die “Seun” dus die eintlike werklike wesenlikheid van die “Vader” en die magtige houer is waarin die “Vader”, of die “Ewige Liefde en Wysheid”, (waaronder verstaan moet word die allerhoogste “Volheid van die Godheid”) woon - hoe kan iemand dan na die Vader toe kom, wanneer die Seun vir hom so goed soos `n suiwer nul is?

05] Ek meen, dit sal vir julle voldoende wees, om bogenoemde vers uit die diepte te verstaan. Maar sou daar nog steeds iemand wees vir wie daar, ten spyte van hierdie tasbare onthulde daarstelling, die vers nog te donker is, dan raai Ek hom aan om te probeer, wanneer hy dan regtig honger is, dat hy versadig moet raak van `n brood waaraan hy net dink - aangesien dit onmoontlik is vir hom om te glo dat daar in die growwe, sigbare materie van die brood eteriese voedsel ter versterking van die geeste van die natuurlike lewe, teenwoordig is!

06] Meer hoef Ek nie vir julle te sê nie. Want wie dit nie verstaan nie, vir hom is eers nog twee dokters nodig, naamlik `n oog- en oorarts. - Verstaan dit goed en hou vir julle by die “Seun”, dan sal die “Vader” nie vir julle verlore gaan nie, omdat die Seun en die Vader op een haar, soos julle gewoond is om te sê, een en dieselfde is.

07] Maar sonder die Seun bestaan daar geen Vader nie, en sonder die Vader geen Seun nie! - Verstaan dit ook goed in julle! Amen.

Die vraag na die Drie-enigheid

GAWES UIT DIE HEMEL - BOEK 2 - Geopenbaar aan Jakob Lorber op 27 April 1842

00] Dit staan geskryf: “Wie My sien, sien ook die Vader!” {Joh.14,9}. - Maar by Markus 13,32 sê dit: “Maar van daardie dag en daardie uur weet niemand nie, ook nie die engele in die hemel of die Seun nie, maar net die Vader.” - Hoe kan hierdie twee skrifgedeeltes in ooreenstemming gebring word? - En sê dit nie ook: “Die Vader is groter as Ek” nie?

01] Dit is nou wel `n aanvaarbare vraag vir My; maar die vraers moes vooraf eers ywerig probeer het, deur die hoofsleutel van die liefde, om te bepaal en daardeur in hulleself te kyk en te ervaar en te beoordeel, hoe diep hulle al in hulle innerlike gedring het. - Maar daar bestaan mos nog duisend ander

skrifgedeeltes, wat hulle nog lank nie tot op die grond van die gees verstaan nie, en so bly daar nog altyd `n stukkie werk vir hulle oor!

02] Maar wat die bepaalde skrifgedeeltes dus betref, verneem en kyk met `n oop hart in die heilige dieptes van My liefde in julle! - Want so spreek die liefdeslig:

03] Die “Vader” is die suiwerste “Ewige Liefde in God” of die “Ewige wesenlike Woord” in Homself. - Maar die “Seun” is die uitgespreekte Woord van die Vader of die wesenlik geopenbaarde Vader Self in die Seun. Die verhouding tussen die twee is soos `n woord wat eers gedink en dan uitgespreek word, waar die gedagte die oorsprong of die vader van die uitgespreekte woord is, en die uitgespreekte woord weer niks anders as die geopenbaarde gedagte of vader van die woord self is nie.

04] Indien julle dit nou verstaan, dan moet dit tog vir julle sonhelder duidelik wees, dat wie die Seun sien en hoor, ja ook die Vader noodwendig moet sien en hoor, en dat daarvolgens Vader en Seun een en dieselfde is, net soos die gedagte en die daarna uitgespreekte woord - en dat die Vader in die Seun en die Seun in die Vader is, soos die gedagte in die uitgespreekte woord en die uitgespreekte woord in die gedagte is.

05] Ook moet julle daarna verstaan, waarom die Vader meer is as die Woord of die Seun. Die woord sou mos sonder die Vader of die voorafgaande gedagte `n totale onmoontlikheid wees! Dus is die Vader as die ewige verwekker van die woord meer as die verwekte woord. Maar indien die woord eers verwek is, dan is dit tog heeltemal identies met die Vader!

06] En wanneer julle dit alles verstaan, dan meen Ek, dat dit dan byna onnodig sal wees, om vir julle nog verder in te lig, waarom (by Markus 13,32) “niemand” van die komende dag en uur van die komende groot oordeel oor die hele aarde, in die gees gesproke, iets weet nie, behalwe alleenlik die Vader - en nie ook die “Seun” nie. Indien julle net `n mosterdsaadjie groot verstand in die hart (nie in die brein van die kop nie) sou hê, dan moet julle tog dadelik insien, dat die kennis van gedagte wel deur die woord uitgedruk word - maar is die woord daarom die kennis self? - Derhalwe kan dit, soos alles anders, net die Vader wees wat weet, maar nie die Seun nie, wat vergelyk kan word met die tong in die mond van die Vader.

07] Maar sodat julle die volle insig oor die Vader, Seun en Gees kan verkry, verneem dan verder:

08] Die Godmens Jesus was wesenlik die Vader Self of die in hom met menslike vlees omhulde Ewige Liefde en Wysheid Self - of die volheid van die Godheid liggaamlik.

09] Die uitgespreekte “Woord” van die Godmens Jesus of Sy boodskap is die “Seun”.

10] Maar aangesien die Vader reeds van ewigheid af geweet het, wat Hy sal doen, dan moes mos die Godmens Jesus reeds van ewigheid af in die “Vader” gewees het, maar Hy het Homself eers dan liggaamlik as “Godmens” gemanifesteer, toe die Vader Homself openlik daaroor uitgespreek het!

11] Sê vir My, begryp julle dan nou nog nie, hoe die Seun en die Vader een en dieselfde is nie? - Maar sou julle nog steeds twyfel hê, kyk dan na die Gees, hy moet tog vir julle in alle waarheid lei!

12] Want dieselfde Gees, wat vir ewig in die Vader was (wat die oer-ewige grondgedagte of die ewige mees suiwerste Liefde Self is) - is tog ook verseker in die ”Woord” wat van die Vader uitgespreek is. Maar waar daar net een Gees is, daar sal tog ook een en dieselfde wesenlikheid wees! Indien dit nie so was nie, hoe sou die Godmens Jesus dan van Homself kon gesê het: “Ek is die weg en die waarheid en die lewe! Niemand kom na die Vader nie, behalwe deur My!” {Joh.14,6} - wat die volgende beteken: Ek is die Liefde, of die Vader, en die ewige Wysheid, of God Self, of die Gees en die uitgespreekte Woord, of die ewige Lewe Self, waarin die volheid van die Godheid liggaamlik woon!

13] Omdat dit so is, sê net op watter ander weg kan iemand na die Vader toe kom, indien hy hom nie deur Hom sal laat gryp en laat trek nie, en daarom die vryheid van die eie wil het!?

14] Wie dus die Woord wat van die Vader uitgespreek is, uitvoerend of lewendig in homself opneem, die neem mos ook die Seun op. Maar wie die Seun in homself opgeneem het, die sal tog ook verseker die Vader opneem, aangesien die Seun en die Vader een en dieselfde is!

15] Maar wie dus die Seun en die Vader in homself opgeneem het, die sal tog ook seker die “Gees” of die “Lig”, wat daar gelyktydig in die Vader, net so ook in die Seun is, in hom dra en sal uit daardie Gees wees “in alle Waarheid”, en dit op grond van die eenvoudige rede, omdat daar, buiten hierdie lig, geen ander lig meer bestaan nie en alle lig dus net van hierdie enkele lig afkomstig is. - Maar wie in daardie Lig is, is ook in die Vader deur die Seun.

16] Maar aangesien die Vader die oer-ewige basiese liefdelewe is en alle lig van daardie lewe uitgaan, so sal die mens tog ook verseker die ewige lewe hê, indien hy in dieselfde lig is en dieselfde in hom deur die Seun, Gees en Vader!?

17] Maar Ek meen, indien julle nie nog meer blind is as die middelpunt van die aarde nie, dan sal hierdie vir julle voldoende wees om in te sien, dat wie vir Jesus in die Gees sien, geen ‘Tubus’ meer benodig om ook die Vader te sien nie!

18] Maar dat julle dit nie verstaan wanneer julle dit lees nie, is te danke aan julle materieel-heidense driegodedom, wat daar in Nicea uitgedink is en later nog meer, selfs tot by die uitbeelding daarvan, gematerialiseer is, sodanig dat julle julleself nou nie enigsins daarvan kan losmaak nie. Daarom moet julle nou alle vroeëre (dwaal-) ligte afsterf, indien julle na die suiwer geesteslig uit My wil kom!

19] Verstaan dit en handel ook daarvolgens, dan sal julle maklik en vinnig na My, die heilige Vader, toe kom! - Amen.

Die ontwikkeling en verband van liggaam, siel en gees

GAWES VAN DIE HEMEL - BOEK 3 - Geopenbaar aan Jakob Lorber op 17 Junie 1840

01] Dit is die volle antwoord op die grootste en belangrikste vraag wat Ek Maandag vir julle gegee het, waarvan die grootheid en belangrikheid eers in hierdie aflewering stralend duidelik sal word. -

02] Dit is noodsaaklik, sodat die antwoord volledig verstaan sal word, dat die wese van die mens en sy natuur en geestelike sfeer verduidelik word, sonder welke voorkennis dit nutteloos sou wees om te preek, terwyl alles net aan die gees gerig is, maar wat by julle nog nie lewendig is nie, maar nog op pad is om lewendig in die liefde, die moeder van die gees, te word. En sodat die eerste prikkeling vir julle gees gegee kon word, het Ek juis hierdie vraag vir julle gegee, waarin die lewe van die gees, sy wedergeboorte en dan eers die ewige lewe in die allerhoogste vryheid berus.

03] Sien, die mens is saamgestel uit `n natuurlike liggaam, wat as houer daar is, waarin daar deur die onderskeie organe `n lewendige siel kan ontwikkel; want tydens die ontstaan deur verwekking word alleenlik net die wese van die liggaam gekonstrueer. Eers in die sewende maand, wanneer die liggaamlike wese organies, maar nog nie volledig volgens vorm nie, maar tog volgens alle dele gevorm is deur die vegetatiewe lewe van die moeder, - so word daar in die omgewing van die maag `n blasie, wat van die verwekker afkomstig is, maar wat onsigbaar is vir julle oë, wat die substansie van die siel bevat, oopgemaak en dit word aan die hele organisme deur die verbinding van die senuwees oorgedra, omskep dan die magnetiese fluïdum wat in alle senuwees teenwoordig is, in sy eie en dring dan met volle elektriese snelheid in al die oorblywende organe, maar spesifiek laastens in die hartspiere, wat gewoonlik eers op die sewende dag, by party `n bietjie later, geskied.

04] Die hart begin dan baie stadig te rek deur die geleidelike opvulling van die sielsubstansie, en wanneer dit stadigaan uiteindelik vol geword het, nes `n elektriese bottel (kapasitor), dan ontlaai dit in die are deur die boonste kamer. Hierdie ontlaaide fluïdum word dan oorgedra aan alle vloeistowwe wat daar teenwoordig is en dwing hulle in alle houers en so ook in die vloeistowwe van die houers self ter beweging weer in die are en deur hulle weer terug na die hart, waartydens die hart reeds weer gelaai word en die vloeistowwe wat daarheen terugkeer weer verder stuur.

05] En so begin dan die polsslag en die sirkulasie van die vloeistowwe en bloed wat ietwat later daaruit ontstaan. Deur die voortdurende verkeer en uitruiling van vloeistowwe wat op die wyse plaasvind en inderdaad die van die bloed, word die massa van die liggaam gebou - en deur die substansie wat in die fyner vloeistowwe voorkom, word die soliditeit van die siel elektro-organies

gevorm. En wanneer die maag ook volledig gevorm is vir die opname van meer growwe vloeistowwe, eers uit die liggaam van die moeder, ter ondersteuning van die vloeistowwe en die bloed wat ook vir die doel gebruik word, dan word die mens losgemaak van die voedingsbande in die liggaam van die moeder en word in die buitewêreld gebore, toegerus met vyf natuurlike uiterlike sintuie, om die waarneembare wêreld te kan opneem, of eerder die verskillende substansies soos die van lig, klank, smaak, reuk en uiteindelik die van die algemene gevoel, wat alles ten doel het om die siel te ontwikkel en na haar behoefte te laat groei in die liggaam, wat dan etlike jare agtereenvolgens gebeur. En so is daar nou twee mense in een, naamlik eers `n materiële en binne in `n substansiële mens.

06] Let nou goed op hier; - ongeveer drie dae voor die geboorte word uit die allerfynste en terselfdertyd die mees soliedste substansies van die siel in die omgewing van die hart `n ander oneindig fyn blasie gevorm, en in hierdie blasie word `n gees geplaas wat op `n stadium in die verlede boos geword het, wat volgens sy wese `n vonk van die goddelike liefde is; ongeag of die liggaam manlik of vroulik is, is die gees tog eintlik sonder geslagtelike verskil en neem eers mettertyd `n bietjie geslagtelikheid aan, wat deur die begeertes geuiter word.

07] Maar nou is hierdie gees nog dood, soos wat hy in die materie alreeds sedert lang, lang tye was. Aangesien die siel nou `n onbepaalbare, substansiële wese is, eenvoudig en sodoende onvernietigbaar, en haar voeding ontvang deur die nou reeds volledig ontwikkelde sintuie van die liggaam - wat as volg is: ooreenkomstig die ore die rede, ooreenkomstig die oë die verstand, ooreenkomstig die smaak die behaaglikheid van die indrukke wat ontvang word deur klank en lig, dan ooreenkomstig die reuk die waarneming van goed en kwaad, en laastens ooreenkomstig die algemene gevoel die bewussyn van die natuurlike lewe in haar, wat bewerkstellig word deur die aanhoudende evolusie van vloeistowwe en die daaruit geabsorbeerde substansies, - so word die siel dan bekwaam om te dink, waar die dinkproses eintlik deur die sirkulasie van die fynste substansies in haar ooreenstemmende organe met die liggaam bewerkstellig word.

08] Net soos wat die sirkulasie van vloeistowwe in die liggaam voorheen die wesenlikheid van die siel gevorm het deur die toevoer van substansies vanaf die buitewêreld, net so behoort en sal, deur die sirkulasie van die fynste substansies in die organe van die siel, die ingeslote gees gevoed word vir so lank, tot hyself ryp word om die blasie te breek en sodoende ook stuk vir stuk al die organe van die siel te deurdring - en net soos die siel in die liggaam, so word ook hy in die siel `n volwaardige derde mens, deur voeding uit die denke van die siel, wat as volg gebeur:

09] Die gees het, net soos die liggaam en die siel, ooreenstemmende geestelike organe - ooreenkomstig die gehoor en rede, die ontvanklikheid of waarneming, ooreenkomstig die lig en die verstand, die wil, ooreenkomstig die smaak en behaaglikheid van die indrukke wat ontvang word vanaf klank en lig, die vermoë om alle wêreldhede in ooreenstemmende vorms te kan opneem, ooreenkomstig die reuk en die waarneming van goed en kwaad, die insig van waar en vals en uiteindelik ooreenkomstig die algemene gevoel en die bewussyn van die natuurlike lewe, die uit al hierdie voortspruitende liefde.

10] En net soos die kos van die liggaam deur al die sintuie voorsien word, so ook die van die siel en uiteindelik ook die van die gees. As die kos in die algemeen sleg is, word alles uiteindelik sleg en sodoende ook verwerplik; maar as die kos in die algemeen goed is, word alles ook ten slotte goed en aanneemlik. Nou kyk, dit is nou eenmaal die bestaansverhoudinge tussen liggaam, siel en gees. Nou is die vraag, wat is slegte en wat is goeie kos? -

11] Kyk, alles wat wêrelds is, is sleg, omdat dit die gees weer na die wêreld lei, uit wie se doods kerkernag Ek hom van die materie losgeruk het en geplaas het in die hart van die siel, sodat hy daar weer lewendig en gesuiwer kan word van alle sinlike natuuragtige materiële wêreldgesindhede, en dat hy daar uiteindelik bevoeg word vir die opname van die lewe uit My. Indien daar nou net slegte kos vir hom gegee word, word hy weer wêreldgesind, sinlik en uiteindelik materieel en daardeur dood soos voor die geboorte, - so ook die siel met die liggaam, omdat sy daardeur self heeltemal vlees geword het.

12] Maar word nou vir die gees goeie kos gegee, wat bestaan uit my geopenbaarde wil en die bemiddeling deur die werke van verlossing - of My liefde in volle bestanddeel deur die lewendige geloof, word in die hart van die gees `n nuwe geestelike blasie gevorm, waarin `n suiwer vonk van my liefde geplaas word. En net soos voorheen by die verwekking van die siel en daaruit die gees, net so gebeur dit ook met hierdie nuwe verwekking van die heiligdom. Word dit nou volledig ryp, dan skeur hierdie heilige liefde die los bande van die houer en stroom dan soos die bloed van die liggaam of soos die fynste substansies van die siel of soos die liefde van die gees oor in alle organe van die gees, watter toestand dan die nuutgeboorte genoem word, soos wat die toestand van inplasing van hierdie lewensblasie die inplasingsgeboorte genoem word.

13] En kyk, terselfdertyd egter word daar ook deur die hel, reeds tydens die verwekking, in besonder wanneer dit bloot op sondige dierlike bevrediging gemik was, `n groot aantal liefdesblasies uit die hel in die omgewing van die maag en die geslagsdele gelê, wat dan byna op dieselfde tydstip as My liefde uitgebore word - soos die ruspers in die lente, wanneer hulle in die warmte van die son kom, so kom ook hierdie broeisel deur die opgaande warmte van My goddelike liefde in die gees van die mens.

14] Sien, daarvandaan kom dan ook die versoekinge, aangesien elkeen van hierdie uitgebore wesens van die hel onophoudelike pogings aanwend om altyd, waar enigsins moontlik, in die lewe van die siel in te gryp. En indien die mens dan nie kragtig met die nuutgebore liefde uit God eiewillig teen die ongediertes optree nie, dan stroom hulle oorheersend in alle organe van die siel in en gaan sit daar soos suigende poliepe vas by die plekke waar die gees in die siel moet instroom, en verhinder so die opname van die lewe uit die gees in die siel en so ook deur hom die lewe van die goddelike liefde. Wanneer die gees nou sien dat hy homself nie kan uitbrei om die volheid van nuwe lewe uit God in hom te kan opneem nie, dan trek hy weer terug in sy stomme blasie - en so ook des te meer My liefde in hom, wat die God in die mens is.

15] En wanneer dit in die mens plaasgevind het, dan word hy weer heel natuurverbonde en baie sinlik, en ook verlore, omdat hy nie weet wat binne-in hom gebeur het nie, omdat hierdie ongediertes, heel ongemerk en aangenaam, eers die sintuie van die mens omkoop en hom sodoende geleidelik heeltemal gevange neem, sodat hy niks meer van alles wat van die gees afkomstig is wil weet, hoor, sien, proe, ruik en voel nie. Dit is dan `n groot ellende, soortgelyk aan dit wat vanaf die begin tot op die huidige stadium nie bestaan het nie - en ook voortaan nie meer sal wees nie. Maar wanneer die mens nou sy toevlug tot God neem deur uiterlik te bid, naamlik My gebed, deur te vas en lees van die Woord uit die skrif sal hy daardeur `n groot verlange kry, om bevry te word uit die groot ellende.
16] En as die mens dit ernstig opgeneem het, sodat hy in homself die groot twyfel raaksien, dan begin Ek ook van buite af te werk as oorwinnaar van die dood en alle hel, deur My werke van verlossing en gee dan vir die mens uit My barmhartigheid kruis en lyding volgens My wysheid. Daardeur word dan die wêreld en sy vreugdes vir die mens so bitter, dat hy `n bare afsku daarvoor kry, en `n verlange ontwikkel na bevryding uit die lewe van lyding. En sien, aangesien die ongediertes daardeur geen voeding meer in die siel kry van die sondige buitewêreld nie, word hulle swak en verdroog byna volledig in die organe van die siel en beland in `n totaal bewustelose toestand.

17] Aangesien die van buite af sielsverlossende barmhartigheidsliefde van Jesus Christus nou in die sieklike organe van die liggaam, sowel as die siel begin invloei, verlig dit die organe en maak die siel as vermanende gewete bewus van die groot getal ongediertes van sonde, dan skrik die siel, wat deur `n beklemming in die hart en ook deur `n innerlike sametrekking van die bors in die omgewing van die maag geuiter word, en vra dan in hierdie nederige smart, wat deur ware berou bekragtig word, vir God in die gekruisigde liefde om genade en barmhartigheid, - en kyk, dan gewaar sy die gees en begin weer te roer in die blasie, waarheen hy onttrek het.

18] Dan word daar vir die mens, deur die barmhartigheidsliefde van God, die wette van Moses sterk in sy geheue deur ernstige vermaning opgeroep, van die eerste tot die laaste, en word die streng nakoming daarvan opgedra, sodat hy homself verneder en verloën tot in sy diepste innerlike, en dit met dieselfde rede as wat `n wasvrou die linne so lank deur die nougeplaasde rollers pers, sodat ook selfs die kleinste vuilisdeeltjies deur die aflopende water saamgeneem word, en wat so dikwels herhaal word as wat daar nog `n troebelheid in die water sigbaar is. Dan eers word die wasgoed onder

die strale van die son geplaas, om nog die laaste druppels vuilis deur verdamping te verwyder, sodat dit deur die skoon winde na alle kante toe vernietigend verwaai kan word.

19] En kyk, so is die wette van Moses uit God volgens die getal tien, wat `n getal van God is, en toon dat die mens eers moet glo wie Ek is, wanneer hy in ellende beland het, sodat hy dan vir My die hoogste agting moet hê, ja dat hy selfs glo dat hy skuldig is, uit die sewe dae die aangewese Sabbat te kies en dit te heilig in die rus as `n ware rusdag van die Heer, sodat hy kan leer om homself te verloën en steeds dieper en dieper in homself te kyk, om daardeur sy inwoners te erken en hom dan tot My te wend, sodat Ek hulle op die bogenoemde wyse kan vernietig en uitdryf uit die organe van sy siel.

20] En as hy homself so ver verneder het tot diep onder My groot mag en krag, kom dit nou neer op die was van die linne - daaronder moet verstaan word die stiptelike nakoming van die nog oorblywende sewe gebooie, waardeur hy homself tot ver onder sy gelyke moet verneder, en al sy bose begeertes moet gevange neem, en geheel en al sy eie wil moet breek en al sy begeertes en selfs die sagste wense van sy hart onderdanig moet maak aan My wil; dan sal Ek kom met die liefde en die blyplek van sy gees verwarm, soos `n hen haar ongebore kuikens. En kyk, dan word die gees, wat al vooraf begin te roer het, deur die warmte van die goddelike liefde van nuuts af weer uitgebore en stroom binnekort weer oor in alle dele van die gereinigde siel en slurp hy gretig die van buite af inwerkende barmhartigheidsliefde uit die gereinigde organe van die siel op, waardeur hy dan kragtiger en kragtiger word.

21] En wanneer die liefde van my barmhartigheid dan ingedring het in die diepte van sy hart, waar nog die buitengewone blasie van die goddelike oerliefde rus, dan ontkiem die rein goddelike blasie opnuut, waarin opgesluit was die groot heiligdom van die liefde van die ewige heilige Vader, aangeraak deur die liefde van die Seun, wie nou die siel verlossend gereinig het, - en stroom dan, intiem verenig met die siel, in groot duidelikheid, soortgelyk `n opgaande groot son, in die gees oor en sodoende ook in die siel en deur haar ook in die geheel afgestorwe vlees. Sodanig word die mens deur en deur lewendig, en hierdie totale lewendig wording is dan die opstanding van die vlees.

22] En wanneer alles nou deur die Vader deurdring is, dan word die Seun van die Vader opgeneem in die hemel, dit is in die hart van die Vader; maar die Seun neem die gees van die mens op, en die gees die siel, en die siel die liggaam, wat die reeds aan julle bekende senuweegees is, want die res is net ekskremente daarvan.

23] En wanneer die Vader nou, dit is die liefde van die Vader, oorheersend in die mens word, dan word dit lig in die mens, aangesien die Wysheid van die Vader nooit geskei is van Sy Liefde nie, - so word ook die mens vol van liefde, vol wysheid en mag en daardeur nou volledig wedergebore in alle liefde en wysheid. - Kyk nou, watter bemoeienis, lankmoedigheid en groot geduld dit My altyd kos, om uit duisende skaars een te kan verlos, en hoe dikwels word My moeite ook van so `n mens ontken, verag, gevloek en met die voete getrap, - en kyk, tog hou Ek nie op om voortdurend na julle te roep nie: Kom almal na My toe, die wat vermoeid en belaai is, Ek sal julle almal verkwik! -

24] Dit is moeilik om vir die dowes en blindes te preek, aangesien hulle hulself in volle maat in die ellende van die wêreld gedompel het en daardeur die aarde, wat hul vlees is, bevuil het met die vloekdrek van die stinkende hel, waarvan die stank `n ware pestilensie van die siel is, wat My noodsaak om gereeld `n sondvloed uit die hemele te laat reën, waaronder verstaan moet word die bitter werke van verlossing. En as die aarde dan weer daardeur die vloekbesoedelde van die siel skoongewas het, en as die poele en moerasse weer deur die winde van genade uitgedroog is, dan eers is daar weer `n moontlikheid om vir julle te preek oor die weë na die lewe uit My.

25] En terwyl Ek nou alreeds vir `n geruime tyd vir julle preek, volg dan My stem en keer terug na die stal van My lammers, sodat Ek julle kan lei as die alleen goeie herder op die weiveld van die lewe en julle vir My dan wol gee, so wit soos sneeu, en Ek vir julle `n kleed daaruit kan berei, wat julle kan versier tot in alle ewigheid. -

26] En aanskou nou verder die vervolg van hierdie My beantwoordbare boodskap en sien:

27] Wanneer `n boer `n klein boord het en sien dat die bome daarin `n klomp vreemde gewasse is, dan sal hy by homself dink; wat moet ek doen? Verwyder ek hulle uit die grond, sal my tuin leeg word, en sou ek ook ander in hulle plek sit, sal hulle aanvanklik ook net vreemde gewasse wees, en dalk nie so kragtig soos die wat reeds bestaan nie. Ek sal hierdie dus sorgvuldig reinig van al die kwaadaardige gewurm en hul neste, en wil en sal dan op die regte tyd edele takke soek van goeie bome en daarop inent. En so sal hierdie vreemde gewasse, wat andersins vars en kerngesond is, met die hulp van bo gewis nog almal regkom, en sal gewis eendag vir my baie en goeie, soet en edele vrugte bring. En kyk na die slim boer, wat gedoen het wat hy wyslik gedink het; hy verkry reeds binne `n paar jaar `n ryk, vreugdevolle oes.

28] En kyk, julle ouers is almal sulke boere, op wie se aardse of liggaamlike grond, deur die sorglose hoeragtige wyse met alle ontug van Sodom en Babel, baie vreemde gewasse van die hel ontstaan het. Daarom moet julle daarna met dubbele ywer hierdie struike reinig van al die duisende ongediertes, - wat daaruit bestaan, dat julle met die grootste sorgvuldigheid ag slaan op al die wense en begeertes wat almal uit die inwonende helgediertes hul oorsprong neem - en verdelg hulle almal op die ware, van My aan julle reeds duidelik aangewese wyse, en snoei ook van die begin af die nuttelose sytakke van die dikwels goed lykende, maar nog steeds die lewe van die stam verswakkende eiewil, dan sal julle binnekort `n gesonde en kragtige stam laat groei. En wanneer die tyd van inenting dan kom, wat die bekendmaking en inenting van die, uit My hoogste Liefde gegewe wette van Moses is, dan sal julle met toevoeging van My kragtige hulp gewis kan verwag, dat die vreemde gewasse wat op die wyse gereinig en sorgvuldig versorg is, My wil gewis kragtig sal gryp, nadat die eiewil volledig van hulle geneem is, en sal uit hulle binne `n kort tyd `n groot hoeveelheid van die mooiste en wonderbaarlikste vrugte van alle soorte voortkom, wanneer julle hulle daarby nog ywerig natlei met die water van die lewe, sodat hulle toppe binnekort reg op in die hemel ingroei, waardeur hulle geestelike gesigsveld salig wyer sal word, en hulle dus meer genadelig sal opsuig, wat in groot hoeveelhede bestendig uitstroom uit die genadeson, wat ontstaan het deur die daad van verlossing, uit welke lig en warmte die hele skepping eers nuut en uiteindelik volledig wedergebore kan word tot die ewige lewe.

29] Maar dit is die verlossing; dat jy die heilige Vader en die Liefde erken, wat - die hele wêreld versoenend en weer heiligend - aan die kruis gebloei het en selfs vir die misdadigers, deur die laaste steek van die spies in die hart van die ewige Liefde, die heilige poorte na die lig en die ewige lewe laat oopmaak het. En soos iemand daar sienend geword het en lewendig in die geloof en die liefde, so kan almal sienend en lewendig word in die geloof, wat die ware aandeel is van die verlossing, sodat die blasie van die ewige Liefde dan van nuuts af bevrug kan word deur die strale van die genadeson en ou Liefde van die Vader kan opgaan in julle, die deur die werke van die Seun in alle krag en mag van die allerheiligste Gees uit beide, in die rein liefde van julle wedergebore harte.

30a] Wat die daad van My verlossing in beginsel beteken en is, sê Ek vir julle:

30b] Vir eers is dit die allergrootste daad van die ewige Liefde, aangesien Ek die Allerhoogste, in alle volheid van My Liefde en in die oneindige volheid van My Godheid self mens, ja vir julle almal selfs `n broer geword het, die totale massa van sondes van die wêreld op My skouers geneem het en die aarde op die wyse gereinig het van die ou vloek van die onaantasbare heiligheid van God;

30c] Tweedens is dit die onderdanig-maak van die hel onder die krag van My Liefde, wat vroeër net in die mag van toorn van die Godheid gestaan het en sodoende afgesonder was van die invloed van My Liefde, maar wat die vreeslikste wapen is teen die hel, aangesien sy die mees teenoorgestelde daarvan is, waardeur die hel ook by die liefdevolle en aandagtige noem van My Naam `n hele oneindigheid teruggedryf word;

30d] En derdens is dit die oopmaak van die poorte van die hemel en die ewige lewe en die getroue aanwyser daarheen; want dit versoen julle, nie net met die heiligheid van God nie, maar dit wys vir julle hoe julle julleself voor die wêreld moet verneder, indien julle deur God verhef wil word. Verder wys dit vir julle om alle bespotting, lyding en kruis uit liefde vir My en julle broers te dra, met alle

geduld, sagmoedigheid en oorgawe van julle wil, - ja dit leer julle om julle vriende op julle hande te dra en julle vyande te seën met die goddelike Liefde in julle harte. -

31] Aangesien die wêreld dus niks anders is as net die suiwer buitevorm van die hel nie en die aarde, wat weer deur die verlossing geseën is, op hierdie wyse weereens tot die draer van die hel sou word, het die wêreld homself oor die aarde verhef en woon in hoë geboue in die glans van selfsugtigheid, van selfbedrog, van eieliefde, pragliefde, wellus, rykdom, suinigheid en woekergees en die algemene eienuttige heerssugtigheid. Maar sodat die aarde nie weer skandelik bevlek word nie, is sy gewas en geheilig deur die bloed van die ewige Liefde. En wanneer die slang ook êrens van sy afval wil ontslae raak, hetsy deur oorlog of deur regshandel, of deur roof, of deur ontug, hoerery, godverloëning en egbrekery, natuurlik en geestelik, - tree die verlossende sondvloed van die gekruisigde Liefde onmiddellik in werking, deur die opwekking van mans en sieners van God, wat dan weer die afval van die slang moet verwyder van die aarde, nadat hulle dit opgesoek het en in die skure van die wêreldgroottes gegooi het. Dan bewonder die wêreldhart sodanige skat, maar My kinders moet dan vir `n kort tyd swaar kry, aangesien die aarde vir daardie kort tyd onvrugbaar word. Maar wanneer hulle dan vlug onder My kruis en My stem hoor praat van die nuwe lewe deur die mond of die pen van My sieners en die droë aarde met ywer natgooi met water uit die fontein van Jakob, dan word die aarde gou weer geseën en dra vrugte van die allermooiste soort, - en hierdie vrugte is dan weer die aandeel van die groot werk van verlossing, wat volbring is aan die kruis.

32] Laastens moet Ek nog vir julle, naamlik die ouers, nog hierdie Vaderlike raad van My byvoeg, dat julle jul seuns beslis nie laat trou nie, en sou hulle ook in alle wêreldse aspekte onderhoudsvermoënd toegerus wees - hetsy in die amp of besittings, voordat hulle nie minstens halfpad wedergebore is nie, sodat hulle vrouens dan deur hulle geheilig kan word, om geseënde vrugte in die wêreld te bring, wat binnekort self maklik die seën van die hemel van `n hele groot generasie kan word, waardeur julle dan `n groot ryk, nes die van Abraham, in die hemele sal stig, waaroor julle vir ewig meer en meer bly sal word oor die steeds toenemende heerlikhede, wat voortgegaan het uit julle geseënde saad.

33] Maar gee julle dogters vir My seuns, wat uit My Liefde na julle toe kom en wat My erken in die wêreld, en wat hulle laat trek deur My Liefde en laat lei deur My wysheid, en aldag My stem gehoor het en hul oë gerig het op My hart. Daardeur sal julle vir My die seënende skoonvader van julle dogters maak. En Ek sê vir julle, aangesien julle My nou tot die naaste familielid gemaak het, kan julle maklik vir julleself dink dat Ek My skoonfamilie eendag nie ten gronde sal laat gaan nie; en wanneer Ek sê dat hulle in My huis sal woon en aan My huistafel sal eet en aldag gewis groot vreugde sal hê met die uiters mooi kleinkinders van My geliefde seuns en hulle deur hulle geseënde dogters, en wanneer hulle aan die Vaderhand gelei sal word in alle ryke in en daar My groot heerlikhede sal aanskou, - dan eers sal hulle verstaan wat dit beteken om My as skoonvader te gehad het!!!

34] Nou kyk, dit is `n volledige antwoord. Dit is nie geleerd nie, maar wat veel meer is, dit is uit die bron van die ewige Liefde en Wysheid van julle heilige goeie Vader, in alle ewige waarheid getrou gegee nes `n groot ligstroom, wat van `n groot son op die hoë oggend uitstraal, wat vir julle deur en deur lig sal gee, wanneer julle dit mettertyd heeltemal opgeneem het in julle nog taamlik onverhelderde harte, wat julle des te meer sal aanvoel, indien julle dit vergelyk met julle eie swak antwoorde - en gewis duidelik daaruit sal sien hoeveel julle nog tekort skiet, en hoe diep julle in julleself gedring het. -

35] Maar dan sê Ek nog vir julle, dat die antwoorde dieper is as julle harte; want Ek het dit aangepas vir die beter gedeelte van julle, en dit onbewus in julle harte geplaas. Julle sal eers die teken van waarheid van My antwoord vind, indien julle `n dieper betekenis in julle antwoord sal ontdek, as wat julle gedink het om versagtend by te voeg. - Maar dit sal vir julle `n besliste teken wees hoe diep Ek in julle en hoe vlak julle nog in my gedring het.

36] Kom daarom almal na My toe, wat beswaard en belaai is, want Ek wil julle almal verkwik en volmaak met My genade. Amen. Ek, die ewige Liefde en Wysheid, Amen, Amen, Amen. - - -

Die tyd van die drie diere uit Openbaring

GAWES UIT DIE HEMEL - BOEK 1 - Geopenbaar aan Jakob Lorber op 7 Junie 1841

00] Vraag: Wat beteken Openbaring van Johannes, hoofstuk 13, vers 15-18: "En dit was vir hom gegee, om vir die beeld van die dier die gees te gee, sodat die beeld van die dier selfs kon praat en bewerkstellig, dat hulle wat die beeld van die dier nie sou aanbid nie, doodgemaak sal word. En dit bring almal, die kleintjies en die grotes, die rykes en die armes, die vryes en die knegte daartoe, dat hy `n merk op hulle regterhand of hulle voorkop maak, sodat niemand kan koop of verkoop nie, wat nie die merk sal hê met die naam van die dier of die getal van sy naam nie. Hier toon die wysheid! Wie dit verstaan, bereken die getal van die dier, want dit is die getal van `n mens. En sy getal is 666."

01] Skryf net in My Naam, ek weet reeds waaraan julle tekortskiet!

02] Vir dinge wat ver is, is julle "verlengde oë" nie voldoende om dit te sien nie. Daarom kan julle nie voorwerpe op medium afstand sien nie, omdat hulle vir julle te naby is en daarom ook te min belangstelling vir julle bied.

03] Hierdie verse van Openbaring kan tog met die hande gegryp word, en julle is nie in staat om dit te verstaan nie! - Ja, hoe makliker iets is, hoe meer stompsinnig is julle! - Vra die volgende keer vir iets wat vir julle baie maklik lyk! Waarlik, daarmee sal julle sekerlik meer nederig word as deur hierdie vier uiters maklike verse! - Let nou op:

04] Eerstens word in hierdie hoofstuk van drie diere gepraat: Eerstens van die hoofdraak, tweedens van die dier met sewe koppe van tien horings elk, wat uit die see klim, en derdens van `n lamagtige dier met twee horings op die kop.

05] Wie die hoofdraak is sal julle tog sekerlik weet, nadat Ek vir julle reeds so dikwels, veral in die "Twaalf Ure", voldoende melding van My aartsvyand gemaak het.

06] Maar indien julle die tweede dier wil herken, wend dan julle oë na die nabygeleë eieliefde, en al die eienskappe daarvan sal vir julle bevestig word! - Dit klim uit die "meer" van alle selfsugtige begeertes en het "sewe koppe", wat beteken vir elke gebod van die naasteliefde `n afsonderlike kop met "tien horings", waarmee van die een sowel as die ander hoofde gelyktydig al tien gebooie (Moses) teëgegaan word. - `n "gekweste hoof" is die orals strafbare diefstal en roof. Maar is daar vir die dier skade daardeur berokken? O nee, want hierdie gekweste hoof is mos volkome genees deur al die politieke staats- en handelswette. En so leef die hele wêreld onder sulke wette en handel daarvolgens - en spot daardeur op `n daaglikse basis vir die lam en sy gebooie.

07] Die derde dier klim uit die aarde, lyk soos die "lam", maar het ook "twee horings". - Maar wat beteken dit? - Ek sê vir julle, dit is die allernaaste aan julle! - Dit is die industrie wat vir waterdier uiters ondersteunend is en ten slotte selfs verafgod word, en wat met sy twee horings die hoofgebod van die liefde reglynig teenstaan! - Dat dit so is, kyk net na Amerika en Engeland ens!

08] Maar hoe baie hierdie industrie juis deur die derde dier voorgestel word, kyk na die wrede kindermishandeling in die Engelse en Amerikaanse fabrieke, waar hulle dikwels vanaf vyfuur soggens tot nege-uur saans, deurgaans staande, byna halfnakend moet werk, en dit dikwels vanaf hulle agste lewensjaar. Daar word vir hulle geen onderrig gegee nie - behalwe dit wat vir hulle industriële slawe bestemming nodig is!

09] O, as julle net die wese van die industrie met My en deur My kon aanskou, dan sou julle sê: "O Vader, dit is mos die draak self!"

10] Oefen die derde dier nie alle geweld uit van die tweede dier, wie se wond op die kop genees is nie? En veroorsaak dit nie dat byna die hele aarde, dit wil sê, ten minste die hoofbewoners daarvan, die tweede gewonde dier ten volle aanbid nie? Word daar nie konings, vorste en ander (industriële) stigters en uitvinders aanbid en orals van gepraat nie!? Word daar nie in die hele wêreld monumente vir hulle opgerig nie? Produseer dit nie die grootste tekens en laat vuur van die hemel val nie, dit wil

sê, leer dit nie heel verstandig vir al die blinde mense, asof sulke fluksheid die eintlike wese van alle godsdiens is en vir God die mees waardige verering nie, indien nie die beste aanbidding nie?! - Is dit dan nie die baarste roof van die vuur van die hemel, om vir die mens te laat glo dat Ek ook deur gruweldade vereer mag word! (Maar dit sal nog net vir `n baie kort tyd aanhou!)

11] O, kyk net die verleiding van die aardbewoners! Die beeld van die dier met die swaardwond, deur alle politieke geregtigheid, is nou volkome lewendig! Die mense word genoodsaak om hierdie beeld met hulle bloed op te rig! En nou skitter dit en dit praat en gebied, maak dood en word aanbid deur alle wurms en spoeg-lekkers, wat daarom as "geleerdes" en "joernaliste" betitel word, en van nog `n groot aantal brommers (beurs-spekulante), wat van alles iets wil hê, om daardeur, sonder om te werk, iets te verdien.

12] Maar nou moet iemand dit net waag om hierdie dier nie te aanbid nie - dan sal hy binnekort uitvind watter uur vir hom, wêrelds gesien, aangebreek het!

13] Maar dit is die "gees" (of die "lewe") in die beeld van die dier, dat die eieliefde en die hebsug by al die wêreldgroottes die hoogste piek bereik het, dit is die volle getal 666, waarby die eieliefde gelyk is aan 600, die geroofde vuur van die hemel 60 (dit wil sê, om die goddelike gebod tienvoudig tot selfsugtigheid aan te wend!) en die naasteliefde gelyk aan 6 (dit wil sê, die mees volmaakte slawerny is geldig)! - In plaas daarvan om 1 vir honderd te gee, word honderd vir 1 geëis!

14] Kyk en begryp nou die betekenis van die "regterhand" en van die "voorkop", by die grotes en die kleintjies, rykes en armes, die wat vry is en die knegte! Is dit nie die heerssugtigheid, hetsy deur mag of wêreldverstand nie? – Sê My, kan iemand iets sonder daardie tekens vermag? Watter waarde het die mens sonder daardie teken vir die mens? - Waarlik, Ek sê vir julle, indien iemand van julle dogters het, sal hy hulle vir iemand wat "ongemerk" is gee, of sal hulle `n "ongemerkte" een aanneem? Kan iemand, indien hy nie `n teken het of `n amp van die dier verkry het nie, nog enige wêreldgeluk vind?!

15] Julle is self "gemerk" - behalwe My kneg, wie Ek tot nou toe nog met groot moeite ongemerk kon bewaar. Maar ek sê vir julle, indien Ek dit sou toelaat dat hy een van julle dogters sou vra, dan sal julle hom heel bedenklik aankyk en hom vriendelik aanraai om daarvan afstand te doen, aangesien dit nie van pas is, omdat hy nie "gemerk" is nie!

16] Indien julle dit alreeds met iemand sal doen vir wat ek, in die nag van nagte, vir julle as `n lig gegee het, wat sou julle dan doen, indien iemand anders wat "ongemerk" is, dit sou waag om so iets van julle te verlang? - Ek sê: Julle sou die dogter eerder lewendig toemessel - verstaan julle dit!

17] Ek is van mening dat die "gemerktheid" nou taamlik duidelik vir julle sal wees! Wie kan nou koop of verkoop sonder hierdie teken?

18] Maar die "42 maande" is byna verby, aangesien die gebooie van naasteliefde reeds 5 maal sewevoudig op die eieliefde aangewend is. Maar ek sê vir julle, probeer om die "teken" deur die vuur van My liefde te verdelg, dan sal julle die ware, innerlike lewe bereik!

19] Daarom is dit juis nou so moeilik, om na die innerlike lewe uit en in My te gelang, omdat die "teken" elkeen in die wêreld brand (dit wil sê, na die wêreld en sy oëverblindery dryf). Daarom moet julle vir julle van die wêreld van die dier laat losbrand deur My liefde, dan sal julle die lewe vind, nou en vir ewig!

20] Dit spreek die Heilige, die Grote, die Eerste en die Laaste. Amen, Amen, Amen!

Die ster in die ooste

GAWES UIT DIE HEMEL - BOEK 2 - Geopenbaar aan Jakob Lorber op 25 Julie 1842

00] (Lorber:) In "Die Huishouding van God" kan gelees word: ‘Reeds staan in die ooste `n ster, wat vir die Orion die baan sal breek (die weg sal baan) en die vuur van die groot hond sal hulle almal verteer!' (HG1,1,12). Wat is hier die ooste, wat is die ster, en wat is die Orion, wat is die vuur en wat is die groot hond? Wie is hulle wat deur die vuur van die groot hond verteer sal word?"

01] (Jesus) Die "ooste" is die innerlike, lewendige woord en daardeur die ware betekenis van die Heilige Skrif van die ou-, sowel as die nuwe verbond.

02] Die "ster" is die liefdeslig in hierdie woord self.

03] Die "Orion" is die liefde van God.

04] Die "vuur van die groot hond" beteken die groot getrouheid van hierdie liefde, omdat die hond `n teken van getrouheid is.

05] Maar hulle, "wat deur die vuur verteer" of tot skande gemaak sal word, is die wêreldmense.

06] Met ander woorde beteken bogenoemde sin dus niks anders nie as: Die liefdeslig van die nuwe woord sal vir die goddelike liefde die weg baan. En die getrouheid van hierdie liefde sal al die oortreders, al die ongelowiges en loues tot skande maak. Want die ooste is oop, en die ster van liefde staan reeds hoog!

07] Dit is die maklike betekenis van hierdie ietwat hoër geplaasde woorde. - Maar aangesien Ek dit nou nog meer onthul het, moet daar ook meer aandag aan gegee word! Amen.

08] Dit sê die groot "Orion" deur Sy "groot hond". - Amen. Amen.

VERDUIDELIKING VAN SKRIFGEDEELTES UIT DIE BYBEL EN GESKIEDKUNDIGE AGTERGROND TOT DIE ONSTAAN VAN DIE NUWE TESTAMENT

(Die Bybel verwysings is deur die uitgewer bygevoeg en was nie deel van die oorspronklike diktaat nie)

UITTREKSELS VAN "GAWES UIT DIE HEMEL - BOEK 3"

"Wees slim soos die slange maar sonder valsheid" ens. {mt.10,16-17;}

(GH3,352 - 22/3/1864 van 11:00 soggens tot 4:00 die namiddag)

01] Skryf wat oor die 16de en 17de vers uit die 10de hoofstuk van die Evangelie Matthéüs, waaroor daar reeds in die werk wat deur My aan Johannes gedikteer is, nie net eenmaal nie, maar verskeie kere melding gemaak is. Desnieteenstaande wil Ek nog `n nadere verduideliking daaroor gee vir julle.

02] Ek het dit reeds destyds vir die Apostels gesê, toe Ek hulle vir die eerste keer voor My uitgestuur het, en dit was in My eerste leerjaar, in welke tyd die mense in die algemeen nog min van My geweet het. Hier en daar in Galilea, in Samaria ook, maar in die omgewing van Jerusalem het die mense nog baie min van My af geweet, en wie ookal iets geweet het, het die saak, uit vrees vir die fariseërs, so geheim as moontlik vir homself gehou, en daarom het Ek vir die Apostels wat op kort kennisgewing vooruit gestuur is, gesê:

03] "Kyk, Ek stuur julle nou soos skape onder die wolwe; daarom wees slim soos slange, maar nogtans sonder valsheid soos duiwe. Wees op julle hoede voor sekere van die hoë wêreldmense, want dit is hulle wat sal poog om julle te vernietig. As julle in `n stad inkom waar julle sulke mense sal aantref, moet nie daar bly nie, maar vertrek dadelik en skud die stof van julle voete van sodanige stad; want as hulle vir My, die Heer vervolg, soos wat dit aan julle bekend is, hoeveel te meer sal hulle julle nie as engele van God groet nie. Wanneer Ek julle vir die tweede keer in die hele wêreld sal uitstuur, sal julle allerhande moontlike vervolging terwille van My Naam lei, en mense sal julle aan die gereg oorhandig. Moet net nooit hulle vrees wat wel die liggaam kan doodmaak, maar verder vir die siel geen skade kan toevoeg nie, en wanneer hulle julle in die howe wil ondervra, moet nie vrees hoe en wat julle sal antwoord nie; want die antwoord sal vir julle in die mond gelê word, waarteen die regters niks sal kan sê nie. Maar Ek sê dit vir julle, My woord sal nog lank nie al die mense bereik het, voordat

Ek weer onder julle sal tree en die volk, wat altyd gemoeid was om vir My en julle vyandig teë te staan, sal oordeel nie."

04a] Die profesie is, eerstens op die ondergang van Jerusalem gerig, en vir latere tye op alle van watter aard ookal heidendom van die hoer van Babel.

04b] Hier het die ietwat verskrikte dissipels, respektiewelik Apostels gevra, of hulle ook hierdie keer voor die howe van allerlei maghebbers gesleep sal word? En Ek sê vir hulle: "Hierdie keer sal julle min met die vyande van die lig te doen kry. Maar wanneer Ek eendag liggaamlik hierdie aarde verlaat het, dan sal julle ter wille van My Naam, vernaamlik van die Jode en hulle priesters, baie beproef word. Maar dink altyd daaraan dat Ek julle nooit alleen sal laat nie en julle vooraf die krag en mag sal laat toekom, om julle kragtig, in die hoogste noodgeval, teen My vyande te beskerm. En die wolwe, onder wie Ek julle sal stuur, sal Ek ook nou vir julle stuur, maar hulle sal egter min of niks aan julle kan doen nie, indien julle waaragtig in My Naam slim sal wees nes die slange, maar daarby sonder valsheid nes die duiwe. Julle sal op slange, skerpioene en salamanders loop, en hulle sal geen skade aan julle kan berokken nie, en wanneer iemand julle gif sal gee om te drink, dan sal dit geen uitwerking hê nie. Dit as julle troos! Vertrou altyd op My, en Ek sal julle ook nooit verlaat nie, maar in die gees by julle bly met al My Liefde, Wysheid, Mag en Krag, wat vir julle die grootste en mees effektiewe hulp sal wees teen elke vyand van watter aard ookal.

05] Daarop het My Apostels in pare in verskillende rigtings uitgegaan en My Naam gepreek en hoe die ryk van God baie naby na die mens gekom het. Maar in die omgewing van Jerusalem het hulle nie gekom nie; maar wel in die omgewing van Sidon, Tyrus en Joppe, Galilea en `n paar het selfs tot by Sirië geloop. Maar hierdie sending van hulle het nie al te lank geduur nie. Toe Ek op My eie in Kis by Kisjona aangekom het en daar na `n paar dae in die geselskap van hierdie vriend van My en verskeie van sy huisgenote op `n taamlik hoë berg geklim het, het Ek op die bekende wonderbaarlike wyse al twaalf My uitgestuurde Apostels, met behulp van My onsigbare helpers deur die lug op hierdie berg laat bring waarop Ek My bevind het, en het sommiges vir My laat vertel van hulle ervaringe. En kyk, hulle het My vertel dat hulle met alles goed gevaar het, maar net op een plek `n besete seun aangetref het, waar die bose geeste nie op hulle bevel wou reageer nie. Ook het hulle beswaar gemaak oor Johannes van Samaria, wat, soos reeds aan julle bekend is, op eie vrye aandrang My Naam en My boodskap wat in Samaria gehoor is, gepreek het, en ook wonderwerke in My Naam verrig het; en Ek het hulle toe gevra of hy vir My of teen My is? En hulle sê toe: Vir U, en Ek sê toe: Dan laat ons hom sy werk ongestoord doen.

06] Hierdie Johannes is juis dieselfde een wat My woord en My Naam later in Damaskus so suksesvol gepreek het, dat hy in daardie groot wêreldstad baie duisende tot My bekeer het, en dat Paulus, voormalige Saulus, wat nog in diens van die fariseërs gestaan het, genoodsaak was om met `n bende na Damaskus te trek, om ook daar die Christene op die mees wrede manier te vervolg.

07] Maar toe het Ek Self teen hom opgetree, soos julle weet, en hom sodanig verander dat hy reeds twee dae daarna een van My aller ywerigste apostels geword het, en met betrekking tot die uitbreiding van My boodskap, vernaamlik onder die heidene, baie meer en beslissend werksaam was, as al die ander apostels en hulle baie dissipels. Hulle het wel na baie van die bekende ryke op aarde getrek, maar het min verrig, selfs in die groot Juda, waar hulle vir twaalf jaar lank na My gemeentes gestig het. Maar hulle, soos ook diegene in Laodicea, Sardis, Tyrus, Smirna en vele ander gemeentes, het na `n kort tyd so ver van die grondbeginsels van My boodskap afgedwaal, dat Ek genoodsaak was om deur Johannes (die Evangelis) die meeste gemeentes in sy Openbaring as verwerplik voor te stel.

08] Petrus self, voordat hy nog van Jerusalem weggetrek het, waar hy spesifiek in die huis van Lasarus, of in die huis van Nikodemus, of by Josef van Arimathea gebly het, was genoodsaak om juis in Jerusalem `n sogenaamde gemeente vergadering te hou, waarin hy aan hierdie gemeentes geskryf het, wat hulle as deels Judeërs en deels Christene moes nakom, watter vergadering ook kortliks deur die Evangelis Lukas aangeraak word en min vrugte gedra het. Daaroor het Paulus weer vir Petrus skerp verwyt by `n samekoms, aangesien hy nog met die Judeërs volkome `n Judeër wou wees, en het op hulle doktrines, wat Ek opgehef het, te groot waarde geheg en daardeur vir die Judeërs wat

aan My geglo het, `n gewetensbeswaar gegee het; maar wanneer hy alleen onder die heidene was, oor die opgehefte gebruike en tradisies van die Judeërs gespot het.

09] Op grond hiervan het Ek later Self vir Petrus geroep, dat hy na die Romeinse opperhoof Cornelius moes gaan, omdat hy begeer het om homself en ook sy hele familie in My Naam te laat doop en hulle daardeur in staat te stel - deur My Gees, wat in hulle werksaam geword het, na My toe te kom. Petrus het gegaan en toe hy by die huis van Cornelius aangekom het, wat in die middel van `n groot tuin gestaan het, het hy baie honger geword en vir My gevra dat Ek hom vir die amp op hande, ook met betrekking tot die liggaam, moes versterk. En kyk, Ek het vir Petrus sigbaar `n engel uit die hemel gestuur, wat vir hom, in `n wit doek toegedraai, kos gebring het wat vir die Judeërs verbied was. Petrus sê toe daarop: Heer! Dit is dan alles onrein voedsel wat vir die Judeërs verbied is om te eet, hoe kan ek dit inneem? Maar Ek sê toe vir hom: "Wat Ek gereinig het, dit is ook vir die Judeërs rein; eet daarom en gaan dan heen en verrig dit wat aan jou opgedra is." Petrus eet toe die onrein kos en gaan toe na Cornelius, waar hy weer onwillig teen My geword het, omdat Ek die doop van Cornelius en sy familie intussen Self uitgevoer het, en Petrus hulle dus almal in besit van die heilige gees aangetref het. -

01] Vrae rakende My Opstanding en die Johannes Evangelie

{mt.28,01; mk.16,01; lk.24,01; joh.20,01} (GH3,356)

02] Eerstens het Ek reeds voorheen dikwels vir My apostels en dissipels gesê, dat Ek op die derde dag - en nie eers na die verloop van volle drie dae nie - uit eie krag sal opstaan, soos Ek ook die mag het, die lewe van die liggaam vrywillig af te staan, sodat die hele skepping tot saligheid kan kom. {mt.16,21; lk.24,46; hos.06,02; 1 kor.15,04}

03] Wat die verskillende variasies in die Evangelies betref, is hulle almal gegrond op dieselfde rede waarop ook die teenstrydighede berus, wat reeds aan julle verduidelik is. Alleenlik wat Johannes gesê het, is volkome waar. Dit sou net so volkome waar wees, wat die ander Evangeliste en Apostels oor die aangeleentheid gesê het. Rakende die egte Evangelie van Matthéüs weet julle reeds wat die omstandighede daarvan is; die pseudo-Evangelis Matthéüs was wel `n volkome eerlike, waarheidsoekende man en was vir twintig jaar lank hoogs ywerig met die navorsing van die waarheid wat daar gebeur het, , totdat hy sy Evangelie saamgestel het en begin het om te skryf. In daardie tyd was daar geen apostel van My in die hele Judea teenwoordig nie, alhoewel daar geen tekort aan ander getuies was nie. Maar soos dit by sulke geleenthede nou maar gebeur, het baie mense uit baie oorde wat Ek besoek het, verskeie dinge gehad om van My te vertel; gewoonlik net dit wat hulle self in hulle dorpe van My gesien, gehoor en beleef het. En so is dit ook begryplik dat dit vir l'Rabbas, net soos baie ander Evangeliste, selfs met die beste bedoelinge, onmoontlik was om oor alles wat Ek gedoen, geleer en aan Myself volbring het, volkome duidelik te bekom.

04a] Ja, sal `n mens hier vra: Waarom het Ek dan nie Self sulke mense meer helderheid gegee nie, sodat hulle dan in staat kon wees om slegs die volkome reine waarheid op perkament te bring? Maar Ek sê daarop dat Ek by baie eerlike mense, wat daarna gestreef het, ook nooit die lig weerhou het nie.

04b] Maar wat die reeds baie selfsugtige wêreld later uit sulke eerlike oorlewerings gemaak het, daarvoor kan Ek nie instaan nie, aangesien elke mens sy volkome vrye wil het. Dat Ek dit nooit aan sifting tekort laat kom het nie, toon die groot en klein vergaderings reeds in My tyd al vir julle, aan wie daar die taak gestel was deur My Gees, om die kruipende leuen van die waarheid te skei en dit te verwerp voor die hele gemeente. Alhoewel die onkruid vanuit alle oorde onder die koring gewoeker het, was dit vir hulle nie moontlik om dit geheel en al uit te roei nie.

04c] En so geskied ook in hierdie tyd, soos hier - en ook ander oorde - geweldige siftings, en die vyand van die waarheid sal nie meer in staat wees om iets teen hulle te vermag nie.

05] Daarom bou Ek nou indrukwekkende damme teen die vloed van die leuen, en stel die ware rots Petri op, wat die poorte van die hel nie sal oorwin nie.

06] Daar sal wel nog baie stryery en gevegte op hierdie aarde onder die mense voorkom, by welke stryery en gevegte die leuen voortdurend aan die korter ent sal trek, en dit totdat daar vir `n heel groot vrag hooi, wat net uit onkruid sal bestaan, geen mens ook maar net een duit meer daarvoor sal aanbied nie, en waar elkeen sy hoogste vreugde sal hê by die strale van die ware lig uit die hemele. -

07] Wat die geestelike verduideliking oor die wyse van My opstanding nog verder betref, dit is reeds lankal van My gegee, net so ook alles wat elke mens van die drie-enigheid moet opneem en verstaan. Wat die verwekking van Lasarus aanbetref, sal Ek gedurende die verloop van die verdere boodskap in die Johannes Evangelie daarvan praat en so ook oor sommige ander aspekte. -

08] "Van `n bepaalde geleerde kant word daar nou die bewering gemaak dat die Johannes Evangelie nie deur sy hand geskryf was nie. Natuurlik, solank as wat hy as Apostel saam met my rondgetrek het, het hy net gedeeltes, dit wil sê die mees gedenkwaardige gebeure aangeteken. Maar in sy sogenaamde ballingskap op die eiland Patmos (wat vir hom hoegenaamd geen verbanning was nie, omdat `n redelike en maghebbende Romein hom net beskerm het teen die vervolgingswoede van die Jode), kon hy in die kasteel, wat beskrywe is in die Groot Johannes Evangelie, en wat reeds aan julle bekend is van die Griek Cado, wat ook in Jerigo geleef het, ongehinderd sy Evangelie, aan die sy van Maria, in orde bring en het vir die nageslag net soveel daarin opgeteken, as wat vir hulle saligheid nodig is. Maar van al die ander dinge sê hy ten slotte, dat; "Ek nog baie ander dinge gedoen en geleer het, wat nie in hierdie boek geskrywe is nie, en sou iemand dit in boeke skryf, dan sou die wêreld sodanige inhoud (nog) nie verstaan nie". En met hierdie treffende opmerking het hy sy Evangelie afgesluit, juis presies in die tyd (70 na C), toe Jerusalem deur die Romeine vernietig is, waarna Johannes vir nog `n geruime tyd geleef het en sy gesigte onder die titel ‘Openbaring van Johannes' op perkament gebring het.{opb.01,09; jev08.171; joh.21,25; 70 n. Chr}

09] By hierdie geleentheid was hy dikwels deur `n besonder goeie vriend met die skrywery ondersteun, aangesien hy reeds oor die honderd jaar oud was. Daardie vriend van hom het ook die naam Johannes gedra, wat hy egter vir hom deur Johannes per geleentheid laat gee het, toe die Evangelis hom gedoop het en My Gees oor hom uitgegiet is. Want van geboorte af was hierdie Johannes `n Griek en het natuurlik ook `n heel ander naam gehad, waaraan daar weinig of niks vir ons geleë is nie, omdat hy deurgaans histories geen beroemdheid verwerf het nie, ofskoon hy een van die bediendes van die Griek Cado was.

10] Wie die tyd het en vermoënd is, kan hom vandag nog van die blyplek van Johannes in die suidooste van hierdie Asiatiese skiereiland oortuig, watter skiereiland egter in die tyd van die vloed van die seë byna heeltemal `n eiland geword het, aangesien dit net deur `n uiters smal rotsagtige landtong met die vasteland Asië verbind is.{opb.01,09}

11] En sodoende weet ons nou ook dit, hoe dit met Johannes in waarheid verloop het; hy is, hy was en bly My liefling, en wie volgens sy Evangelie lewe en handel, sal deur My - net soos hy beskou word.

12] Indien daar vir julle in die evangelies nog enige iets skynbaar teenstrydig gevind kan word, wend julle dan tot My daaroor, en Ek sal dit vir julle verduidelik, soos wat Ek dit tot nou toe verduidelik het. Maar Ek dink dat julle nie meer veel des aanstoot daarin sal vind nie; want baie is reeds in Johannes verduidelik, en dit wat vir al die geleerdes ter wêreld die meeste aanstoot gee, kan Ek nou vir julle verduidelik.

13] Maar Ek sal in hierdie tyd nog heel sonderlinge wêreldgeleerdes oor My laat lostrek. Ek vestig julle aandag daarop, sodat julle nie aan hulle skrifte moet aanstoot neem, wanneer julle hulle onder julle oë sal kry nie; want Ek laat dit toe, om `n einde aan die heidense priesterskap op alle kante te maak. Want indien hulle Salvator Mundi (Heiland van die wêreld, die uitg.) tot niet gemaak word, wat sal hulle self en hulle kerklike instellings dan wees? Ten slotte niks anders as betaalde graftegrawers; en by hulle sal dit dan geld: Laat die dooies die dooies begrawe, maar julle lewendiges volg My. Amen. - {mt.08,22; lk.09,60}

Verdere skrifverduidelikings

(GH3,359 - 1/4/1864)

00] Betreffende die drie opmerkings: die walvis van die profeet Jona; oor die mens sonder bruilofsklere by die feesmaaltyd wat deur My gegee was, en oor die vlugtende jongeling tydens My inhegtenisname by die Olyfberg in die tuin Getsemane. {jona.02,01; mt.22,11; mk.14,51}

01] Wat die "walvis" betref, is dit natuur-histories, sowel as geestelik korrek; want daar moet die een sowel as die ander een reg wees, aangesien daar sonder hierdie korrektheid of sonder die natuur-historiese basis daar geen geestelike betekenis sou wees nie.

02] Maar om die natuurlike deel te verstaan, moet `n mens weet dat daar in daardie tyd, spesifiek in die Middellandse See, `n soort reusevis bestaan het, wat van sommige, vernaamlik die Egiptenare, die naam "Leviatan" en by die ou Grieke ten tye van die bekende skrywer Herodot, die naam "Phalos" gehad het. Hierdie vissoort, waarvan daar ook in die boek Job gepraat word, het kort na die deurbreek van die see (by Gibraltar) verdwyn en is dan in die Atlantiese Oseaan deur geweldige seestrome na die suide gedryf, waar hulle grotendeels in die koue waters, nes ander groot vastelanddiere, ten volle tot niet gegaan het.

03] Hulle het ongelooflike groot bekke gehad, wat met net so `n groot maag deur `n wye opening verbind was - het geen tande, ook geen tong, maar in plek daarvan, nes die huidige noordwalvisse, `n groot aantal vinne gehad, wat by `n volkome uitgegroeide Phalos dikwels `n lengte van twee tot drie vame gehad het en wat vir die reusevis van nut was, soos die olifant se slurp. Met hierdie vinne het hulle die voedingsbuit gevang en onbeskadig in die groot maag gestoot, wat geen water, maar `n soort sap aan die binnewande uitgesweet het, wat na `n paar dae begin het om enige buit wat nog in daardie maag gelewe het, te verteer en dit mettertyd heeltemal te vernietig., Hierdie was ook `n soogdier, het lewendige kleintjies in die wêreld gebring en het nes die huidige noordelike walvis asemgehaal en moes dikwels op die oppervlakte van die see deurbring om nie te verstik nie. Om hierdie reusevis was `n groot aantal baie reusagtige haaie nodig, wat vroeër in die noordelike Middellandse geleef het, maar gedurende die deurbreek van die aan julle reeds bekende "deukaliese" (Duits: ‘deukalischen') landvernouing, waaruit dus die huidige see vernouing van Konstantinopel en die Dardanelle ontstaan het, in die teenswoordige Middellandse See ingeburger het. Hierdie indrukwekkende seesnoek het begin om sterk jag op die groot Phalos te maak, het hulle vinne afgebyt en ook die ander nie-onbeduidende uitgroeisels, waaronder spesifiek die groot borste, en so ook aan weerskante van hierdie borste, reusagtige swemvinne wat byna soos `n mens se hand gelyk het. Hierdie uitgroeisels kon die haaie goed as voeding gebruik, en die Phalosse het dan ook meer en meer op die vlug geslaan en het in die Middellandse See `n meer en meer seldsame verskynsel geword; en in Jona se tyd was daar skaars meer as `n paar honderd stuk in die genoemde see woonagtig. Jona, toe hy tydens `n baie onstuimige see oorboord gegooi is, was nog - deur My toelating - baie gelukkig om deur so `n Phalos verslind te word en daarop drie dae in sy maag deur te bring. - En Ek het verder toegelaat, dat juis hierdie Phalos, deur haaie vervolg, sy toevlug tot `n vlak Asiatiese oewer geneem het, en by die geleentheid van die kos in sy maag ontslae geraak het. Wat ook `n eienskap van hierdie reusagtige vis was, dat hulle op land gekruip het, wanneer hulle `n gevaar in die water bespeur het, of hulle kleintjies, wat gewoonlik op `n vlak seeoewer grootgemaak was, so te sê besoek en hulle met voedsel, hetsy uit hulle borste, of ook met nog lewendige buit, uit hulle mae voorsien. Want hulle het hulle kleintjies nie in die dieper water toegelaat, alvorens hulle nie `n sekere grootte, krag en sterkte bereik het nie. By sodanige geleentheid het ook ons Jona by die Asiatiese kus aangekom, toe hy deur die Phalos oor bogenoemde rede in die vlak oewer opgegooi is, het hy hom vinnig reggeruk, land toe gehardloop, waarheen die ou Phalos of een van sy vier kleintjies hom nie verder kon volg nie.{jona.02,01}

04] Nou is vir julle die natuurlike verloop van sake beskryf, soos wat dit in daardie tyd was, en nou ook sedert baie lang tye nie meer is nie.

05] In die voormalige museums, spesifiek in Alexandria, was daar nog oorblyfsels van ribbes van hierdie destydse reusevis, maar is gedurende latere tye, net soos die boeke, deur die Sarasene vernietig. `n Paar stukke bevind hulle egter vandag nog in Londen so ook in Parys, en dit word as ribbes van destydse uiters groot, hetsy land- of seediere, beskou, alhoewel meer uit die waterryk afkomstig, omdat hulle gewoonlik hier en daar in die sanderige omgewing in die nabyheid van die see gevind is. `n Hoofribbebeen van `n volgroeide Phalos het dikwels `n lengte van vyf tot sewe vame (1 vaam ongeveer gelyk aan 2m) en `n gewig van twintig tot dertig sentenaar gehad. Hierdie reuse vissoort het, soos gesê, nes die ander groot landdiere, totaal uitgesterf en het sedert drieduisend jaar nie meer voorgekom nie. `n Mens moet beslis nie die Phalos met die Leviatan, `n bepaalde see-ongedierte, verwar nie, en wat so nou en dan voorgekom het in die Atlantiese Oseaan, veral in die omgewing waar daar voor die algemene vloed `n eilandketting in `n taamlik reguit lyn gestrek het van Wes-Afrika tot by die oostelike punt van die teenswoordige Brasilië. Daar kom vandag nog groot en uitgestrekte sandbanke in daardie omgewing voor, en is dikwels gevaarlik vir kleiner skepe.

Hierdie see-ongedierte is beslis geen vis nie, maar net `n baie indrukwekkende seepoliep, wat uit die modderinhoud van die sandbanke wat in see teenwoordig is, nes die ander poliepe, ontwikkel en vir so lank op die bodem vassit, totdat hy deur een of ander ondersese seeuitbarsting aan die oppervlakte van die see gebring word en dan dikwels soos `n drywende klein eiland lyk.

06] Met die walvis in die Middellandse See van Bybel, wat moeilik geglo kan word, is ons nou klaar. Alle verdere dinge oor hierdie Profeet kan elkeen in die Bybel oplees.

Die mens sonder bruilofsklere

{mt.22,11} (GH3,362)

01b] En so gaan ons nou oor na die mens sonder bruilofsklere by die feesmaaltyd.

02] Die gasheer is natuurlik Ek self en die spyse van hierdie feesmaaltyd bestaan uit My boodskap. Die mense in die agterstrate en by die heinings is hulle wat My boodskap aangeneem en ook nagekom het, en daarom ook `n geestelike bruilofskleed dra.

03] Maar onder die een, wat geen bruilofsklere aangehad het nie, word verstaan die Jode en fariseërs, wat net My leerstellings gebruik het as `n rookskerm, dus nie om te verbeter nie, maar dat hulle vir My kon opspoor, om daaruit `n rede te formuleer, om vir My as `n misdadiger voor God en die menslike owerhede daar te stel en om dan wraak uit te oefen.

04] Maar Ek as die gasheer, het sulke spioene onmiddellik herken, met ander woorde: Ek het onmiddellik die skynheilige fariseërskap tot in hulle binnenste slegte wortel deursien en het hulle by elke geleentheid, waar hulle probeer het om by die feesmaaltyd in te sluip, vinnig laat gryp en in die buitenste duisternis van hulle hartnagte laat gooi.

05] Hoofsaaklik is hierdie beeld gemik op die vernietiging van Jerusalem en die uitstoot van die Jode onder al die volkere van die aarde, waar hulle tot op hierdie uur eerstens geen eie land, geen eie koning en dus ook geen eie tuiste het nie, en orals, waar hulle ookal bly, vervolg en verag word. Hierdie Jode stel dus al daardie mense voor, wat by My feesmaaltyd opgedaag het en geen bruilofsklere aangehad het nie. - En tweedens: Ook hy, wat figuurlik in die buitenste duisternis uitgestoot is, waar hy hom nog steeds tot op hede bevind, wel hier en daar poog om hom as `n Christen voor te doen, om by daardie geleentheid by die Christene aanvaarding te verkry om dus van hulle `n materiële voordeel te wen.

06] En soos die Jood hier leef en handel, so leef en handel sy siel in die hiernamaals ook; daarom dat die Jode in die hiernamaals ook lyk soos varke wat voortdurend in die modder van die aarde woel. Hulle vorm daarom in die hiernamaals ook `n heel eie groep, waarin iemand anders nie maklik toegelaat word nie, en by die Jode geld die getuienis wat Petrus vir hulle gegee het, wat sê: Die vark keer weer na sy moddergat terug waarin hy gewoel het, en `n hond na dit wat hy in `n te groot haas verslind en toe weer uitgebraak het. En volgens Paulus geld dit dat `n boom wat afgekap is, so sal bly

lê soos dit geval het, en sal dit dan verwerk of verbrand word of sal vir `n ander materiële doel gebruik word.

Die jongeling wat vlug sonder klere en die vernietiging van Jerusalem deur die Romeine

{mk.14,51-52} (GH3,363)

01] Aangesien ons nou weet hoe ons die bruilofgas aan My tafel moet verstaan, sal ons nog aandag skenk aan die jongeling wat gevlug het toe Ek in hegtenis geneem is in die tuin Getsemane.

02] Hierdie voorval word ook net baie kortliks deur die Evangelis Markus aangeraak, maar kon ook sonder enige skade uit sy Evangelie uitgelaat gewees het, aangesien dit byna geen morele waarde het nie.

03] Maar om hierdie werklike feit en sy oorsaak beter te verstaan, moet `n mens weet dat daar in My tyd `n sekere groep jong mense `n bende gevorm het, wat enersyds die fariseërdom verag het en geweet het hoe om hulle wonderwerke, deur middel van oëverblindery, getrou na te maak en dikwels in sekere van hulle kringe, gelyke produksies gemaak het, waardeur hulle die fariseërs baie belaglik laat lyk het, en andersyds by die Romeine, wat dit verwelkom het, guns gewen het en daardeur geheime beskerming geniet het, om die geveinsery en wonderwerkery van die fariseërs, veral voor die Romeine en Grieke, belaglik te laat lyk.

04] Die jongeling het ook aan so `n klub behoort, en het My verskeie kere in Jerusalem hoor praat, gehou by My boodskap en het `n besonder ernstige welgevalle in My dade gevind, en nie met sy kollegas, wat ook deur allerlei middele probeer het om My wonderwerke na te aap, wou saamstem nie. Hierdie jongeling het hulle daaroor berispe en het vir hulle daarop gewys, dat My leerstellings en My dade van `n heel ander gees afkomstig is as die van die dom en blinde fariseërs. Maar sy kollegas het vir hom daaroor uitgelag en het by verskeie geleenthede vir hom gesê: Indien die Galilese wonderwerker nie ook onder `n besondere beskerming van die Romeine gestaan het nie, dan sal hy die Tempel se wraak net so min ontduik as ons, indien die Romeine en Grieke nie vir ons sou beskerm nie. En sien, die jongeling het nou baie daarop ag geslaan, totdat Ek weer na Jerusalem sou kom, om te sien, wat daar met My sou gebeur volgens die Tempel se geswore wraak teenoor My. Toe Ek nou, op die tyd wat aan julle bekend is, na Jerusalem toe kom, deur My eie toelating verraai en gevange geneem is en aan die streng gereg oorhandig was, toe was die jongelingsklub ook teenwoordig, alhoewel op `n afstand, en toe hulle agterkom wat daar met My sou gebeur, toe het sommige ook vir die jongeling wat van My gehou het, gaan haal, en wat in `n huis in die nabyheid besig was om te slaap, het hom nader gesleep om hom te wys hoe hulle voorspelling en bewering oor My werklikheid geword het. Toe die jongeling, wat in alle haas net `n linnedoek van sy bed om die lyf gehang het, sien wat met My gebeur, en van mening was, dat sy kollegas ook vir hom aan die Jode wou uitlewer om gestraf te word, het hy homself losgeruk, en het gehardloop, so vinnig as wat hy kon, en het vir sy kollegas weggekruip, van wie hy van mening was, dat hulle hom sou vervolg, maar wat hulle, ter wille van hulle eie heil, nie gedoen en ook nie maklik sou gedoen het nie.

05] Daar het julle die eintlike, met die hande maklik tasbare rede vir hierdie verskynsel, waarvan die Evangelis melding gemaak het, maar wat eintlik niks sê nie behalwe net dit, dat hierdie jongeling deels uit vrees vir sy kollegas, maar grotendeels uit vrees vir die oorgroot wraaksug van die fariseërs sy heil op vlug gesoek het; maar later, toe hy nuus van My Opstanding gekry het, weer `n vaste aanhanger van My boodskap geword het, egter nie in Jerusalem gebly het nie, maar na die Esseners oorgeloop het, vir wie hy die nuus wat daar met My gebeur het, in die eerste persoon oorgedra het.

06] Daaroor het hulle self bodes na Jerusalem gestuur, wat deeglike kennis moes opdoen wat daar met My gebeur het. Hulle het die nuus ook gou gehoor, aangesien Jerusalem nie te ver was van die half-Arabiese omgewing van die huidige Suez nie, en kon met `n matige stappie binne drie dae afgelê kon word.

07] Toe die Esseners volgens hierdie weg die volle bevestiging daarvan ontvang het, het hulle ook nie een sekonde lank gehuiwer om hierdie boodskap aan die Romeinse Opperhoof Cyrenius in Tyrus oor te dra nie, by welke missie ons jongeling ook teenwoordig was. Cyrenius het die hele geselskap goed ontvang en het die jongeling as deel van sy bediendes agtergehou, wat vir die ou grysaard baie vertel het wat hy self van My gesien en gehoor het.

08] Dit het vir Cyrenius en later ook sy broer Cornelius, met die bitterste wraak teen alle Joodse priesterskap vervul, sodat al twee `n eed geneem het om alles wat moontlik is te doen om hierdie misdaad teen My aan alle aartsJode op die mees onverbiddelike manier te vergeld.

09] Pilatus, die landsopsigter in Jerusalem, het daardeur ook binnekort die consilium abeundi gekry, durf nie eers heeltemal na Rome terugkeer nie, maar moes sy tuiste in die nabyheid van die huidige Napels, en dit in `n grot nie ver vanaf die vernietigde Pompeji oprig, waar `n gang wat in `n rots gekap is, nog steeds vandag met die opskrif: "Behuising van Pontius Pilatus" gevind kan word. In `n taamlike diep spleet wat in die rots ingekap is, en wat toegemessel aangetref is, was verskeie geskrifte wat op My betrekking gehad het en is teenswoordig in `n biblioteek in Napels, maar is skaars bruikbaar, omdat dit in `n halfverkoolde toestand aangetref is.

10] Dit was dus die eerste wraak van Cyrenius, wat hy op Pilatus geneem het. Die tweede was op Kajafas, toe hy na `n bepaalde tyd die hoëpriesterskap moes neerlê en dit aan iemand anders moes afstaan, aangesien `n hoëpriester die amp slegs vir drie jaar kon beklee. Al hierdie Kajafas se besittings rondom Jerusalem was al reeds gedurende `n paar jaar weggeneem en is aan die Romeine verkoop; en hy moes later sy toevlug aan die grens van die Arabiese woestyn soek en het daar ellendig aan sy einde gekom.

11] Wat die ander fariseërs betref, hulle is onder streng toesig van die nuwe landsopsigter geplaas, waar hy hulle ook nie gespaar het nie; en dit was vir hom des te meer aangenaam, omdat hy uit die bekende familie Agricola afkomstig was, en het ook hierdie naam as sy handtekening gebruik, ofskoon sy naam Antonius was.

12] Dat hierdie nuwe landsopsigter geweet het om ook vir Herodus Antipas alle denkbare knuppels onder die voete te gooi, was bewys deurdat hy binne `n kort tyd baie Romeine en Grieke na Palestina gelok het, waardeur die inkomste van Herodes baie ingeperk is, en hy ten einde genoodsaak was om sy laaste tydperk in `n sterk kasteel langs die Middellandse See deur te bring, omdat hy nie meer veilig in Jerusalem gevoel het nie.

13] Ondergeskik aan die landsopsigter was die bekende hoofman Pelagius, wat oor verskeie stede in die Aurangebergtes regeer het, wat vir die landsopsigter met alle hulpmiddele tot beskikking gestaan het, en nog meer die hoof Cornelius, wat oor die hele Galilea en `n groot deel van Sirië tot by Damaskus geheers het. En die twee broers Cyrenius en Cornelius sou hulle wraak nog meer vrye teuels gegee het, as Ek nie persoonlik, kort na My opstanding, aan hulle verskyn het en hulle daarvan weerhou het nie, omdat Ek vir hulle haarfyn voorspel het dat hulle voornemens vir Jerusalem en die hele beloofde land reeds binne veertig jaar in vervulling sou gaan, en dit ook deur die mag van die Romeine.

14] Soos met die twee genoemde Romeine, het Ek aan baie mense na My opstanding verskyn en het hulle weerhou van te streng wraakgedagtes teenoor die Jode en fariseërs. Sou Ek dit nie gedoen het nie, dan sou daar binne `n kort tyd na My kruisiging `n bloedbad in hierdie land ontstaan het soos wat die mensdom nog nooit gesien het nie.

15] Die sekere jongeling egter, wat Ek by Cyrenius aangetref het, het Ek geseën en het hom deel laat word van My Gees, en hy was daarbenewens ook `n flukse dissipel in My Naam, het weer na die Esseners gegaan en het My boodskap daarvandaan oor `n groot deel van Noord-Afrika versprei, was gekenmerk deur `n besonder liefdevolle lewenswyse en het baie tekens in My Naam gedoen. {mk.14,51-52}

16] Die eienaardige van hom was dat hy geen persoonlike naam wou aanneem nie. Sy titel was: "Mees onwaardige kneg van die allerhoogswaardige God-Meester." By tye het hy hom ook die naam

"Kneg van knegte" gegee, watter titel ook die ou sogenaamde kerkvaders wat van Kartago na Rome oorgetrek het en soos na hulle ook deels die pouse gedra het, maar volgens daad nooit nagekom het nie. Markus het dit wel geweet, maar het nie verder daarvan melding gemaak nie, want hy het volstaan daarby, dat hy hierdie jongeling bloot genoem het, soos wat hy op vlug geslaan het.

17] Wat julle verder van hierdie jongeling wou weet, het hy (Markus) mondelings oorgedra; daarom ook verskeie mondelingse oorlewerings daaroor, naamlik wie hierdie jongeling was, wat veral algemeen in die Roomse kerk vertel was, daaronder was die allerdomste een en is deels nog so, waarvolgens gepoog was om van die jongeling die Apostel Johannes te maak. En nou weet julle ook van hierdie Jongeling die waarheid en die belangrikste. Wees tevrede met alles in My Naam. Amen.

Die Evangelis Lukas

(GH3,376 - 7/4/1864)

01] Ek ken jou volgende vier punte waaroor jy meer wil weet, en dus sal Ek ook baie kortliks iets daaroor sê.

02] Wat die Evangelis Lukas betref, het Ek by verskeie geleenthede al dit en dat gesê.

03] Wat sy Evangelie betref, is dit `n versameling van dade van hom, wat deur sy navorsing in en om Jerusalem oor My en My dade en leerstellings deur verskillende mense aan hom oorgedra is. Hyself het dit daarna volgens sy manier georden en in hoofstukke en verse ingeklee, waarby hy hom natuurlik nie aan die getal hoofstukke en verse van `n ander evangelis kon bind nie; daarom dat sommiges by hom in `n heel ander hoofstuk en vers voorkom, as by `n ander evangelis, wat elkeen van julle maklik kan insien deur die aangewese parallelle plekke met mekaar te vergelyk. {lk.01,01-03; lk.01,03}

04] Wat sy persoonlikheid betref, was hy `n grafiese kunstenaar en tekenaar (ontwerper), met welke produkte van sy hande hy die wewers, doek- en tapytmakers kon voorsien; ook die tekeninge van die Joodse serpe en gordyne was dikwels van sy hand afkomstig. Daarbenewens was hy ook `n skriftekenaar en ook skrywer (kalligraaf), spesifiek indien iemand iets volkome mooi en gelykmatig geskryf wou hê, het Grieks, Latyns en Hebreeus verstaan en gepraat en kon in nood ook in ander tale kommunikeer wat algemeen rondom Judea voorgekom het.

06] Boonop was hy, soos wat daar baie mense is en was, `n y werige nuusversamelaar en het dus alles besonders uitgevind wat in My tyd gebeur het en waarvan baie onder die mense gepraat en ophef gemaak is. Hy het sy vreugde daaraan beleef wanneer hy aan die baie nuuskierige mense, waarmee hy verkeer het, buitengewone nuus kon vertel, waarby hy deurgaans nie `n eklektikus was nie, maar vir hom was die naaste en beste reg, indien dit net die skyn van iets buitengewoon gehad het.

07] Aan die begin het by sy verhale ook baie dinge, veral waar werklike feite ontbreek het, op sy eie grond en bodem laat groei.

08] Eers gedurende die tyd toe die Apostel Paulus My woord hier en daar in Griekeland gepreek het, is hy deur sy vriend Theohpilus, wat ook in Griekeland gewoon het, ernstig opdrag gegee, om betroubare inligting oor My bymekaar te maak, dit dan op te teken en vir hom te stuur. Hy, Theophilus, het oor die sekere Nasarener, van die kant van die Jode sowel van die Grieke, uiteenlopende dinge gehoor, waaroor hy nie duidelikheid kon kry nie, oor wat nou werklik besonder was aan hierdie mens. Die vraag was of hy `n boaardse wese of net `n ervare mens was wat veelvoudige wysheid uit boeke opgedoen het. {lk.01,03; han.01,01}

09] Toe Lukas hierdie brief in Jerusalem in sy hande gehou het, het hy die saak meer ernstiger opgeneem en het hy navraag gedoen oor alles, wat veral my persoon en My boodskap betref, maar het ook, wat hy opgeskryf het, nie maklik uit die mond van My werklike dissipels verneem nie, maar meestal van ander mense wat van My en My boodskap gehou het, wat My nog deels persoonlik geken het, maar wat grotendeels van My dissipels inligting oor My ontvang het. Want tussen My

bestaan as mens op hierdie aarde en die voltooiing van die Lukas Evangelie het vyf-en-dertig jaar verloop (dus anno 68), na watter tyd hy dit eers vir sy vriend Theophilus in Griekeland kon stuur; watter Evangelie hierdie Theophilus dan met sy eie aantekeninge vergelyk het. {lk.01,03}

10] "Maar hoe dit met sy Evangelie gesteld was, was dit nog meer so met sy apostelgeskiedenis, wat hy ook op aandrang van sy vriend Theophilus op perkament gebring het, en dit eers aan die einde van sy leeftyd, dus gedurende `n tyd waar daar nie meer een enkele oorspronklike apostel of dissipel van My in Jerusalem teenwoordig was nie. {han.01,01-02}

11] Ook die apostelgeskiedenis het in die hande van sy vriend sommige veranderinge ondergaan, en selfs die data van hom wat in die Judea bymekaargemaak was, was dikwels versinsels van sulke dissipels en verspreiders van My woord, wat dikwels sonder innerlike beroep hulleself as sulke mense voorgestel het, en elkeen van hulle het alles beter geweet.

12] So het dit dan ook gebeur, dat daar in die Evangelie van Lukas, en nog meer in sy daaropvolgende apostelgeskiedenis, versinsels en oordrywings voorgekom het, waarvan My werklike apostels en dissipels min of niks geweet het nie; want hulle was nie baie in Jerusalem tuis nie en was meer in Galilea, Samaria en in die ander verder afgeleë streke van Jerusalem werksaam.

13] Indien julle dit nou weet, dan sal julle ook insien dat die bepaalde aardbewing en die duisternis tydens My dood aan die kruis, die oopgaande grafte in die vallei Josefat, My Hemelvaart op twee teenstrydige berge, so ook die bepaalde stuur van die heilige gees, grotendeels die resultaat van die fantasie van My verskillende destydse luisteraars en aanhangers was en selfs moet wees, aangesien die mees betroubare van alle Evangeliste (Johannes), wat nog by elke belangrike geleentheid teenwoordig was, geen melding daarvan gemaak het nie. Ook sê Lukas nie of hy self by die uitstorting van die Heilige Gees teenwoordig was of nie! {mt.27,52; mt.27,45; mk.15,33; lk.23,44-45; mt.27,52-53; mt.28,16; mk.16,19; lk.24,50-51; han.01,09-10; han.02,04}

14] Sy Evangelie en sy Apostelgeskiedenis was by die groot kerkvergadering in Nicea ook naby daaraan om as apokrief verklaar te word. Maar die Westerse biskoppe was daarteen gekant, en sodoende was ook alles wat deur Lukas geskryf was, as outentiek verklaar, en hierdie Lukas bestaan dus vandag nog onder die getal van die mees geloofwaardige Evangeliste, en daar word tot op hierdie uur meer ophef van hom gemaak as van Johannes.

15] Maar alles wat onwaar is sal mettertyd self verdwyn, en as dit nie sal gebeur nie, dan sal daar beswaarlik ooit `n tyd kom waarvan Johannes gesê het dat daar een herder en een trop sal wees. {joh.10,16}

16] Trouens lê daar ook in hierdie episodes, soos wat Ek reeds gesê het, iets wat geestelik goed en waar is. Maar in die natuurlike werklikheidsfeer is dit natuurlik niks beter as die beelde van die hoë lied van Salomo nie, waarvolgens die Dogter van Sion `n vorm sou hê, waaraan `n mens net die geringste welgevalle sal vind, maar inwendig sien dit dan in die gees heel anders daar uit."

17] "Waarom moes Ek dan tydens My dood die son heeltemal duister maak, en dit vir volle drie ure? En as dit die geval sou gewees het, dan moes die son ook in Indië, Sjina, Japan, Amerika ens. nie lig gegee het nie, wat die skrifkundiges van daardie volkere sekerlik sou opgeteken het. So weet ook selfs die Romeinse geskiedenisskrywers niks van so `n gebeurtenis nie. Die saak moes dus net vir Jerusalem gegeld het, dat alle aanwesige mense deur My toelating vir drie ure lank blind geword het, en slegs Johannes moes sy sig behou het, omdat hy geen melding van so `n sonsverduistering maak nie." {mt.27,45; mk.15,33; lk.23,44}

18] "Maar soos wat dit met die sonsverduistering gesteld is, so is dit ook met My sigbare Hemelvaart vanaf hierdie wêreld; want waar sou so `n hemel moet wees waarheen Ek opgevaar het?! Of waarheen moes die Alomteenwoordige vaar, om vir die mense daardeur aan te toon waar hy nou eintlik tuis is?! Ek dink tog dat Ek orals in die hele oneindigheid gemaklik tuis sal wees, aangesien Ek in alles en iets die oerlewende en behoudende beginsel is, en sonder My nêrens iets is en bestaan nie! Sodoende is die hemel orals waar My liefde en wysheid heers, en in die starre materie bestaan dit wat deur die mag van die oordeel van My wil uitgaan en die skynbare ewige dood; en daarom sê dit

ook, die hemel is My troon, en die aarde, deur die totale materie daargestel, die bankie onder my voete. Nou sal niemand tog vir hom wil voorstel dat die ruimtelike eindelose hemel niks anders voorstel as My sittroon nie, en sodat Ek tydens die sit nie moet moeg word nie, die aarde as bankie onder My voete geplaas het!" {mt.27,45; lk.23,44; mk.15,33 mt.28,16; mk.16,19; lk.24,50-51; han.01,09-10b; mt.05,35; han.07,49}

19] Ja, daar bestaan wel in die ryk van die suiwer geeste `n geestelike son, waarin Ek saam met die wat Myne is persoonlik woon; hierdie son is ruimtelik orals vir al daardie engele en geeste sigbaar wat My deur die liefde in hulle harte besit. Vir die ander is sy egter ook nêrens sigbaar nie en kan nie gevind word nie, al sou hulle haar ook in die hele oneindige ruimte probeer soek en probeer vind; want by hulle waarvan die hart blind is, is hulle geestelike sig ook blind, en hulle sien van die geestelike son nog minder as wat `n stokblinde mens op hierdie aarde niks van die natuurlike son kan sien nie.

20] Maar Ek is deur hierdie (geestelike) son orals teenwoordig en kan ook My verskyning maak en (persoonlik) werksaam wees, wanneer en waar Ek wil, en hoef My met niemand vooraf te beraadslaag nie, hetsy in die wêreld van die geeste en nog minder in die wêreld van die materie; - alle salige engele en geeste vra egter by My raad, indien hulle `n groot daad in My Naam wil volbring.

21] Wat hulle gewone werksaamhede in My ryk aanbetref, vind hulle die instruksies voortdurend in hulle hemelse wonings. Maar hoe dit kyk, daaroor het julle al `n boodskap in die ‘Geestelike Son' ontvang.

22] Wat die geestelike sy van ons Evangelis Lukas betref, was hy vol ywer vir My saak, en dit sou goed gewees het indien hy met sy ywerigheid `n paar kerwe dieper op die saak ingegaan het. Hy was, is en bly egter `n flukse werktuig van My liefde- en genadebetoning tydens sy lewe sowel as vir die huidige tyd, want hy was beter vertroud met die geskrifte van die vorige verbond as enige hoogdrawende skrifgeleerde uit die Tempel wat met die neus in die lug geloop het en kon daarom ook maklik My dade, waaroor hy inligting ontvang het, as waar beoordeel en kon hy dit ook vir die ander, wat hom daaroor gevra het, verduidelik.

23] Moet julle dus nie kwel oor hierdie man as gevolg van sommige van die foute wat in sy geskrifte voorkom nie; want eerstens was nie hy die eintlike skepper daarvan nie, maar dit was eerder sy opvolger proeflesers, waarvan Ek vir julle `n hele dosyn kon opnoem. En tweedens was hy, veral in sy later jare, vol van `n goeie wil en erns om vir die nageslag die meeste suiwerheid in sy geskrifte agter te laat. Hy kan egter nie daarvoor instaan wat die latere gemeentevoorsitters van hom gemaak het nie. Hulle het onkruid onder sy koring gesaai, wat met die koring grootgeword het. Hulle het baie goed geweet hoe om die koring vir hulle skure te versamel, maar die onkruid het hulle benut as voer vir hulle volgelinge en hulle gebruik dit nog. Hierdie volgelinge bestaan nou nie uit My lammers en skape nie, maar uit esels, osse, varke en ander dom diere, wat met sydissels en dorings tevrede is. Kom ons laat hulle vir eers by daardie kos; wanneer dit op `n tyd vir hulle ernstig walglik word, dan sal hulle self na ander kos kom soek, waarmee hulle verander sal word, en waar hulle ook met wol van opregte skape in My skaapkraal opgeneem kan word, waar daar dan net een ware herder en een regte trop - met die regte kos voorsien - sal wees.

24] Met nou weet julle vooraf wat julle van Lukas moet behou, alles verder sal nog by die beloofde geleentheid aan julle meegedeel word. Amen."

25] "Ja, My liewe Kneg, die op die een oor dowe beer het jou na `n indrukwekkende evangeliese teenstrydigheid gelei, waarop jy vroeër vanaf jou kinderdae, ten spyte daarvan dat jy die Nuwe Testament herhaaldelik deurgelees het, nie afgekom het nie. Ek self sou vir jou in die vervolg daarop gewys het. Maar beter is dit vir jou en ook vir baie ander, dat hierdie saak reeds nou aan die daglig gekom het, dat elkeen kan erken en insien, dat Ek nou in die gees ten volle waarneembaar op hierdie aarde gekom het, om die laaste werkers vir My wingerd te werf en op te neem. En hierdie arbeiders is juis daardie wêreldverstandige en wêreldwyse filosowe, wat so pas in hierdie tyd vol erns die moeite doen om vir My, soos wat Ek tans onder die sogenaamde Christelike sektes bestaan, heeltemal uit te roei en te verdelg tesame met daardie evangeliste, wat dit eers twee- tot driehonderd jaar na My geword het deur die heidense en Joodse intriges, wat hulle nou nog is.

26] Die blinde mensdom, wat niks beproef en nog nooit iets beproef het nie, glo gedeeltelik nou nog aan sodanige grotendeels heillose konkelwerk in My Naam." (d.i. as die suiwer Woord van God)

27] "Ek wil daarom nie vir Lukas, Markus of Matthéüs oordeel nie; want hulle het ten minste in hulle tyd die moeite gedoen - uit die leerstellings van My wat reeds baie vervorminge ondergaan het, - om die suiwerste en beste uit te soek. Maar wat die materiële feite betref, het hulle dit gedeeltelik self uitgedink, en grotendeels moes hulle dan nog ten slotte iets daaruit neem, wat hulle by monde van sulke mense verneem het, wat sonder om te skroom, voorbarig voorgegee het dat hulle oog- en oorgetuies van dit en dat was. Daarop het hulle dit met plekke uit die ou profete wat aan hulle bekend was, vergelyk en het die ooreenstemming gekry met wat hulle geskryf het, en dit was sodoende die kriteria vir die waarheid wat hulle neergeskryf het, en dit was daarom afgehandel en geldig.

28] Indien die Evangelies so sou gebly het, sou dit stukke beter gewees het as wat dit nou is; want in hierdie Evangelies het veels te min wonderbaarlikhede, grusaamhede en skrikwekkende vir die mensdom gestaan, waarom mense dit later noodsaaklik geag het, veral onder die Jodechristene, Grieke en Romeine, reeds `n honderd jaar voor die groot kerkvergadering in Nicea (325, die uitg.), baie byvoegings te maak vir al daardie dinge wat sterk na wonderbaarlikheid geruik het, en wat `n ongelooflike sterk strafregtelike aansig gehad het, om van My die Saligmaker van die mensdom, wat vir die mens met niks so na aan die hart gelê het as die liefde en waarheid nie, presies die teenoorgestelde te maak.

29] Ek het nog nooit teen die regte wetenskap van die mense geywer nie, maar het by baie geleenthede die mense oor baie dinge Self onderrig, waarin hulle vroeër in volle onwetendheid en blindheid gestaan het, daarom dat die bedrieglike fariseërs My ook die meeste gehaat het, omdat Ek die volk in alles onderrig het, waarin die fariseërs vroeër die grootste moeite gedoen het om die volk, waar moontlik, dom te maak, om hulle duistere doelwitte te behaal. En hulle het dit ook werklik sover gebring, dat, toe `n hoëpriester Annas of ook Kajafas, die volk tot groter offerbereidwilligheid wou beweeg het, in die Tempel met grimmige stem uitgeroep het dat daar in die spruit Kidron vir drie dae niks anders as bloed sal vloei nie en dat die son vir `n hele dag nie sal skyn nie, die volk sulke onsin geglo het, en uit vrees vir so `n straf in hulle kamers weggekruip het, en wanneer die straftyd verby was, vol vrees, angs en bewerasie die Kidron gaan besigtig het of daar nog bloed was wat gevloei het; en as die Kidron sy natuurlike water gehad het, dan het die volk niks meer ywerig te doen gehad as om swaar offers na die Tempel te bring en het dit voor die Priesters se voete gelê.

30] Die son het natuurlik ook op so `n dag geskyn, en in die spruit Kidron het geen druppel bloed gevloei nie, waarvan die verstandige Jode hulleself oortuig het en wou ook die armsalige en te bygelowige Jode onderrig, maar in die meeste gevalle sonder sukses; want hulle het in hulle verbeelding en vrees bloed sien vloei en ook die son nie sien skyn vir `n hele dag lank nie.

31] En soos wat die volk hulleself gedurende alle tye in die blindste bygelowigheid bevind het, so is dit ook vandag nog. Julle kan vir sulke mense die mees absurde sprokiesverhale vertel, en hulle sal dit glo, en wanneer hulle dit aan hulle bure oorvertel, dan sal hulle nog baie daarby aanlas, en dit ook in wonderbaarlikhede omskep, indien hulle meen dat daar te min wonderbaarlikhede van die kant van die eerste storieverteller voorgekom het. Maar met enige waarheid kan daar niks met hulle uitgerig word nie.

32] Daarom was dit ook in My tyd uiters moeilik om die eintlik verstokte Jode tot erkenning van die waarheid te bring; daar moes eers `n wonderwerk plaasvind om hulle uit hul slaap wakker te skud, sodat hulle dan self begin het om `n bietjie na te dink, wat Ek tog met dit of dat sou gesê het.

33] Maar Ek het al verskeie kere in My tyd vir die Apostels gesê, dat hulle met die verspreiding van My boodskap, minder van My wonderwerke en baie meer van die innerlike waarheidsdiepte van My boodskap moet spreek en preek.

34] Net die enigste, Johannes, het getrou by hierdie riglyn gebly, al die ander baie minder. Hulle het baie eerder met die wonderwerke begin en dan eers van die ryk van God en die innerlike waarheid gepraat, wanneer die luisteraars al vooraf deur die wonderwerke vasgevang was.

35] Die verslawing om wonderwerke te vertel, het dan sodanig van een desennium tot die ander toegeneem, dat `n groot aantal van deels geskrewe en nog meer tradisionele evangelies sodanig vermeerder het, dat geen mens meer daaruit kon wys word nie.

36] "Lukas, so ook pseudo-evangelis Matthéüs (L'Rabbas), het nie baie lank na My begin om hulle evangelies op te teken nie, maar het nog steeds ten opsigte van sommige dinge so deurmekaar geraak, dat die grootste teenstrydighede ten opsigte van verskeie baie belangrike dinge na vore moes kom.

37] Van toets was in daar in elk geval geen sprake nie; want elke Evangelis het sy spesifieke lesers en luisteraars gehad, en was min gepla oor `n ander evangelis, en die evangeliste self het ook net by dit gehou wat hulle neergeskryf het, en het onder andere `n groot vreugde daaroor gehad wat die een of die ander een (alleen) in sy evangelie gehad het.

28] So was L'Rabbas dan ook min of gladnie bekommerd oor die besnydenis van Jesus in die Tempel op die agste dag nie, en so ook nie oor die drie wyse manne uit die ooste nie, nie oor die vlug na Egipte en die wrede kindermoord deur Herodes in Betlehem nie. L'Rabbas (pseudo Matthéüs) het so `n boodskap in Tyrus en Sidon ontvang en ook op sy manier opgeteken. Maar aangesien hy self, ten minste voorheen, meer `n heiden was as Jood, was hy ook nie baie bekommerd oor die besnydenis van die Jesuskind nie, en op die manier kom een van die merkwaardigste teenstrydighede tussen die twee Evangeliste na vore, terwyl hulle in baie ander gedeeltes, behalwe vir die plek- en tydaanwysing, met mekaar harmonieer. {lk.02,21; mt.02,01-12; mt.02,13-23; mt.02,16-18}

29] Volgens Lukas bestaan daar `n volledig besnede Jesus volgens alle Joodse wette en gebruike, wat in Betlehem in `n skaapkraal gebore was en net deur die herders gegroet was, nie die besoek van die drie wyse manne uit die ooste gekry het nie, en nie nodig gehad het om Egipte toe te vlug nie, maar in stede daarvan heel gemaklik na Nasaret teruggekeer, om daar, sonder enige vervolging van die kant van Herodes af, sy twaalfde lewensjaar af te wag en wat toe met sy ouers `n reis na Jerusalem onderneem het. {lk.02,21; lk.02,07; mt.02,11; lk.02,15-17; mt.02,01-12; mt.02,13-23; lk.02,39; lk.02,41-52}

30] By Matthéüs sien ons hoe Jesus in `n ordentlike huis in die wêreld gekom het, was nie deur die herders gegroet nie, maar in stede daarvan besoek deur die drie wyse manne uit die ooste - waarvan Lukas in sy Evangelie nie eers gedroom het nie, ook nie van die vlug voor Herodes na Egipte en ook nie van die terugtog van Jesus uit Egipte na Galilea onder die koning Archelaus nie -, maar in stede daarvan het Matthéüs van die besnydenis van Jesus in die Tempel na agt dae, en van sommige ander dinge, wat daar gebeur het, niks gedroom nie, en so het julle volgens die skrif van hierdie twee Evangeliste `n besnede Jood-Christen en `n onbesnede heiden-Christen! {lk.02,07; mt.02,11; lk.02,15-17; mt.02,01-12; mt.02,13-23; mt.02,22; lk.02,12-39}

31] Na die twaalfde lewensjaar van Jesus begin die twee Evangeliste weer ooreen te stem, behalwe vir sommige minder belangrike bysake {lk.02,41-52}

32] Nou vra elkeen vir homself: Wie van die twee Evangeliste het nou by die waarheid gebly? En die antwoord daarop lui: Eintlik niemand nie! Want elkeen het net daarvan melding gemaak, waarvan hy hoor praat het. In Jerusalem het niemand dit, uit vrees vir die straf, gewaag om van die oormatige wreedheid van Herodes te praat nie; in Sidon en Tyrus egter, in die destydse Colesirië, was Herodes meer as die dood gehaat en was sy wreedhede nie verswyg nie, en so ook nie die redes wat aanleiding daartoe gegee het nie.

33] Met dieselfde maatstaf sou julle by `n noukeurige deurlees van die twee Evangelies nog op sommige ander beduidende teenstrydighede en ongelykhede afkom, maar wat nog steeds tot `n sekere mate uitgestryk en gekorrigeer kon word soos die Joods besnede en heidens onbesnede Jesus.

34] Daarom moet, juis in hierdie tyd, die oue en meer nog, die nuwe onsin wat met My in teenstryd is, volledig uit die Evangelies uitgewis word, en selfs Ek daarmee saam, sodat die enigste en blywend ware Evangelie van Johannes in sy volle lig kan tree.

35] Want elkeen sal dit maklik verstaan en begryp, dat Ek onder die gesigspunt van hierdie vier Evangelies soos dit nou bestaan, en so ook sommige briewe van Paulus en die ander Apostels - op die lange duur nie meer kan bestaan nie, omdat elke teenstrydigheid daarin vir My voor die geleerdes van die wêreld Self tot `n teenstrydigheid maak - net soos by die huidige Christensektes, waarvan elke sekte ook sy eie Christus het, wat hom die vryheid veroorloof om elke ander Christus van `n ander sekte kruis en dwars te verdoem.

36] Wie dit nie wil glo nie, moet tog net kyk na die katolieke oorloop vereistes, byvoorbeeld wanneer `n Protestant na die Katolieke Kerk wil oorgaan. Lees dit, en jy sal jou van wedersydse Christus verdoeming kan oortuig, want in die laasgenoemde moet die oorloper sy nog Protestantse ouers, sy geboorte met alles en elkeen en ook al sy Protestantse geloofsdinge tot in die diepste afgrond van die hel verdoem; dan eers word hy in die gemeenskap van die gelowiges van Rome onder allerlei seremonies opgeneem. En so is dit meestal tussen die hoofsektes; hoe moet daar eendag een herder en een trop tot stand kom, waar die sekte-Christusse selfs erger vir mekaar kwaad is as die mees verskeurende en wildste diere van die woude?

36] Daarom, dit alles moet weg, en daarvoor het Ek alreeds die werkers in My wingerd gewerf, en hulle werk ywerig en fluks (as kritici van die Evangelies ens.) en daar sal binnekort nog baie na hulle toe kom, wat nog meer ywerig, fluks en doeltreffend sal werk, sodat Ek dan in waarheid na die mense toe kan kom, as ware Christus en God van Ewigheid, en nie soos nou nie waar Ek volgens die goedkeuring van elke sekte heeltemal niks anders het om te doen as om voortdurend te oordeel en te verdoem nie, en net diegene in die hemel gelukkig en salig kan maak wat van hulle sektevoorsitters en plaasvervangers van God as waardig en bevoeg daartoe bevind word! - -

37] Wie byvoorbeeld in die genade van sodanige voorsitter val, oor al die uitstaande offergawes, moet hom dan - volgens hulle leerstellings - ook in My genade bevind! Julle kan nou self insien dat sulke heillose onsin, waarvolgens Ek nou reeds eenmaal as weerlig aan die firmament opgegaan het, in die vervolg, ten spyte van alle konkordate, nie meer houbaar is nie. Daarom sal ons vir die wetenskap sy speelruimte laat; want dit is nou `n doeltreffende vee-instrument om die uitskot uit die wêreld te verwyder, en gelyktydig `n kragtige reus Herkules, wat geweet het hoe om die groot stal Augias van mis te reinig, wat as `n goeie fabel van die oeroue heidense tydperk - nog in hierdie tyd goed gebruik kan word. Dit wat nou vir julle gewys en gegee is, moet julle goed oordink, en laat julle daardeur verlig; want dit is vir julle gegee deur My, die alleen ware Christus, en nie van `n pseudo-Christus, vir wie die waarheid `n verdoemende afskuwelikheid is nie. Amen.

Geskiedkundige oorsig oor die ontstaan van die Nuwe Testament

(GH3,397 - 25/4/1864 van 11:00 soggens tot 1:00 die middag)

01] "Ek het vir jou reeds gister op `n hele aantal ander kleiner teenstrydighede gewys, wat in die drie Evangelies van Matthéüs, Lukas en Markus voorkom, en Ek wil nog party ander onder jou aandag bring, wat in latere tye, nie net onder die drie bekende Evangeliste nie, maar ook by verre onder die groot aantal ander, Joodse sowel as heidense verspreiders van My leerstellings, wat ook evangeliste genoem was, in die verskeie gemeentes so ingewortel was, dat skaars 30 jaar na My - weens die verskillende uitsprake in die geskrifte oor My - letterlik oorloë en ander vegtery ontstaan het, waar daar onder andere gedurende Nero se tyd in Rome, tussen die baie Joodchristene en die heidenchristene, volgens Paulus, sulke vyandighede uitgebreek het dat Nero genoodsaak was om die groot en oorwegende aantal Joodchristene in Rome, saam met `n groot gedeelte van die stad waar hulle gewoon het, te vernietig, en selfs nie daardie Romeine gespaar wat die banier van die Joodchristene, so te sê as kenteken, openlik vertoon en gedra het nie.

02a] Maar ook hierdie grusame vervolging van die Joodchristene van die kant van Nero het weinig vrug gedra; want onder die latere opvolgers van hierdie Keiser het die Jode weer geweet hoe om hulleself in Rome in te smokkel en het van Rome `n tweede Jerusalem gemaak, net soos die Grieke van Konstantinopel. En soos wat dit gebeur het, en veral die Romeinse Jerusalem (Rome) steeds magtiger geword het, het hulle deels uit die Jood-evangelies, deels met die aanname van die ou

Jerusalemse Tempelgebruike en ook met die van die Romeinse heidene, naamlik wat die Romeinse pontifikaat betref, hulle rituele gevorm.

02b] Die Romeine was daarvolgens in besit van alle moontlike Jode-evangelies, so ook die ou Joodse geskrifte en ook die heiden-evangelies, en het sogenaamde kerkvaders aangewys wat die hooffabrikante van die Roomse dogma was, maar wat dikwels lynreg teenoorgesteld aan die Griekse evangelies was, en dit des te makliker en des te meer, omdat die Romeinse owerhede niks meer ywerig te doen gehad het as om sy sendelinge na die Grieke toe te stuur, wat na driehonderd jaar, (325 na Christus) onder die gelowiges sulke verwarring tot stand gebring het dat baie van die Grieke weer begin het om heidense altare en tempels op te rig en daarin (in die tempels) vir die godin Minerva, vir god Apollo, vir Jupiter en vir Ceres hulle offers te bring.

03a] "Keiser Konstantyn, wat self `n ywerig Christen was, het besluit om perke aan hierdie onsin te stel, deur in die stad Nicea, as die hoofsetel van die verskeie geloofsmenings, `n groot kerkvergadering (325 na Christus) byeen te roep, waartoe ook die Hoofbiskop van Rome genooi was. Hyself was die voorsitter en het vir hulle op die nadelige gevolge gewys wat in die jongste tyd uit die groot geloofsverskeidenheid oor Christus gespruit het.

03b] Hy het `n volledige sifting van al die geskrewe evangelies vir hulle voorgestel, en nog meer van die tradisionele evangelies en het gesê: "Dat `n mens van al die baie heel teenstrydige evangelies net een enkele een, naamlik dit van Johannes, moet gebruik, sodat die Christene eenstemmigheid in geloof kon bereik en nie meer mekaar weens geloofsverskille soos die wilde diere vervolg nie, en dat die heidene eerder nie na hulle ou heidendom moes terugkeer nie, en nie moes bly by sulke leerstellings, waarvan `n mens by die beste kennis en wil nêrens meer iets wat waar en reg is in ervaring kon bring nie.

04] Want indien daar enigsins `n stigter van die Christelike leerstellings was, dan moes dit net een gewees het, wat ook net een boodskap aan die mense oorgedra het, en hierdie een boodskap moes een betekenis en een gees besit het. Maar so bestaan daar lankal reeds `n groot aantal mond tot mond oorlewerings van verskillende evangelies, waar elkeen van sy eie Christus praat, wat net rakelings met die ander christusse ooreenstem.

05] Al die baie evangelies, behalwe een, wat waarskynlik die oudste is, moes volledig verwerp word. En as dit nie deur die biskoppe goedgekeur sal word nie, dan sal hy homself heeltemal afwend van die Christendom en die heidendom weer orals in sy groot ryk laat oprig, wat op sy eie - ten spyte van die baie gode - aansienlik meer eensgesindheid teweeggebring het as die versplinterde Christendom." -

06] "Toe het die Griekse biskoppe aan hom voorgestel dat die name Matthéüs, Markus en Lukas ook aan die ou Christendom behoort, en nie iewers dubbeld of meervoudig onder dieselfde evangelistenaam verskyn nie. En die Keiser het daartoe ingewillig, onderhewig aan die voorwaarde dat `n mens ook die boodskap van die heidense Apostel Paulus daarby in aanmerking moet bring en daarmee al die ander evangelies te vee. Hy is daarop gewys dat, Paulus met sy leerstellings, ook nie altyd dieselfde gebly het nie, omdat hy aan die heidene heel ander briewe geskryf het, en aan die Jode weer ander, wat in betekenis en gees nie heeltemal dieselfde was nie. En Konstantyn sê toe dat dit nie saak maak nie; want Paulus het tog die meeste deur woorde en dade bewys dat hy geen valse Christus preek nie, maar net Die', wie se gees hom voor Damaskus wonderbaarlik in die amp van `n Apostel geplaas het.

07] "Na meer as dertig jaar van beoordeling is alles tog uiteindelik verwerp, buiten die vier nog teenswoordig behoue Evangelies, saam met die Apostelgeskiedenis van Lukas, die briewe van Paulus en sommige briewe van `n paar ou Apostels van Christus, insluitende die Openbaring van Johannes; en dit is alles ordelik in `n boek geskryf en is, volgens die twee briewe van Paulus aan die Hebreërs, "Die Nuwe Testament"! genoem, wat dan deur al die biskoppe aangeneem was. In latere jare daarna is dit egter weer sodanig hervorm dat die Evangelis Johannes na die agtergrond geskuif is en daar aan Matthéüs, Lukas en Markus voorrang gegee is; daar is ook, met betrekking tot die hoofstukke en verse, klein veranderinge gemaak en orals bepaal op watter feesdae die een of die

ander Evangelie vir die volk voorgedra moes word (sogenaamde perikope indeling, die Duitse Uitg.), wat vandag nog deur die Grieke en ook sommige ander Christelike sektes gebruik word."

08] "Maar Rome het, ten spyte daarvan, nog steeds sy eie indeling gemaak en later vir die volk `n verkorte uittreksel-evangelie vir Son- en feesdae gefabriseer. Die hele Evangelie, sowel as die ou boeke van die Jode, was egter vir die volk ten strengste verbode om te lees en oortreders van hierdie gebod was selfs met die dood gestraf.

09a] Op hierdie wyse het die teenswoordige 'Nuwe Testament' dus ontstaan en dit is mettertyd so deur die Christene voor die jaar dertienhonderd (1300) aangeneem.

09b] Maar veral deur die Romeinse biskoppe was daar nog allerlei veranderinge en, onder andere, eiemagtige toevoegings gemaak in die Romeinse Vulgata, wat veral deur die eksegese afkomstig van die Romeinse kerkvaders gesien en erken kan word, en enige ietwat helderdenkende mens kan vinnig agterkom watter gees se kinders dit is.

10]Veral die toegevoegde leerstelling wat daarin voorkom, waarvolgens die siele van afgestorwenes tot op die jongste (laaste) dag moet slaap, welke leerstelling met die Griekse uitdrukking, "sieleslaap" aangedui word. Hierdie leerstelling het net solank behoue gebly, totdat `n pous die vandag nog bestaande Roomse misoffer ingevoer het en daarby met alle grootdoenery vir die Roomse Christene verduidelik het dat dit, as `n nie-bloedige offer, dieselfde krag en mag het as die destydse bloedige offer van Christus aan die kruis, en dat Christus Homself op `n wonderbaarlike wyse, vir die ware Christengelowiges van die Roomse kerk, voortdurend aan Sy Vader opoffer, en dat `n opreg gelowige Christen, wat sodanige offer tot sy heiliging sal laat lees, in ruil vir `n klein wêreldse offer, onmiddellik na die dood van die liggaam, sonder `n lang sieleslaap deur Christus opgewek sal word en tot ewige geluksaligheid beroep sal word. En indien die Christen nie heel volmaak is nie, dan kan hy meer sulke offers gee, en hy sal daardeur die ewige verdoeming ontgaan, en sal in die hiernamaals, na `n kort suiweringsperiode in die sogenaamde vagevuur, nog steeds in die hemel kan kom."

11] Dus sou die behoud van die dogma van die sieleslaap, en die nuut uitgedinkte misoffer nie winsgewend wees nie, en het dit mettertyd self gaan slaap, so ook die uiters belaglike dogma, wat in alle erns bepaal het dat God egter net `n geringe deel van die mense vir die hemel, maar die grootste deel vir die hel geskep het!

12] Hierdie twee dom leerstellings is mettertyd uiteindelik in geheel opgehef (in die Roomse kerk), maar in ruil daarvoor is die bekende vyf kerkgebooie en etlike nuutkragtige sakramente ingevoer, wat Ek nie vir julle hoef te noem nie, aangesien elkeen dit self maklik kan raaksien.

13] Ofskoon, op streng aanbeveling van die Keiser Konstantyn, die Christelike leerstellings aansienlik daardeur vereenvoudig is, het daar nog steeds baie vullis in oorvloed agtergebly, ten spyte van die dikwels toegelate en voorgenome siftings, waarvan elkeen `n bepaalde sekte-afstigting tot gevolg gehad het, waardeur daar dan weer verskeie Christusse ontstaan het, wat tot op hierdie uur mekaar se hare as aartsvyande trek.

14] Daarom moet die laaste en grootste sifting nou plaasvind, en - soos reeds vroeër genoem - heet hierdie siftingsmasjien: "Die Wetenskap". Die Christusse wat mekaar vyandiggesind is, moet uit, saam met hulle aanhangsels, sodat die EEN Christus waarvan Johannes gespreek het, onder die mense kan verskyn en woning neem.

15] Dit sal `n harde en moeilike geveg meebring, waarvoor die ware aanhangers van Christus nie hoef te vrees nie; want hulle sal in alles veelvoudig versterk word, waaruit daar dan ook vir die ander, tot nou toe minder gelowiges, `n lig sal opgaan wat hulle nie in staat sal wees om te blus nie.

16] En Ek, die Heer, wat dit al destyds, deur die mond van Johannes, vir julle gespreek het, sal die aarde beproef op alle plekke en punte, met allerlei oordele en kalamiteite soos geweldige oorloë, hoë pryse en hongersnood, allerlei pestilensies onder mense en diere, groot aardbewings en ander aardstorms, groot oorstromings en ook verskeie vure. Maar diegene wat aan My behoort, sal Ek in My groot liefde behou, en hulle sal geen tekort hê nie.

17] Wie nou sal poog om My met hierdie My tweede koms (as die reine waarheid) hoe en waar ookal te vervolg, vir hom sal Ek van die aarde af verdelg.

18] Maar wat die ander teenstrydighede in die vier behoue Evangelies betref, hulle sal vanself in die Johannes-werk verdwyn, en Ek sal in die plek daarvan, soos gesê, ten slotte nog `n eie aanhangsel toevoeg, waardeur alles wat nie korrek is nie, volledig en deeglik herken sal word.

19] En dus wees voorlopig tevrede met dit wat Ek julle gegee het, en werk fluks aan die lewendige studie van Johannes, want daarin sal julle nog `n oorvloed van lig bekom.

20] As iemand nog iets het wat hy wil weet, dan kan hy vra, en ek sal bereid wees om `n kort en helder lig vir hom te gee daaroor!

Verdere teksverklarings

(GH3,234 - 18/5/1847)

Baie is geroep, maar min is uitverkies {mt.22,14}

01] Hierdie plek in die Evangelie word - soos geen ander nie - totaal verkeerd verstaan deur alle Christelike geloofsrigtings, want byna almal is van mening, en by die Roomse word dit selfs van alle preekkansels af verkondig, dat net die bietjie uitverkorenes in die hemel sal kom, en al die ander, die baie wat geroep is, sal beslis na die, net so verkeerd vertolkte jongste oordeelsdag, reguit hel toe gaan en dit vir ewig! -

02] Maar sodat hierdie sin in die Evangelie deeglik verstaan kan word, sal Ek vir julle `n beeld gee soos wat dit eintlik in gees en in waarheid verstaan moet word. Luister dus na die beeld wat as volg lui:

Gelykenis van die koninklike feesmaal

{mt.22,08-14; lk.14,16-24}

03] In die ooste was daar `n groot, magtige en wyse koning. Sy ryk was groot en baie volkere het voor sy septer gebuig. Hierdie koning het op `n dag self besluit om die veelvoudige vaardighede van sy onderdane van naderby te leer ken, deur `n uiters groot feesmaal te hou, waarheen alle huisvaders, saam met hulle oudste seuns en dogters, genooi was, sodat die koning die mees wyse en geesryke seuns kon kies uit die baie wat genooi was vir sy baie uiteenlopende hof- en staatsdiens en om die dogters - indien hulle baie mooi en goed geleerd was - as vrouens en geselskapdames te kies.

04] Toe die onderdane van hierdie uitnodiging verneem het, was hulle heimlik ontsteld, aangesien hulle gedink het dat dit net `n slinkse voorwendsel van die magtige koning was om hulle almal na sy paleis te nooi en wanneer hulle daar is, hulle dan almal dood te maak, sodat hy hom kon verlustig aan die bloed van sy onderdane. - Daarom het elkeen `n verskoning aangebied en nie een van die genooide gaste het by die koninklike paleis opgedaag nie. Toe die koning agterkom oor watter heimlike rede die baie genooide gaste dit nie gewaag het om sy feesmaal by te woon nie, sê hy toe vir die boodskappers: "Wat moet ek nou doen? Kyk, die groot feesmaal is voorberei, wie moet dit eet? Ek sien egter baie nuuskieriges in die agterbuurte en op die strate en baie wat op die heinings klim en daar wag en oppas, om te kyk wat ek met die genooide en by die feesmaal aankomende gaste sal doen. Gaan dus met groot mag na die heinings, agterbuurte en strate en wie julle ookal daar aantref, bring hom in, sodat my groot maaltyd geëet kan word. Moet ook nie kyk na betaamlike klere nie, vir `n bruilof geklee of nie, dit maak nou nie meer saak nie; want nou gaan dit veral daaroor dat die maaltyd opgeëet moet word, sodat dit nie moet sleg word nie. Wanneer dit afgehandel is; dan eers sal ons ondersoek instel watter gaste by my feesmaal was en of hulle almal waardig was om aan hierdie tafel van my deel te neem."

05] Toe die gaste dit van die koning verneem het, het hulle baie bly geword en het die groot goedheid en wysheid van die koning geprys. Toe die werklik vele gaste dus jubel, was daar ook `n mislike skaap

van `n gas onder hulle. - Terwyl al die ander gejubel het en vrolik was en vir die groot koning "Hosanna" toegejuig het - het hy begin om die koning te skel en het so `n eenvoudige eiewillige verwerdiging van die koning teenoor sy volk vervloek. {mt.22,11}

06] Die koning het hierdie een onmiddellik laat gryp en na hom toe laat bring. Toe hierdie enigste belediger, geklee in vieslike ou klere en lappe, voor die koning gestaan het, het die koning hom verbitterd gevra: "Ellendige belediger, wat my groot goedheid en liefde vir my volk vervloek het, hoe het jy met sulke onwaardige klere in my koninklike kamers gekom? Ek weet tog dat jy my goedheid en wysheid nog altyd teengestaan het! Jy het nog nooit bruilofsklere voor my gedra nie. Daarom, gryp hom, julle getroue diensknegte van my, en gooi hom in die donkerste kerker, waar hy sal ween en geweldig sal kners op sy tande!" {mt.22,12; mt.22,13}

07] Kyk, daar word net gepraat van hierdie een, en dat hy in die kerker gegooi was, maar nie die genooides nie. By hulle word net hulle wêreldse onverstandigheid, en nie hulle boosheid, berispe nie. Maar net die enkele mislike skaap kom hier as geoordeel voor. Leer daarom nou deur hierdie beeld wat die regte innerlike betekenis van bogenoemde Skrifgedeelte is en moet dus daarom nie net die uitverkore nie, maar ook die wat geroep is, as waardig vir My ryk beskou . Amen. Amen. Amen. {mt.22,14}

08a] Die land in die ooste beteken hier die ryk van God, wat die regte ryk van die lewe of die ewige lewe in homself is.

08b] Die koning is Ekself, die Heer en Skepper van alle wesens en dinge van ewigheid.

08c] Die groot feesmaal is My menswording (in Jesus Christus) en die daarmee verbonde groot verlossingswerk, tot watter deelname baie, ja uiters baie geroep is en veral die hoofstamme van Israel, maar wat soos bekend, nog nie tot op hierdie uur wou verskyn nie, deels uit vrees vir die wet van Moses wat nie verstaan word nie maar deels ook - as gevolg van die hardnekkigheid van hulle harte en die ongelowigheid daarin.

08d] Die bekwame seuns, wat vir My diens uitgesoek moes word uit die baie wat geroep is, is die bepaalde verkondigers van My (nou weer gereinigde) woord en die mooi en opgevoede dogters, wat daar tot vrouens en byslaapvrouens gekies moes word - is die nog hier en daar ou leerstellings, tradisies en gebruike wat suiwer gebly het, en wat nog nie hulle knieë voor Baal en Mammon gebuig het nie. -

08e] Die boodskappers is deels engele, profete en laastens al die Apostels, dissipels en evangeliste en uiteindelik ook al daardie knegte wat My woord en My leerstellings onvervals aan die mense oorgedra het en dit nog sal doen.

09a] Diegene in die agterbuurte, strate en heinings is al daardie mense wat op die aarde geleef het, nog leef en wat nog in die toekoms sal kom.

09b] Waar diegene in die agterbuurte hulle is wat nog op aarde lewe en wel in die een of ander Christelike sekte (of kerk) sit, maar ten spyte daarvan, met alle dwaashede van die wêreld belaai is en die regte lig nie wil of kan opneem nie, sodat hulle tog net die ware ewige lewe moet verkry en daaruit heeltemal vry en salig word.

09c] Die op die strate is hulle, wat egter ook nog op aarde lewe, maar aan enigeen van die meer of minder bekende heidendom behoort, (d.i. ongelowiges);

09d] en daardie op die heinings is almal wat reeds volgens die liggaam gesterf het en hulle in die geestelike wêreld - volgens hulle siele - bevind, en ook daar voortdurend nog tot die groot feesmaal van verlossing deur die regte omkeermiddele genooi word.

09e] En ten slotte is daar onder al die genooide gaste, wat nou letterlik met geweld (deur die liefde) na die feesmaal gedryf en getrek moes geword het, ook die een sonder bruilofsklere, dit is die Satan en in `n breër sin al diegene wat aan hom getrou gebly het en deur geen middel tot omkeer gebring kon word nie; hulle lot - soos die gelykenis dit sê - sal daardie kerker wees waarin daar ewige duisternis

heers en wat vol is van ween en tandegekners. Ween beteken alle valshede, dit wil sê, die teenoorgestelde van die hemel en tandekners beteken aartsboosheid en toorngloed uit die hel, omdat, wanneer iemand in uiterste woede ontbrand, hy met die tande begin te kners en hy begin dan te blaf, nes `n kwaadgemaakte hiëna of `n woedende grimmige tier.

10a] Met hierdie min woorde is nou al die ooreenkomstighede tussen die materiële beeld en innerlike betekenis daarvan onthul.

10b] Maar wie die saak nog dieper wil verstaan, hy moet soos `n wyse plantenavorser en versamelaar optree, wat by homself beraadslaag en sê: "Wat moet Ek nou doen? Die plante en grassoorte van die landerye, grasvlaktes, tuine, woude en velde, berge en vlaktes ens. ken ek presies; want wat op die Alpe groei, het ek nagevors en ook wat in die moerasse voorkom en selfs dit wat in die see groei, is nie vir my onbekend nie. Van dit alles ken ek die naam, plek, wortel, stingel, blare, bloeisel en vrug; wat moet ek nou nog verder met hierdie wetenskap doen? Kyk, nou val dit my by! Ek sal my oog beter en beter bewapen en daarmee die innerlike konstruksie van pypies, vesels en selle deurgaan, dan sal ek sekerlik voldoende materiaal vind om my gees verder te ontwikkel.

11] Goed gedink en nog beter gedoen! Die botanikus is heeltemal reg. Wie die materie en sy pad ken, of wie die woord en sy bedoeling ken, moet maak soos die botanikus, dan sal hy in die dieptes van die gees deurdring.

12] Maar as iemand vra hoe hy sy geestelike sig vir die diepere betekenis van God se woord moet bewapen, en om met sy karige sig daarheen te kom waar daar nou huidiglik net groot duisternis vir sy sigvermoë heers?!

13] O vriend, dit is makliker as wat julle vir julleself kan voorstel. Die geloof is gewoonlik die ongewapende sig van die hart. Maar die geloof verwek die liefde, wat die vuur, die warmte en die lig is, watter drie dinge in die Een liefde alles uitrek, wyer maak, meer vergroot en uiteindelik volledig ontvou, net soos wat die vuur, die warmte en die lig van die son dit reeds op natuurlike vlak vir elkeen se oë sigbaar maak. Die liefde moet deur die geduld vergesel word, wat die bemesting vorm, dan die nederigheid, wat die vrugbare reën is, en die sagmoedigheid, barmhartigheid, getrouheid en waaragtigheid, wat die goeie winde is, wat al die bose onweer verdryf. Hierdie dinge, vrywillig in die hart opgeneem en daarvolgens gehandel, met die buitengewone bewapening van die geestelike sig wat in alle volheid tot stand gebring is, is waarmee elkeen van julle, wat nie `n omgekrapte maag het nie, in veelvoudigheid die innerlike eindelose wonderwerke van My gegewe woord vir ewig steeds duideliker en dieper sal kan beskou, waarvoor elkeen genooi en geroep is vir ewig. Amen! Amen! Amen!

Die geestelike betekenis van die verheerliking van Christus

{mt.17,01-08; mk.09,02-13; lk.09,28-36} (GH3,268 - 22/7/1847)

01] My verheerliking op die berg Tabor word deur baie met bewondering gelees, maar van uiters min mense verstaan en skrikwekkend baie het ook nie die vaagste idee wat alles agter hierdie verheerliking steek nie! -

02] Die oorsaak van sulke onverstandigheid lê soos altyd in die wêreld en sy verdeelde drie-**enigheid**-leerstelling. Want wie nie voluit glo aan die allenige Seun, wat volkome een is met die Vader, wat in hom is soos hy in die Vader, nes die gees in die mens en die mens in die gees, wat die hele mens deurdring, en die eintlike mens self is, die is verdeeld in sy gemoed en is nes troebel water waardeur geen ligstraal kan dring om die dieptes daarvan te verlig nie.

03] Maar sodat julle nie soos die troebel water van die wêreld sal wees nie, wat net aan die oppervlakte belig kan word en dus ook aan die oppervlakte blink soos `n vergulde graf, waarin egter niks anders is as nag en dood nie, wil Ek vir julle baie kortliks vir die bogenoemde verheerliking `n klein liggie gee, waardeur julle duidelik sal insien wat daaragter steek. Luister dus nou:

04a] Die berg Tabor simboliseer die hoogste en gelyktydig die diepste erkenning (insig) van God in gees en in waarheid. Op hierdie berg van die allerhoogste erkenning bring Ek net My lieflinge! - Petrus, Jakobus en Johannes was dit ten volle. - Terselfdertyd stel hierdie drie ook elke mens voor, soos hy moet wees in die ware hemelse orde. {mt.17,01; mk.09,02; lk.09,28}

04b] Petrus is die uiterlike mens, maar wat sy wese deur allerlei beproewinge heeltemal na binne gerig het.

04c] Jakobus stel die siel van die mens voor, wat rein is en alles na die Heer rig, maar nog steeds saam met die uiterlike mens baie beproewinge moet deurstaan om die uiterlike mens heeltemal oor te haal om saam met hom, verenig in die gees, onsterflik te word.

04d] Johannes stel die gees van die mens voor, wat volledig een is met My, dus My liefde, van watter dissipel ek vir Petrus gesê het - "Hy leef!" wat beteken - net die gees leef en wie hom nie deur sy gees laat vervolg, vang en deurdring nie, sal geen lewe hê nie; want slegs die gees is dit waarvan Ek gesê het dat hy vir ewig leef! -

05] Dit alles beteken dat, soos wat Ek die drie op die berg gelei het, Ek ooreenkomstig elke mens, wat in sy drievoudige wese My aangewese orde handhaaf, op die berg van die ware lewendige erkenning van God kan lei, waar hy dan in die gevoel van sy hele wese sal uitroep: "Heer! Dit is goed om hier te wees, laat my toe om vir ewig `n woning op te rig, bestaande uit die drie hutte van liefde, wysheid en die mag uit beide!" {mt.17,04; mk.09,05; lk.09,33}

06] Maar by hierdie erkenning kan nie gebly word nie, solank die drie hutte en Ek, Moses en Elia nie volledig een geword het in die mens nie, of solank die liefde, die wysheid en die mag nie in sigself soos in een en nie in drie hutte opgeneem is nie. Daarom dat daar ook uit `n wolk, wat `n beeld is van die allerhoogste hemelse erkenning, `n stem verneem kon word: "Hierdie alleen is My geliefde Seun, vir hom alleen moet julle luister!" - Wat beteken: Hy alleen is die enigste God; nie in drie nie, maar in Hom alleen moet julle woon, indien julle die ewige lewe wil hê! {mt.17,04; mk.09,05; lk.09,33; mt.17,05; mk.09,07; lk.09,34}

07] Na die magtige deurdringing van die krag van God, word die drie eers wakker en sien nou duidelik nie vir Moses en Elia nie en verneem ook geen ander stem meer nie, behalwe My en My woord! - Maar laasgenoemde verbied hulle om iets van so `n erkentenis aan die wêreld te meld, alvorens alles nie voltooi was nie, dit is in `n nouer sin; alvorens Ek nie in elke mens se hart, na baie toetse en beproewinge van sy siel, opgestaan het in alle mag en krag van die liefde en wysheid nie. En in die breë sin - totdat die wêreld nie die mens gekruisig en doodgemaak het en die gees in die mens opgestaan het en alvorens die mens nie daardeur `n nuwe skepsel geword het volgens die orde, soos aangewys deur Petrus, Jakobus en Johannes, kan hy nie op die berg van die diepste en hoogste erkenning van God en die ewige lewe gelei word nie. {mt.17,07; mk.09,08; lk.09,36}

08] Dit is die heilige betekenis van My tot dusver in geheimsinnigheid gehulde verheerliking op die berg Tabor. Daar bestaan natuurlik nog `n baie wyer betekenis, waar daar deur Moses, Elia en veral deur My en deur die stem uit die wolk, sowel as die drie dissipels, hoofleidings en -ontwikkelings tydperke van die mensdom aangedui word. Hierdie kennis verskaf egter aan niemand die ewige lewe nie, nóg minder die daarmee verweefde eindelose begrippe van tyd, ruimte, ewigheid, oneindigheid, lig, gees en bestaan.

09] Maar soek veral vir My, My ryk en My geregtigheid, wat die liefde is, dan sal alles anders as `n gratis toedeling vir julle gegee word {mt.06,33}. - Maar indien julle net die wysheid en haar krag soek, dan sal dit met julle gaan soos met hom wat sy talent begrawe het en dit boonop nog van hom weggeneem is wat hy gehad het en sy aandeel die duisternis was! - Beskou dit daarom baie diep, indien julle `n aandeel wil hê in die verheerliking! Amen.

UITTREKSELS VAN "GAWES UIT DIE HEMEL - BOEK 3"

Lasarus

(GH3,258 - 26/6/1847)

01] Asseblief o Heer, U, heilige liefdevolste Vader! Indien dit U heilige wil is, dan maak ons harte bly deur vir ons `n beskrywing te gee van U vriend Lasarus, die broer van Maria en Martha, vir wie U - tot ergernis van die geestelike maghebbers in Jerusalem - uit die dood opgewek het, en met wie U na sy opwekking aan tafel gesit het. -

02] My liewe "Woordywerig", jy is tog nie `n portretkunstenaar, sodat jy spesifiek `n liggaamlike beskrywing van Lasarus, `n broer van Maria en Martha, van my vereis nie! Maar terwyl jy vir My daaroor gevra het, dan kan Ek dit mos vir jou gee. Sien, Lasarus het baie dieselfde gelyk soos jou broer Andreas, hy was net sowat tien jaar jonger (as jou broer nou, 1847) en was volgens sy uiterlike bates nog baie ryker as jou broer, en sy hart het nog meer aan die uiterlike glans van rykdom gehang as die hart van jou broer, wat egter by tye ook baie sterk daaraan hang, dikwels heelwat sterker as aan My.

03] Lasarus het met sy twee susters uiters groot rykdom besit en het dit baie goed bestuur. Hy was daarby baie regverdig en hoogs konsensieus en het die buite besigheid met dieselfde sorgvuldigheid gehandhaaf as wat sy suster Martha die huislike aangeleenthede behartig het.

04] Hy was `n man wat die wet volkome geken het en het ook as `n egte Judieër streng daarvolgens geleef, het ook groot verwagtinge gekoester oor die komende Messias, maar het van Hom, net soos al die ander Judeërs, `n baie materiële voorstelling gehad.

05] Maar nietemin het hy nog steeds groot stukke op Jesum gehou, dit wil dus sê, op My, en het My, naas Elia, as die grootste Profeet beskou, soms ook hoër as Elia. Hy het baie vreugde oor My gehad, en wanneer Ek na hom toe gekom het, dan het hy alle besigheid opsy geskuif en het al sy tyd net aan My spandeer, het baie graag die Profete bespreek en in besonder die koms van die Messias. - Hy kon dit nie so goed verstaan en volledig aanvaar dat Ek die beloofde Messias moes wees nie, aangesien Ek aards gesproke veels te arm was, wat die rede was waarom hy meer as eenmaal aan My die voorstel gemaak het, dat, indien Ek werklik die Messias sou wees en as sulks aardse skatte sou benodig, sy hele groot rykdom ten volle vir My tot beskikking sou wees.

06] Maar nadat Ek hom vanuit die dode opgewek het, en hy My weer met `n nuwe lewe herken het, het al sy twyfel oor my Messias-status gewyk, en hy het God openlik in My geprys, tot die grootste ergernis van die skrifgeleerdes en die fariseërs. Maar daarom is hy, in besonder na My - uiters ergerlike opstanding vir die hoëpriesters - juis sodanig deur die hoëpriesters, fariseërs en skrifgeleerdes vervolg, dat hy `n paar jaar later al sy goedere aan die Romeine verkoop het, en toe met sy twee susters na Egipte getrek het, waar hy in totale oorgawe aan My geleef het, baie Egiptenare ware Christene gemaak het, en in die boonste Agter-Egipte, `n gemeente gestig het wat vandag nog bestaan.

07] Maar Lasarus was reeds te alle tye (dit wil sê, ook voorheen) uiters weldadig en het baie feesmaaltye gehou, meer vir die armes as die rykes, alhoewel laasgenoemde nie uitgesluit was nie. Daarby het hy sedelik gelewe terwyl hy ongetroud was, dieselfde ook sy twee susters, ten spyte daarvan dat hulle baie mooi en besonder ryk was. Maria het, voordat sy vir My ontmoet het, wel ietwat meer geleef as Martha, maar toe sy My erken het, was die wêreld- en wellus onmiddellik in haar geblus, en in haar hart was daar nie plek vir iets anders langs My nie.

08] Indien jy Lasarus nou in sy volle persoonlikheid voor jou wil sien, stel dan jou broer in oud Joodse kleredrag voor, met `n donker baard, dan kan jy werklik `n volmaakte ewebeeld van hom laat teken. Meer kan Ek jou nie oor die persoonlikheid van hierdie betekenisvolle broeder sê nie, omdat jy net oor sy voorkoms gevra het, maar wat ook goed is, en jy kan dit nuttig vir jou gebruik! Amen.

Pontius Pilatus

(GH3,259 - 28/6/1847)

01] Dit is `n goeie vraag, wat `n goeie antwoord werd is, en dus sal ook die antwoord volg.

02] Pontius Pilatus, `n volmaakte Romein, was onder Tiberius opperhoof van Juda en was in Jerusalem woonagtig.

03] Hierdie Romein, `n vyand van die uiters hoogmoedige Joodse priesterskap, het daarom alle mense, indien ook net in die geheim, met heel besondere welwillendheid beskou, en wat per geleentheid in staat was om aan die bo alle mate gehate Joodse priesterkorps, die waarheid so reguit in hulle gesigte te slinger. En indien die priesterskap dan by hom hulle reg kom soek het, het hulle gewoonlik weinig of niks uitgerig nie, en moes meestal, sonder dat die saak opgelos kon word, in skande onttrek, wat ook die grootste rede was waarom Pilatus en Herodes in aanhoudende vyandskap met mekaar geleef het. Want die hoëpriesterskap het steeds op goeie voet gestaan met Herodes en het dit daarom ook nie gespaar om Pilatus by Herodes verdag te maak nie.

04] Maar juis op grond van hierdie rede het die hoëpriesterskap dikwels beraadslaag hoe hulle My kon vang en effektief aan die Romeinse hof uitlewer; maar hulle kon nooit `n goeie rede vind nie.

05] Net toe Ek die bekende intog gehou het, kort daarna die handelaars uit die tempel gedryf het en vir Lasarus opgewek het en die hele volk My Hosanna toegejuig het, was dit te veel vir die hoëpriesterskap. Toe het hulle ernstig besluit om vir My te vang en vir Pilatus as `n staatsrebel uit te lewer. As hy My sou veroordeel, dan sou hy ongeskonde bly, maar indien hy My nie sou veroordeel nie, dan sou hulle (die priesterskap) hom by die keiser as `n verdagte persoon verkla, by welke onderneming Herodes hulle met vreugde sou ondersteun.{mt.21,01-09; mk.11,01-10; lk.19,28-38; joh.12,12-19; mt.21,12-13; mk.11,15-17; lk.19,45-46}

06] hierdie plan was nie vir Pilatus verborge nie, hy het net nie geweet hoe hy daarteen moes voorbrand maak nie, daarom het hy besluit om hierdie saak af te wag. Maar terwyl hy nog met homself geredeneer het, wat hy sou doen indien die hoëpriesterskap hom daadwerklik `n poets wou bak met die berugte Jesus, sien, toe kom hulle al met die gevangene en het `n onmiddellike veroordeling geëis. - Pilatus, heeltemal uit die veld geslaan, - het natuurlik met `n donderstem gevra: "Watter misdaad het hierdie regverdige man, aan wie ek geen skuld kan vind nie - begaan?" Maar die priesterskap en hul betaalde aanhang het nog tienmaal harder geskreeu: "Hy mislei die volk, hy is `n rebel, `n Sabbatsoortreder, `n Godslasteraar, en beskou homself as die Seun van die lewendige God! - Dit alles het vereis, volgens ons wette wat Rome respekteer het, en ook volgens die Keiser se wette, die doodstraf in die hoogste graad; daarom moet jy hom veroordeel, laat hom kruisig, of jy is die vyand van die keiser!" { mt.27,02; mk.15,01; lk.23,01; joh.18,28*; lk.23,02}

07] Hierdie oproep het Pilatus laat huiwer, en hy het gladnie geweet wat om te doen nie. Hier het hy in alle haas by homself gedink, is niks anders te doen, as om tot sodanig onvoorsiene bose spel `n vriendelike gesig te maak en in die naam van die onverstaanbare fatum toe te gee, wat hierdie bo alles gehate priesterkorps van hom verwag het.

08] Maar juis hier het sy vrou Tullia Innocentia hom laat roep en aan hom in die geheim vermeld wat sy met duidelike oë gesien het, dat daardie Jesus op die wolke van die hemel gesweef het, begelei deur tallose miljarde van die heerlikste engele. Almal het met `n donderstem geskreeu: "Heil aan ons groot God, heil die ewige, almagtige oorwinnaar van die dood en die hel! - maar wee Jerusalem! Wee julle wat daarin woon, julle lot sal wees die ewige dood, die ewige vernietiging, omdat julle Jesum nie erken het nie en hom veroordeel en hom kruisig! Die alleen regverdige van alle geregtigheid ewige eer, roem en alle heil! Toe kyk hierdie Jesus af na die aarde, en sien, toe ontbrand die hele aarde, en alles was `n vuur, en alles was asemhaal, was deur hierdie vuur verbrand. Daarom, liewe Pilatus, moet niks te doen hê met hierdie regverdige nie!"

09] Hierdie verhaal het op Pilatus, wat as Romein groot erg aan sodanige verskynsels gehad het, aansienlik laat twyfel, sodat hy self besluit het om niks verder meer met Jesus te onderneem nie,

behalwe om hom aan die gereg van Herodes te oorhandig, wat ten opsigte van sodanige aangeleenthede ook `n Jus gladii gehad het, waarvolgens hy ook vir Johannes kon laat onthoof. Maar Herodes het snuf in die neus gekry en het goed geweet dat die volk, as gevolg van Johannes, opstandig teen hom was. Sou hy nou ook vir Christus laat doodmaak, dan sou die volk hom verskeur; daarom het hy Jesus, vir wie baie as Christus (die Messias) beskou het, weer mooitjies na Pilatus teruggestuur.{lk.23.07; lk.23,11b}

10] Pilatus het nou alles moontlik probeer om Jesus te bevry; maar alles was tevergeefs, totdat hy uiteindelik in hoogste verontrusting openlik sy hande gewas en gesê het: "Ek wil geen skuld hê aan die bloed van hierdie regverdige nie! Maar julle het self `n wet, neem hom en oordeel hom dan!" Toe skreeu die hoëpriesters: "Laat Sy bloed oor ons en ons kinders kom! Maar ons mag ons hande nie met bloed besoedel nie, gee daarom vir ons Romeinse soldate!"{mt.27,24; mt.27,25}

11] Toe Pilatus dit hoor, dink hy toe aan die ou gebruik, waarvolgens daar `n misdadiger vir die Judese volk op hulle Pasgafees vrygelaat moes word. Hy het hom dus nog een keer tot die skare van Jesusvyande gewend en beken hoedat hy by Jesus, op grond van sy kort ondersoek, deurgaans geen skuld kon vind nie, dat, om `n korrekte en regverdige oordeel te vel, dit derhalwe nodig sou wees dat hierdie mens langer verhoor moet word en in alles deeglik ondersoek word. Terselfdertyd was dit in elk geval gebruiklik om `n misdadiger op die feesdag vir die volk vry te laat; en nou stel hy Jesus, wie se skuld nog nie bewys is nie, en Barabbas, die berugte roofmoordenaar, as `n vrye keuse vir wie hulle nou sou verkies? Maar almal het geskreeu: "Barabbas!". Maar dit was juis wat Pilatus eintlik gewens het, omdat hy goed geweet het dat hierdie opgewonde priesterskare nie vir Jesus wou vrylaat nie. Daardeur het hy geglo dat hy Hom sou loskry, deurdat hulle Barabbas sou vrylaat, sodat Jesus in sy plek in die tronk moes beland. Mettertyd kon alles dan uitgeklaar word; want eerstens sou die Priesters se monde gesnoer wees en tweedens kon hy dan deur die Romeinse keiser beduidende hindernisse oprig, waardeur hulle moeilik sou kon breek! {mt.27,15; mt.27,15*; mk.15,06; lk.23,17; joh.18,39; mt.27,17 .21}

12] Die gedagte en wil van die opperhoof was goed. Maar toe die hele skare na vrylating van Barabbas net nog meer hardnekkig op `n kruisiging aangedring het en niks van Jesus se tronk-toe-gaanery wou hoor nie, en vir Pilatus `n lafaard genoem het, toe was hy in die hoogste graad verontrus en sê toe: "Daar, julle ellendelinge! Neem julle misdadiger, wat meer regverdig is as julle, en daar is die soldate! Gaan weg, maak met hom wat julle wil, my getuienis oor hom en oor julle sal eiehandig van my volg!" - - Met hierdie woorde het hy weggegaan en Jesus aan hulle oorgelaat, vir wie die priesterskap deur die soldate laat gryp en kruisig het soos bekend.{mt.27,26; mk.15,15; lk.23,24-25; joh.18,16}

13] Wat Pilatus verder gedoen het, is aan julle bekend, en dat hy die vriende van Jesus ondersteun het, in wat hulle ookal van hom gevra het. Maar dat Pilatus en sy vrou later in die geheim Christene geword het, en dat juis Pilatus baie daartoe bygedra het, deur sy baie noukeurige beskrywing van die baie verdagte Joodse priesterskap, dat Jerusalem, binne die bestek van dertig jaar daarna totaal deur die Romeine vernietig is, en die Jode na alle wêrelddele versprei is, dit sal nou net aan baie min mense op aarde bekend wees. - Maar dit is aan julle bekendgemaak, sodat julle nie der duisende en miljoene kere aaneen die arme Pilatus verdoem nie, alhoewel julle dit nou ook moet weet wat alles volgens My ewige raadsbesluit moes gebeur het, soos wat Ek dit ook vir die twee dissipels, wat na Emmaus op pad was, heel openlik gesê het, om aan hulle te toon wat God wou gehad het, en daarom hulle onbeperkte haat teenoor die priesters moes beteuel.

14] Julle haat nie eintlik vir Pilatus nie, desondanks beskou julle hom nog steeds as `n ‘verdomde vent', wat My maklik kon gered het, indien hy dit net ernstig wou gedoen het, maar julle dink nie daaraan dat God beslis nie deur armsalige swak mense van enige gevaar gered kan word nie. Of glo julle in alle erns dat Pilatus so iets kon gedoen het, naamlik om Hom te red Wie die mere en winde gebied, en Hy wat die Enige redder van alle mense en geeste is? O kyk, dit en nog `n paar ander dinge is nog baie swak by julle en nog taamlik sterk Babilonies (Rooms)! Die Skrif moes vervul word, en is daar aan die kruis vir almal, wat nie geweet het wat hulle doen nie, vergewe; indien dit dus so is, laat die arme Pilatus dan ook `n bietjie meer lewe in die toekoms, as wat dit tot dusver by julle die

geval was. Amen! Dit sê Ek vir julle, sodat julle Pilatus ook nie in die toekoms moet oordeel nie! Amen, Amen, Amen!

Ligging van dorpe in Palestina waarna in die Johannes Evangelie en die Ou Testament verwys word

(GH3,369 - 29/3/1864)

01] Aangesien jy vir my verskeie kere al gevra het of die dorpname en ook die ligging, sodanig geplaas is, soos wat sommige reisbeskrywings en atlasvervaardigers dit aantoon, en spesifiek in die groen boekie (‘Biblische Geografie für Schulen und Familien', ‘Bybelse geografie vir skole en families', 8ste Druk, uitgegee deur Calwer Verlagsverein. - opmerking deur die Uitgewer), waarin jy juis nou daagliks vir `n tydjie lees, voorkom. Daar moet Ek onmiddellik vir jou sê, dat daar byna nêrens `n plek in die hele Juda vanuit My tyd, wat deur My en my Apostels se voete betree was, meer bestaan nie, ongeag die name van dorpe en plekke wat nou daaraan toegeken is. Want baie dorpe is later deur die baie heidene wat hierdie land binnegedring het, sodanig vertrap, sodat niemand nou ook net naastenby kan sê; kyk, dit is die plek, waar die Heer dit of dat in die teenwoordigheid van Sy Apostels geleer en gedoen het nie.

02] Die enigste, naamlik Bethlehem, is nog steeds naastenby op dieselfde plek, en bokant die vallei, op `n berg, die einste kasteel van Dawid wat deur My beskryf is, maar waarvan ook net hier en daar nog enkele los stene bestaan. Vandag staan daar op die plek `n klooster met `n kerk, wie se bruin geklede inwoners dit baie goed verstaan om vrome pelgrims met allerlei relieke teen betaling te voorsien.

03] Wat die ligging van Jerusalem aanbetref, kan daar nie meer as een agste van die plek waar die groot Jerusalem eens gestaan het, as waar beskou word nie. Van die oord Bethanië kan geen enkele spoor meer aangetref word nie. Op die Olyfberg (direk uit Duits vertaal as ‘Olieberg') staan nog `n paar huise met enkele murasies, wat Bethania genoem word. Gedurende My tydperk was die blyplek en herberg op die Olyfberg wat aan Lasarus behoort het, Klein-Bethania genoem, `n plek wat voorheen die naam Betfage gedra het. Dus is daar ook van Emmaus by Jerusalem nie die geringste spoor meer oor nie.

04] Hoe baie die ligging van Jerusalem verander het, word daardeur bewys, dat die Olyfberg vandag, wat nou ook reeds `n heel ander vorm het as destyds, nou byna heeltemal oos van die nuwe Turkse Jerusalem geleë is, terwyl die ou Jerusalem grotendeels meer oos as wes van die Olyfberg gestaan het.

05] `n Taamlik geruime tyd na My, het `n Roomse keiser uit die môreland, by name Justinianus, vir die Jode toestemming, selfs opdrag gegee, om Jerusalem, tesame met die Tempel, waarvan hulle die fondasiestene sekerlik nog sal kan vind, weer net so te herbou, soos wat dit in My tyd gebou was. Toe het daar, uit alle wêrelddele, `n groot aantal baie welgestelde Jode, saam met baie bouers en werkers op die plek van die voormalige Jerusalem bymekaargekom en wou begin om alles weer op te rig, soos wat hulle die spore van die ligging van die destydse Jerusalem aangetref het. Maar hulle is deur `n vroom man uit die omgewing, wat volgens die leerstellings van die Apostel Phillippus geleef het en die Evangelie gepreek het, volgens die profesie van `n profeet gewaarsku, om hulle voornemens te laat staan, aangesien hulle, indien hulle nie na sy woorde sou luister nie, verseker baie sleg bedien sou word.

06] Maar hulle het die profeet uitgelag en het op baie plekke, waar hulle spore van die ou Jerusalem aangetref het, begin te grawe en die rommel weggeruim. En kyk, die werk het skaars `n halfdag geduur, toe `n hewige aardbewing ontstaan, en nie lank daarna nie, het `n vulkaanagtige hewige vuur uit die binnenste van die aarde oor die hele plek van die ou Jerusalem losgebars en het die belangrikste deel van die ou Jerusalem sodanig verwoes, dat geen steen en geen rots werklik onaangeraak gebly het nie. Stene en rotse is tot `n soort gruis vergruis en ure ver vanaf die plek weggeslinger, sodat die plek vandag nog soos `n woestyn lyk, en niemand sal kan vermoed dat die ou

Jerusalem eens op `n tyd op hierdie plek gestaan het nie. Tydens die uitbreek van die vulkaanagtige vuur, het baie duisende werkende mense tot niet gegaan.

07] Hierdie wonderwerk is deur hulle, wat hulleself gered het deur skielik te vlug, in Rome aan die Keiser bekend gemaak en hulle het gesweer dat dit werklik so gebeur het. Hy het die wonderwerk geglo. Maar na twee jaar wou hy nog steeds `n indrukwekkende monument op hierdie plek oprig, om daardeur aan die nageslagte te toon op watter plek die groot Jerusalem destyds gestaan het.

08] Daar het weer bouers en beeldhouers op die plek van die ou Jerusalem bymekaargekom en het begin om `n plek te soek, wat vir so `n monument die meeste geskik was. Hulle het so `n plek gevind en het begin om die fondasie te grawe. Dit het egter met hulle nie veel beter gegaan as met die voriges nie; binnekort het vuur weer uit die binnenste van die aarde uitgebreek en verskeie mense beseer. Maar die wat nog betyds kon vlug, het sonder skade weggekom, en daarna was daar nooit weer iets onderneem om die ou Jerusalem op te bou nie.

09] Eers na meer as seshonderd jaar het die Sarasene uit die omgewing van Bagdad na hierdie omgewing toe gekom, en wat hulle op pad as ou stede en dorpe aangetref het, het hulle alles vernietig. Selfs die ou stede wat nog hier en daar deur die Romeine onaangeraak gebly het, is in murasies omskep. En die plek van Jerusalem, wat destyds uit niks anders meer bestaan het as `n berg nie, wat later heel verkeerdelik die naam ‘Sion' verkry het, en waarop `n ou Romeinse wagtoring en `n kapel uit hout gestaan het, wat reeds in daardie tyd ook heel verkeerdelik as die plek van My destydse graf aangewys en vereer was, word nog tot op die huidige dag vereer, en daardeur word baie honderdduisende pelgrims tot die diepste bygelowigheid gedryf.

10] Die Sarasene het later, wes van die Olyfberg, `n heel nuwe stad met die naam Jerusalem gebou, in welke tyd ook die bogenoemde kapel `n groter en beter voorkoms verkry het, waarin en waarby die vrome pelgrims jaarliks sodanig met knuppels en stokke baklei het, dikwels terwille van al die vroomheid, dat dit soos `n slagveld gelyk het op die oop terrein om die kapel. En dit het gewoonlik gebeur omdat elke sekte die Christus wat hulle as God vereer het, vir ander verbied het om te vereer.

11] Die Grieke wou niks van hierdie Rooms-katolieke Christus hoor en weet nie, en dit ook omgekeerd; en net so baie sektes as wat daar was, so baie vyande het daar teenoor mekaar gestaan en sou hulleself, terwille van alle geloofs-ywerigheid, geheel en al self vernietig het, indien die Turkse soldate nie rus en orde by sulke geleenthede gehandhaaf het nie. Hulle het dit gedoen, omdat daar ook `n paar fooitjies in hulle sakke beland het deur sulke spektakels.

12] Dit is wat vandag by die sogenaamde heilige oorde gebeur. En omdat Ek dit natuurlik sien kom het, het Ek, veral in Galilea, waar Ek die meeste van my tyd op aarde deurgebring het, al die genoemde en bekende plekke uit die Evangelies sodanig laat vernietig, dat hulle nou ook nie meer deur `n nog so Bybelvaste geograaf opgespoor kan word nie.

13] Van die destydse stad, Tiberias, langs die Galilese meer, is daar nog enkele oorblyfsels, maar van al die ander plekke, wat gedurende My tyd langs die oewer van hierdie meer gestaan het, is geen spoor meer te vinde nie. Daarby het die Galilese meer van alle kante af sodanig teruggetrek, dat dit nou `n bykans een derde kleiner wateroppervlak het as wat dit gedurende My tyd was.

14] Van My woonplek Nasaret is daar ook geen spoor meer oor nie; net in `n vallei wes van die Galilese meer, teenswoordig `n paar ure daarvandaan, bestaan daar `n baie ellendige Turkse dorp, wat deur die winsbejagte geloof van die plaaslike Christene en ook Turke as my destydse ware woonplek aangewys was. Op die plek van My verkeerdelik aangewese destydse woonhuis staan nou ook `n kerk met `n klein klooster, waarin die plaaslike priesterskap nog allerlei relieke uit die werksplek van die skrynwerker Josef ten toon stel, maar ten spyte daarvan by die meeste sektes min aanvaarding daarvoor vind, omdat elke sekte voorgee dat hulle self in besit is van daardie relieke, waarheen dit van engele deur die lug daarheen gebring is. Ander sektes weer heg in elk geval min geloof aan sodanige relieke, en so doen die huidige Nasaret maar baie swak besigheid met sy heiligdom.

15] Langs die kus van die Middellandse See is Joppe nog die bes behoue plek; Tirus en Sidon is bloot net murasies net soos Sardes en Laodicea. Op die plek van hierdie ou wêreldstede, staan daar vandag net `n paar armsalige vissershutte. In die murasies kom allerlei wild voor, waar die jakkals en die hiëna dikwels hulle verskyning maak, en die arm vissermanne moet altyd tot hulle tande toe bewapen gaan visvang.

16] Van al die stede, wat veral gedurende die laaste jaar van my leertydperk, deur My besoek is, en langs die oostelike oewer van die Galilese meer en die Jordaanvallei geleë is, is net nog `n paar murasies oor wat so nou en dan deur Beduïnes bewoon word, en dit daarom, omdat hulle deur baie harde basaltstene gebou is, wat reeds gedurende My tyd `n ouderdom van byna 2,000 jaar gehad het en meestal deur Romeine en Grieke bewoon was.

17] Daar bestaan ook nog in die boonste deel van Sirië plekke wat deur My besoek is. Die mense het nog net nie in hulle belang gestel nie, omdat hulle eerstens te ver afgeleë is, en tweedens nie in die teenswoordige vier Evangelies genoem word nie.

18] En dus kan jy met My benoeming van die plekke in die hele Palestina gerus wees; want Ek het hulle juis op grond van die voorspelde afgodery uit die bestaan weggevee, dat daar vandag ook nie eers naastenby enige teken daarvan oorgebly het nie.

19] Die mees korrekte verwysing is nog die Kisjonvallei langs die karavaanstraat, wat destyds vanaf Damaskus oor Kapernaum na Tirus en Sidon gelei het. Maar daardie vallei, wat destyds direk langs die Galilese meer geleë was, is vandag ten minste drie tot vier ure ver weg daarvan en is `n totaal onvrugbare sandwoestyn.

20] Net so staan sake met die Ebahlbai en die Ebahlvallei, waar destyds die plekkie Genésaret voorgekom het. Dit is nou `n taamlik uitgerekte sandwoestyn, en is twee ure vanaf die spieël van die Galilese meer geleë. In My tyd het die meer daar `n uitloop gehad, en ten tye van die Kanaïete was dit `n hoofafloop van die Jordaan, en waar dit nou afloop, was in daardie ou tyd net `n spruit. Gedurende latere tye was hierdie ou Jordaanvallei sodanig deur aardverskuiwings, wat in hierdie omgewing baie voorgekom het, verlê en geblokkeer, dat dit in die teenswoordige tyd geen reisiger en wetenskaplike enigsins sou kon byval, dat die Jordaan destyds daar sy loop gehad het. In My tyd was daardie vallei nog meer oop, en `n sytak van die Jordaan het daardeur geloop. Alleenlik deur die groot aardbewings en aardverskuiwings na My het elke spoor daarvan verdwyn.

21] Maar deur sulke aardverskuiwings het, veral in die omgewing van die Galilese meer, en juis die vloer van hierdie meer self, op sommige plekke met meer as tweehonderd vame gedaal, en op die wyse het die oppervlak van die meer ook kleiner geword en die Jordaan moes daar sy hoofafloop vorm, waar die aardverskuiwings vir hom `n nuwe deur oopgemaak het. Gedurende die tydperk van ongeveer `n duisend jaar na My, het die hele Jordaanvallei tot by sy monding in die Dooie See in geheel met `n honderd voet gedaal, en dit ook die Dooie See self, en `n mens kan die meer nie meer op `n sagte oewer bereik nie, wat nou deur baie hoë en styl rotsgesteentes omring word, sodat `n mens net op baie min plekke ter besigtiging van hierdie lewelose meer toegang kan kry, wat ongeveer drie keer so groot is as die Bodensee (meer in die suide van Duitsland).

22] Wat Ek nou hieroor gesê het, is waarheid, alles anders is grootliks menslike versinsel en bespiegelings. Trouens, met betrekking tot die deur My aan jou gedikteerde Johannes Evangelie, is daar min geleë aan die name van die plekke of waar hulle geleë is; maar alles is geleë aan die lewensleerstellings en waarheid wat daarin voorkom. -

23] Daar bestaan nou baie narre wat daaroor stry, waar die destydse Paradys geleë was, en waarheen Adam daarvandaan reglynig gevlug het, en in welke land Kain vir Abel dood geslaan het, waarheen hy daarna gevlug het, en waar Adam hom later self gevestig het. Daar bestaan dus so baie verskeie aanduidings, dat self `n gees wat naby sy voltooiing staan, deurmekaar kan raak; dit is maar net `n stryery oor die waarde van `n paar wolhare van `n skaap! Wat die waarheid daaroor is, kan in My ‘Huishouding' gevind word, en ook gedeeltelik in ‘Johannes'. Alles anders is sonder waarde, aangesien die aarde in daardie tyd `n heel ander voorkoms en indeling gehad het, wat na Noag se tye

aansienlik verskuif is. En sou jy poog om volgens die teenswoordige voorkoms van die aarde die woonsituasie van die oer-aartsvaders te bepaal, dan sou jy met sodanige bepaling `n skoot in die lug aftrek, want in daardie tye was die huidige Siberië, in besonder teen die ooste, so ook Sentraal Asië tot by die Merke van China, `n uiters geseënde en vrugbare land. Gaan kyk julle vandag daarna, dan sal julle die skerpste teendeel vind. Siberië het byna niks as ewige sneeu en ewige ys, en die destyds so geseënde Sentraal Asië word self deur die wildste en verskeurende ongediertes vermy, aangesien daar niks anders as sand en klippe aangetref word. Daarom is dit ook vir die Russiese verbande onderdane onmoontlik, om te vlug en oor hierdie uitgestrekte woestenye ten minste die uitlopers van die groot Tibetanse bergreekse te bereik, aangesien hierdie groot woestyne van Sentraal Asië grootliks netso erg is as die groot Sahara woestyn in Afrika.

24] Maar daaruit word gesien, dat hierdie aarde deur die oormoed van die mens `n groot verandering gelei het - en daar sal nou geen geoloog, al sou hy `n honderdvoudige Alexander Humbold wees - regkom nie. Maar wat elkeen ter beter begrip van die boeke van Moses moet weet en te verstaan noodsaaklik is, het Ek al twintig jaar gelede vir jou in die pen gedikteer, en doen nou ook dieselfde in Johannes oor die plekke in die land, waar Ek geleef en geleer het. Alles anders is ydel, en met ander woorde gesê, niks anders as om leë strooi te slaan nie.

25] Met hierdie beskrywing van My kan jy en elke ander gelowige volkome tevrede wees. Maar die sogenaamde verstandelike wêreldmuggieryers moet tot versadiging die stof van die ou murasies lek; maar dit sal vir hulle van min nut wees, aangesien hulle weinig voedsaamheid daarin sal vind.

26] Maar Ek bly die Heer en verander die aarde volgens My welgevalle en volgens My wysheid. Sulke hoogwyse verstandelinge, wat self die gras hoor groei en waarvan sommiges al beweer het, dat hulle die plante hoor snork het terwyl hulle asem haal, moet net `n vallei van `n rivier tot op die bodem leeg pomp, en hulle sal daar baie voedsel vir hulle verstand kry! Maar hulle sal dit sekerlik nie doen nie en eerder met die lekkery van vogtige klipmure tevrede wees, want daar kan tog elke mens vir sodanige hooggeleerdes sê: Vriende! Net tot daar, waar daar `n paar doudruppels hang, sal julle met julle tonge bykom. Maar met `n wonderstaf in julle hand sal julle geen fontein nes die Profeet Moses uit die binnenste van `n harde rots voortbring nie, van wie se rykdom miljoene mense en diere die brandende dors kan les.

27] Maar die wonderstaf van Moses bly nog altyd Ek en nooit die ydel roem- en selfsugtige verstand se gesamentlike wêreldwysheid van `n gegradueerde dokter uit die hoë universiteite nie.

28] Dit ter gerusstelling vir al diegene, wat aan My glo, My bo alles liefhet en hulle naaste soos hulle self.

29] Dit sê weer Ek, julle Vader, Heer en Meester. Amen.

Die onverstandige en verstandige boumeester

(GH3,323 - 17/3/1864)

01] Skryf `n belangrike woordjie, waarin Ek julle nog verskeie dinge wat Ek in My tyd vir die Apostels geleer het, van naderby wil belig.

02] Die teks uit die skrif sal nie vir julle onbekend wees nie, waar van twee mense melding gemaak word, van wie die een sy huis op sandgrond gebou het, wat ons die onverstandige wil noem; maar die ander soek vir hom `n vaste rots, en ons wil hom die naam verstandig gee.

03] Maar toe die onverstandige sien dat sy verstandige buurman sy huis op `n rots gebou het, toe sê hy vir hom: "Sou jy nie daar in die vallei met baie minder onkoste kan bou as op die rots daarbo, waarheen jy eers `n pad moet aanlê en die boumateriaal met baie moeite moet vervoer nie? Kyk hoe pragtig my huis in die vallei staan, en hoe maklik die toegang is! Jou huis daarenteen staan op `n rots nes `n arend se nes, en jy het `n moeilike toegang."

04] Maar die verstandige sê: "Wag jy `n bietjie; wie weet, of jy nie binnekort vir my daaroor sal prys, dat ek my huis op `n vaste rots gebou het nie?"

05] En kyk, nie lank daarna nie het sterk winde opgekom, in `n vreeslike orkaan oorgegaan, en daarby het `n geweldige wolkbreuk ontstaan, het die mooi huis in die vallei verwoes, waarop die onverstandige so trots was, en sodat hy sy lewe kon red, moes hy toevlug by sy buurman op die rots gaan soek.

06] Nou het hy goed ingesien dat sy verstandige buurman goed gedoen het om sy huis op `n rots te bou, en die voormalige onverstandige het dan ook besluit om nooit weer `n huis in `n sanderige vallei te bou nie.

07] En nou vra Ek, wat hierdie beeld in diepte der diepte moet beteken? - Want aan dit, wat die priesterskap van alle aan julle bekende sektes tot op enkeles, - wat in die leerstellings van Schwedenborg en andere (teosowe) en hulle in die gees opgewekte voorgangers staan, - tot hulle eie voordeel vertolk, en een vertolking teenoor die ander net so gelyk is soos die vuis teenoor die oog, kan daar nie `n enkele ware vonk teenwoordig wees nie.

08] Hoekom? sal julle vra. Omdat elke sekte, sê Ek, nie volgens die waarheid uit My nie, maar, soos baie ander dinge, tot hulle eie voordeel vertolk. Maar Ek sê:

09] "Alle sektes behoort, saam met hulle aanhang, in die omgewing van die onverstandige, wat sy huis op sand in die vallei gebou het, en net alleen daardie een, wat op My en My suiwer leerstellings bou, daarvolgens doen en handel, die behoort tot die skaars verstandige, wat sy huis op die rots gebou het. En toe die tyd van storms daar kom, het sy huis vas bly staan. Maar die huis en baie ander huise, wat in die vallei op die sand gestaan het, het weggespoel."

10] Maar hoe moet die mens lyk, wat sy huis op die rots gebou het? - Hy moet deurgaans nie lig- of bygelowig wees nie, maar alleen die waarheid in alles soek, wat hom alleen vry en verlig kan maak.

11] Ja, sal sommige vra: Hoe moet `n mens dit nou aanvang? Die antwoord lê ook in My leerstellings, wat Ek My Apostels gegee het, en lui kortliks soos volg:

12] Wie in My glo, volgens My leerstellings leef en handel, na hom sal Ek self kom en My getrou aan hom openbaar, net soos aan julle nou.

13] Dat daarin ook die enigste kriteria van waarheid oor My leerstellings lê, het julle nou self meer as tasbaar in baie nog lewendige voorbeelde voor julle; want daarom het Ek ook vir My Apostels gesê, toe dit self nie heeltemal duidelik vir hulle was nie, vir wie hulle My nou eintlik moes beskou nie: "Indien julle aan My glo, en volgens My leerstellings handel, dan eers sal julle volledig in julle erken, dat die woorde wat Ek tot julle gespreek het, nie mens-, maar Godwoorde is."

14] En weer het Ek destyds aan My Apostels gesê: "Nie net julle nie, maar in die vervolg ook elke mens wat werklik na My toe wil kom, moet van God self geleer word. Want vir hom wat die Vader - of die ewige liefde in My - nie trek nie, die kom nie na My toe nie", of met ander meer verstaanbare woorde gesê: Vir wie die ware (suiwer) liefde nie na die waarheid en tot die lig trek nie, en wat in sy traagheid en slaperigheid behaaglik verkeer en in die wêreld so veel as moontlik in die arms van alle plesier en vermaaklikheid rus, sal hy eendag tot die lig van waarheid kom?

15] Ek sê vir julle, net so min (sal hy dit), soos `n trae student, wat sy studies meestal in restaurante en koffiehuise, op die dansvloer en in die kamers van maklike meisies deurbring, nie `n groot astronoom sal word nie; want om dit te word, vereis van jeugdae af uiterste fluksheid en `n groot hoeveelheid selfverloëning. Maar met groot liefde vir sodanig verhewe moeilike wetenskap kan hy in tyd wel daarin slaag, om dinge te bereken, waarvan die gewone wêreldmens nie kon droom nie. En daar wys dit weer: Wie die Vader nie trek nie, die kom nie na die Seun nie; want die Seun is dan die lig, voortspruitend uit die vlam en die vuur van liefde of die Vader.{joh.06,44}

16] Maar gaan heen na die meeste Christelike Sektes en ondersoek spesifiek hulle priesterskap en vra vir hulle: Watter liefde het dan vir julle na julle vermeende waarheid wat julle preek, getrek? En ongelukkig sal julle dikwels op hulle gesigte en hulle mae geskrywe vind: die bes moontlik tydelike versorging sowel as `n epikuristies gedekte eettafel met allerlei voorbereide lekkernye, wat net iewers

op die lewe aangetref kan word; en hoe hoër sodanige priesterskap opgang kan maak, hoe meer epikuristieser word hulle deugdes en daarmee saam ook hulle selfsugtigheid en heerslus.

17] Sodanige volgelinge van My Apostels en Dissipels kom dit verseker nie na, wat Ek vir My Apostels en Dissipels gesê het, dat hulle nie vir die komende dag moet sorg - wat hulle moet eet en drink en wat hulle moet aantrek nie, maar net – om My ryk en sy geregtigheid te soek; alles anders, wat hulle benodig, sal vir hulle bygegee word.{mt.06,33}

18] Toe Ek My Dissipels uitgestuur het, het Ek vir hulle gesê: "Julle moet nie twee rokke dra nie en in julle klere moet nie sakke gewerk wees nie, om nie allerlei gawes wat vir julle aangebied word te bêre nie; ook moet julle nie stokke dra om julle mee te verdedig nie; want indien julle vir My lewendig by julle het, dan is julle in elk geval vir hier en die hiernamaals met alles versorg."{mt.10,10; mk.06,08; lk.09,03}

19] Sou die priesters in die huidige tyd ook met hierdie versorging tevrede gewees het, wat hulle werke onder allerlei Godplaasvervangerskap bedryf, vir geld skynbare Godverdienstelike werke verrig, waaraan hulle dikwels self nie `n enkele vonk geloof heg nie? Sal hulle tevrede wees met een kleed sonder sakke, wat met goud omboorde klere rondloop en ywerig gemoeid is om die hele volk deur hulle glans te verblind? - `n Hedendaagse Biskop wil `n volgeling van enige van die Apostels wees! Loop hy sonder stok rond? O beslis nie! Verkoop sodanige stok (of staf), en julle kan `n arm familie vir `n lang tyd baie goed versorg. `n Hele land kan vir baie jare goed versorg word, indien dit net in besit kon kom van die pous se tiara en verskeie kardinaalhoede; want sodanige tiara bestaan uit suiwer goud en die grootste kosbare edelgesteentes soos diamante, robyne en smaragde en groot pêrels, en sal verseker so veel miljoene werd wees, as wat Ek Apostels getel het, en `n kardinaalhoed kos 80,000 Dollar! Sou dit nie `n aansienlike som geld vir `n arm land wees nie? (in terme van 1850! - die vertaler) Maar laat ons hulle bly by hulle sogenaamde ‘triomfantlike kerk'; ten spyte daarvan het hulle nog steeds nie hulle huise op `n rots gebou nie, en die groot storm staan voor die deur, wat vir hulle sal wys, hoe verstandig hulle was! - Maar wanneer die storm sal kom, dan sal daar baie geween en gekners van tande wees, en dan sal dit sê:{mt.10,10; mt.07,26; mt.08,12; mt.13,42 .50; mt.22,13; mt.24,51; lk.13,28)

20] Wee almal, wat wil vlug en probeer om hulleself op die vaste rotse te vestig. Want wie nie sal hê in daardie tyd nie, soos al hierdie, van hom sal ook geneem word wat hy gehad het, en hulle sal nie na die lig toe kom nie, maar deur My storm uitgestoot word in die buitenste duisternis in, en daar sal nog meer geween en gekners van tande wees - of met ander woorde gesê, nog meer wedersydse vervolging en verwensings. Die gelowiges wat bedrieg is, sal hulle ‘verskaffers van die hemel' oorval en hulle nie veel beter behandel as een grimmige vyand sy teenvyand nie. Want iemand wat bedrieg is, laat die bedrog net vir solank toe, as wat hy nog blind is, dat hy die bedrog nie kan insien nie; maar kom hy dit eers eenmaal agter, wee dan die bedrieër! - En hierdie wee staan nou reg voor die deur!! Daar is reeds `n groot aantal skerpskutters, en hulle sal die teiken nie mis nie.{opb.06,15; mt.13,12; mt.25,29; mk.04,25; lk.08,18; lk.19,26; mt.08,12; mt.13,42 .50; mt.22,13; mt.24,51; lk.13,28}

21] Ek meen, die van My aan die begin vir julle verskafte tekste uit My woord sal hierdeur vir julle voldoende insig verleen. -

Gehoorsaamheid teenoor die owerhede

(GH3,322)

01] Die teks, waarvan gister onder julle gepraat was, waarvolgens `n mens aan elke owerheid gehoorsaam moet wees, ongeag of dit goed of boos is, aangesien dit geen mag sou gehad het as dit nie van bo gegee was nie. - {a Rom.13,01}

02] Daardie teks is, soos in die Apostel Paulus, in `n sekere sin reg; maar `n byvoegsel, wat Ek per geleentheid by geplaas het, is weggelaat. Maar die byvoeging lui: "Solank as wat die besit van die gees van waarheid uit My in die owerheid inwoon." -

03] Indien julle agterkom dat dit nie meer die geval is nie, dan is dit ook tyd om sulke owerhede, wat nie meer uit die hoogtes geïnspireer word nie, op die gevoeligste die rug te draai, want as dit nie die geval was nie, dan moes Ek in alle erns gesê het: Wees aan alle duiwels onderdanig en gehoorsaam! Dit sal julle tog van My nie verwag nie, waar Ek tog uitdruklik gesê het dat julle alles moet ondersoek en net die goeie en ware moet behou.{1.thess.02,04}

04] Trouens moet by die teks, wat, soos Ek reeds gesê het, swak vertaal is, opgemerk word dat daar in die plek van goed of boos - mild of streng gebruik moes geword het. En indien julle dit nou weet, sal julle dan goed insien dat Ek nie gesê het dat julle ook aan die duiwels moet gehoorsaam wees nie.

05] Indien julle dit reg beskou, dan sal julle wel insien, dat sodanige kras onsin nooit uit My Mond kon gekom het en nooit sal kom nie.{rom.13,01}

06] Indien enigiemand van julle nog iets in die skrif vind, wat nie met die gesonde verstand strook nie, kom met so `n teks voorendag, en daar sal vir hom lig gegee word daaroor. Amen.

Skynbare teenstrydighede in die verskillende Evangelies (GH3,328 - 17/3/1864)

01] "En het haar nie erken nie, totdat sy haar eerste seun gebaar het; en het hom die naam Jesus gegee." (Mt.01,25) {lk.02,07}

02] "Is hy dan nie die timmerman se seun nie? Is sy moeder dan nie Maria nie? En sy broers Jakob en Joses en Simon en Juda nie?" (Mt.13,55){lk.04,22}

03] "En sy susters - is hulle nie almal by ons nie? Waarvandaan het hy dit dan alles gekry?" (Mt.13,56)

04] Hierdie plekke het (by sommige kritikusse) rede verskaf tot die aanname, dat Maria nog ander kinders gehad het.

05] "Die koningin op die middag sal optree by die jongste oordeel teen die geslag, ens." (Mt.12,42)

06] "Dus sal dit ook gaan aan die einde van die wêreld, ens." (Mt13,49)

07] "Want dit sal ooit gebeur, dat die Menseseun sal kom in die heerlikheid van die Vader met sy engele, ens." (Mt.16,27)

08] Maar Jesus het vir hulle gesê. ens. "Julle sal ook sit op die twaalf stoele en oordeel die twaalf geslagte van Israel." -

09] Hierdie verse het tot die aanname gelei van `n jongste dag en oordeel.

10] "Toe is Jesus van die Gees in die woestyn gelei, sodat Hy van die duiwel versoek sou word." (Mk.01,02-11){Mark.01,12-13; lk.04,02-13}

11] "Maar Ek sê vir julle, dat julle nie die euwel moet vergeld nie, maar indien iemand vir jou `n hou gee op jou regter wang, vir hom bied ook die ander wang." (Mt.05,39)

12] "En wanneer iemand met jou wil stry en jou kleed wil neem, vir hom gee ook die mantel." (Mt.05,40) {lk.06,29}

13a] "Julle moet nie dink, dat Ek gekom het, om vrede te stuur op aarde nie. Ek het nie gekom, om vrede te stuur nie, maar die swaard." (Mt.10,34)

13b] "Want Ek het gekom, om die mens op te sweep teen sy vader, die dogter teen haar moeder en die skoondogter teen haar skoonouers." (Mt.10,35)

13c] "En die mens se vyande sal sy eie huisvriende wees." (Mt.10,36)

13d] "Sien, Ek stuur vir julle soos skape onder die wolwe; daarom wees slim soos die slange en sonder valsheid soos die duiwe." (Mt.10.16)

13e] "Maar wees versigtig vir die mense, ens" (mt.10,17)(lk.12,51 .52 .35.)

14] Letterlik is hierdie teenstrydighede en in die menslike lewe nie toepasbaar nie, want daardeur sou enersyds die geweld van die sterker gesanksioneer word, die minder sterk tot slawe, die hoogmoedige net nog meer trots maak en elke ongeregtigheid `n breë basis verskaf. Andersyds is weer die geveg gegee en dus ook die weerloosheid van die skaap teenoor sy vyand.

15a] "Dus sal die Menseseun (nes Jona) drie dae en drie nagte in die middel van die aarde wees." (Mt.12,40)

15b] "en op die derde dag sal hy weer opstaan, ens." (Mt.17,23)

15c] "Ek wil na drie weer opstaan." (Mt.20.19)(lk.13,32; mt.26,61)

15d] "Op die aand van die Sabbat egter, wat begin op die môre van die eerste weeksdag na die Sabbat, het Maria Magdalena en die ander Maria gekom, om na die graf te kyk." (Mt.28,01){mk.16,01 .02; lk.24,01 .06; joh.20,01}

15e] "en op die derde dag sal hy opstaan." (Mk.12,40)(mk.10,34)

15f] "Hy het opgestaan en is nie hier nie." (Mt.16,06)

16] Lk.23,44-46 - (Hierdie word aangevoer rakende die uur van dood teenoor die tyd van die opstanding) en Johannes 19,31. Verwydering van die kruis.

17] Hoe stem hier die tyd van die dood met die tyd van die opstanding ooreen volgens die verskillende verse? Het die liggaam van die Heer drie dae in die graf gelê, soos dit dikwels aangeneem word, of is, indien die begrafnis volgens ons aanname op `n Vrydag gebeur, die opstanding op Sondag oggend, dus op die derde dag plaasgevind?

18] "Want nes Jona was hy drie dae en drie nagte in die walvis se maag." (Mt.12,40) Wat was dit vir `n vis, of was die vis net `n geestelike ooreenkomstige uitdrukking?

19] "Toe gaan die koning na binne, om die gaste te bekyk - en sien toe daar `n mens, wat geen paslike kleed vir die troue aangehad het nie, ens." (Mt.22,11-12)

20] "En daar was `n jongeling, wat hom gevolg het, hy was met linne geklee op sy blote vel; en die jongelinge het hom gegryp." (Mk.14,51) "Maar hy het die linne laat vaar en het nakend van hulle af gevlug." - Wie was die jongeling, en waarom word hy net by Markus genoem?

Die Evangelis Matthéüs

(GH3, - 18/3/1864)

01] "Wat die eerste vraag aanbetref, is daar in hierdie opsig reeds `n klein verduideliking in die eintlike Johannes-Evangelie gegee. Net om hierdie saak vir julle nog baie duideliker te maak, moet julle weet, dat die Evangelies Matthéüs toe eers deur My opgeneem is, toe Ek hom op my reis na Kis, op `n halte tussen Kapernaum en Kis as `n tollenaar in Romeinse diens aangetref het; en dis hoekom daar ook beskuldigings na My geslinger is, dat Ek met tollenaars en sondaars te doen het. {jev01.037,04-06; mt.09,11; lk.07,34}

02] Maar aangesien hierdie Matthéüs goed met die pen was en nie meer van My af wou weggaan nie, is hy toe deur My as skrywer opgeneem, maar eintlik net vir feite, terwyl My Johannes die Woord, naamlik dit wat Ek geleer het, opgeteken het, en Matthéüs dus die minder geestelike dele van My leerstellings en preke aangeteken het, maar dit nog altyd by geleentheid deur Johannes laat korrigeer het; want Matthéüs het `n goeie geheue vir feite gehad, maar `n swak een vir die leerstellings.{jev01.037,04-06; jev01.038,03-09; jev01.082,04}

03] Van My familie aangeleenthede het hy (Matthéüs), solank as wat hy met My rondgetrek het, baie min geweet, en wat hy geweet het, dit was by tye deur Jakobus, Simon en Johannes aan hom vertel, maar wat hy nie onmiddellik opgeskryf het nie, maar eers `n paar jaar later na My opstanding, toe hy in die plek van Judas Iskariot tot `n Apostel verkies is."{Apg.01,24}

04] "Hierdie Apostel Matthéüs self, as `n Evangelis, het sy Evangelie baie ordentlik en korrek saamgestel en daarmee na die suidoostelike streke van Asië gereis."

05] "Maar toe het daar in Jerusalem, in Galilea, in Samaria, in Tyrus en Sidon vyf Mattheusse na vore gekom, en elkeen het `n Evangelie Matthéüs geskryf; waaronder die een wat in Sidon verskyn het, onbetwisbaar nog die mees aanneemlikste een was.

06] "Die ander vier is by die groot kerkvergadering in Nicea, wat nie met hierdie, maar ook nie onder mekaar ooreengestem het nie, geheel en al as apokrief verwerp, terwyl die Sidonese, as die mees waarskynlik egte een behou is. En so is hierdie een gedeeltelik ook apokrief, alhoewel die skrywer alle denkbare moeite gedoen het om die saak so waar as moontlik daar te stel.

07] "Hy self het eintlik - in plek van hierdie een - veertien Evangelies, afhangende van hoe iemand vir hom die saak as vermeende ooggetuie oorvertel het. Uit hierdie veertien het hy dan `n vyftiende een geskryf, wat volgens die beoordeling van baie gesaghebbendes as die belangrikste en mees korrekte een verklaar is; en hierdie pseudo-Matthéüs, wie se eintlike naam L'Rabbas was, is die skepper van die huidige Matthéüs Evangelie."

08] "Maar die werklike een bevind hom nog vandag in `n groot boeke- en skrifversameling in `n beduidende bergstad in Agter-Indië, wie se skrif- en boekeversameling waarskynlik die grootste en rykste een op die hele aarde is, na die een wat in Alexandria afgebrand het. Dit bestaan uit verskeie miljoene boeke en geskrifte van alle soorte, tot watter versameling ongelukkig net die hoë priesters, wat onder die opperste priester Brahma staan, toegang het. Die Birmane alleen besit `n egte, maar baie verkorte afskrif daarvan."

09] "Julle wil seker ook weet wat met die Apostel Matthéüs in hierdie lande van Indië tot aan sy einde gebeur het? Hy is heel goed ontvang daar, maar durf sy leerstellings net aan die priesters en aan geen ander mens meedeel nie. Maar op sy oudag het hy tog, deur die leiding van My Gees, `n geleentheid gevind om na die Birmane te kom, en het vir hulle allerlei wysheid geleer en het dan ook vir hulle die reeds voorheen genoemde verkorte Evangelie geskryf."

10] In sommige beter tradisie word hierdie Apostel en nog `n kollega ‘die Apostel van Indië' genoem."

11] "Hieruit kan julle maklik aflei hoe dinge met die aan julle bekende ‘Matthéüs Evangelie' staan, so ook met die aangehaalde Hoofstuk13, waar gesê word: "Is hy dan nie die timmerman se seun nie? Is sy moeder dan nie Maria nie? En sy broers Jakob en Joses en Simon en Juda nie? En sy susters - is hulle dan nie almal by ons nie? Waarvandaan het hy dit dan alles gekry?"{mt.13,55; mk.06,03}

12] Om dit te verstaan, moet `n mens weet wat reeds in Johannes genoem is, dat Ek eenmaal na Nasaret gekom het, daar in die sinagoge gepreek en sommige wonderwerke verrig het; en toe my Apostels en Dissipels selfs opmerkings daaroor gemaak het, Ek vir hulle gesê het: ‘`n Profeet geld nêrens minder as in sy vaderland' nie, en het dan ook Nasaret verlaat en daarna nooit weer daarheen teruggegaan nie.

13] "Maar wat My sogenaamde broers en susters betref, was hulle wel kinders van Josef uit sy eerste huwelik; maar nie kinders van Maria nie, wie se eerste maar enigste Seun Ek was.{mt.01,25; lk.02,07}

14] "Maar wat die susters betref, was hulle nie dogters van Josef nie, maar kinders van sy arm familie, en `n mens het ook na hulle as susters verwys, omdat hulle geheel en al na die sin en wil van Josef en ook Maria geleef en gehandel het."

15] Drie van die broers het saam met My getrek, naamlik Jakobus, Simon en Johannes; maar twee het agtergebly en die beroep van Josef beoefen en het Maria versorg tot op die stadium dat Ek vir haar aan Johannes vir verdere versorging oorgegee het."

Lukas Evangelie en die ‘jongste oordeel'

(GH3,333 - 19/3/1864)

01] Die genoemde skynbare teenstrydighede sal julle ook in die Evangelie van Lukas vind; want hierdie Evangelis het eers vyftig jaar na My die Evangelie geskryf en ook die Apostelgeskiedenis; maar ook sy Evangelie is `n samevoeging van dit wat hy deur ywerige navorsing oor My en die Apostels tot stand gebring het.

02] Alles wat hy geskryf het, het hy vir sy bekende vriend Theophilus na Athene gestuur, waarop Theophilus toe weer `n evangelie uit die evangelies van Lukas geskryf en met verskeie byvoegings verryk het, maar onder andere ook sommige foute daarin vermeng, wat gelei het tot sommige teenstrydighede, veral ten opsigte van die natuurlike letter betekenis, veral My hoogs tirannieke optrede met betrekking tot die ‘jongste oordeel', wat glad nie met die enigste, tot nou toe nog, mees korrekte kort Evangelie van Johannes ooreenstem nie; tog geestelik nog altyd `n beligting toelaat, - en ons sal daaroor en oor nog baie ander dinge in die volgende woord praat. En dit is dus eers genoeg vir vandag. Amen.{lk.01,03; b mt.25,31-46; lk.21,25-27; Apg.17,31}

03] Ek het al gister vir julle genoem, dat van die besondere ‘jongste oordeel' in die Evangelie van Matthéüs (L'Rabbas) en nog meer by die Evangelis Lukas breedvoerig melding gemaak word, en dat juis daardie jongste oordeel meestal skuldig was en nog is, dat baie mense hulleself van My leerstellings afgewend het, vir hulleself leerstellings uit suiwer vernuftigheid volgens hulle verstandelike vermoëns gevorm het, daarvolgens vir hulle medemense geleer, self gehandel en geleef het, en van die skrikdag leerstelling en die profete niks meer wou hoor en weet nie.{mt.25,31-46; lk.21,25-27; Apg.17,31}

04] Want hulle het gesê, en was ook nie verkeerd nie: "Hoe kan `n oneindige wyse God, uit wie se groot en klein skepsels sig- en voelbaar net die liefde inasem, juis die grootste aantal mense alleenlik daaroor geskep het, net om hulle na `n kort lewe op `n materiële wêreld, wat in elk geval net deur allerlei dood en ellende saamgestel is, na die oorgang na die hiernamaals, vir ewig te martel en te pynig vir die oortredings wat hulle in hulle liggame op aarde begaan het?"

05] Ek sê vir julle, so iets sal nie eers vir die ergste en kwaadwilligste tiran op aarde moontlik wees nie, want dit is sekerlik vir sommige van julle uit die geskiedenis van die oer-, voor-, na- en teenswoordige tyd nie onbekend nie, dat te groot tiranne ten slotte vir hulleself bang geword het - en sommige van hulle begin het om te vlug, sonder enige spesifieke rede, behalwe op grond van `n steeds toenemende vrees vir hulleself, en het ook gewoonlik op so `n vlug hulle ondergang gevind.

06] Hier kan Ek julle net met betrekking tot sulke uitwerpsels van menslike boosheid dit byvoeg (as verduideliking van sodanige verskynsel), dat hulle, na `n sekere tyd van tirannieke heerskappy, van steeds meer en meer bose of ongegiste demone in besit geneem word en dat hy as werktuig vir hulle demoniese wraaksug, wat hulle teen `n volk wou uitoefen, moes dien.

07] Wanneer `n mens hierdie tiranne, wat voor die oë van die wêreld werklik gruweldade der gruweldade opgehoop het, daarom reeds vir ewig in die hel moes verdoem, dan sou jy as regter, ja, self `n groter tiran wees as wat hulle dit was. Hoe kon Ek daar (as Ek so `n skerp regter was), vir die Vader, as die ewige liefde in My, onder die grootste pyn van My liggaam vir al daardie, wat vir My gekruisig en laat kruisig het, smeek dat Hy vir hulle moet vergewe, aangesien hulle nie geweet het wat hulle doen nie! -{lk.23,34}

08] Want die fariseërs, vanaf die hoëpriester Kajafas tot by die soldate, wat My liggaam aan die kruis geslaan het, - hulle het werklik nie een geweet met Wie hulle nou eintlik in My te doen gehad het nie. Want die fariseërs het My, ten spyte van My dade en leerstellings, eerstens as `n hoofmagiër uit die skool van die Esseners beskou (hierdie gedagte spook nog), wie by hulle uiters gehaat was, en tweedens het hulle vir My as `n opsweper van die Judese volk beskou, wat vir die Romeine `n geleentheid berei het sodat hulle alle vryheid vir die Jode en ten slotte ook hulle geloofskultuur sou verbied.

09] Daarom, hoe groter tekens Ek dus volbring het, des te meer het My vyande, wat aan julle bekend is, gegroei.

10] Maar wat die soldate aanbetref, was die meeste soldate van die Romeine huursoldate gewees wat uit alle nasies van die Romeinse ryk bymekaar gegooi was en hulle was vir die Romeine al hoe meer voordelig en bruikbaar, hoe meer grusaam en harteloos hulle hulleself tydens gevegte en kleiner teregstellings gedra het; want `n gevoelvolle Romeinse soldaat sou `n onding vir die oorlogsgesinde Romeine wees. Maar hieruit kan afgelei word dat die gewone Romeinse huursoldate nog minder geweet het wat hulle doen, as My aartsvyande self, wat aan julle bekend is, en hier kan weer gevra word of dit volgens My goddelike wysheid werklik reg en regverdig sou wees om hulle almal, vir dit wat hulle aan My gedoen het, vir ewig in die hel te verdoem en hulle te gooi in ewige marteling en pyn?{mt.25,31-46}

11] Het Ek dan die regterkantse misdadiger, wat soos bekend vir My aan die kruis gespot het, daarom verdoem? - Dit staan werklik nêrens geskryf nie; maar die ander misdadiger, wat My as `n regverdige erken het en vir die regterkantse misdadiger weens sy spottery `n goeie berisping gegee het, het Ek daarvoor die versekering gegee dat hy nog op dieselfde dag by My in die Paradys sou wees, alhoewel hy vir roof en moord aan die kruis moes sterf. (Paradys, toestand van vrede, maar nie hemel nie.) {lk.23,39-43}

12] Waar is die sodanig verskriklik gesketste oordeelsdag dan, waarvolgens skaars `n desiljoenste deel van alle mense in die hemel sou beland, maar al die ander vir ewig in die hel?!

13] Hoe kon Hy van sodanige skrikdag gepreek het, wat in die Tempel vir die vrou wat owerspel gepleeg het, die skuld in die sand geskryf het, en by `n ander geleentheid, in teenwoordigheid van baie sondaars, hardop uitgeroep het: "Kom almal na My toe, die wat vermoeid en belas is, Ek sal julle verkwik!" {joh.08,03-11; mt.11,28}

14] Weereens het Ek op `n tyd gesê, toe `n skrifgeleerde My gevra het, wat so `n halwe geloof vir My betuig het: "Meester! Ek erken, dat U reg en regverdig geleer het, en `n mens kan niks daarteen sê van dit wat U geleer het nie; maar tog sê U in U boodskap: ‘Wie aan U glo en volgens U woord handel, die sal die ewige lewe hê, ook dan, wanneer hy, indien dit moontlik was, eenhonderd maal sou sterf in die wêreld!' Maar kyk nou na die volkere en mense op hierdie aarde, wat van U en U boodskap in twintigduisend jaar en meer niks sal verneem nie; hoe sal hulle aan U glo en volgens U woord lewe? Sal daardie byna tallose mense almal na die ewige dood oorgaan, omdat hulle nie aan U kon glo en nie U woorde kon hou nie?"{joh.08,51; joh.06,40 .47}

15] Aangesien daardie skrifgeleerde by `n geleentheid so `n vraag aan My gerig het, het Ek vir hom die uitspansel, wat oortrek was met sterre, met twee vingers gewys: "Kyk daar na bo, dit is die huis van My Vader! In daardie eindelose groot huis is daar baie kamers. Wie nie vir My hier kon leer ken en My lewendige woord verneem het nie, vir hom sal daar beslis in hierdie groot huis `n geleentheid vir die doel van sy ewige lewe gevind kan word! Daarom moet jy jou nie oor hulle bekommer nie, die wat nou en ook in die latere vervolg niks hier van My sal verneem nie, want ‘My Vader' ken hulle almal en het ook nie een tot die ewige val, maar tot die ewige opstanding uit Sy liefde en wysheid in die lewe geroep! En jy het daardeur aan My `n skynbaar wyse, maar tog steeds ydele vraag gerig."{joh.14,02}

16] Het Ek daarom die ‘slegte opsigter' se werkgewer, wat julle almal in `n mindere of meerdere mate is, weens sy swak huishouding verdoem, omdat hy sy werkgewer bedrieg het, maar daarby `n weldaad aan die skuldhouers bewys het, en dit nog boonop omdat hy goed geweet het dat sy werkgewer hom sal afdank? Ek het toe nie gesê: Moenie soos so `n opsigter word nie - maar doen dieselfde, soos wat ook hy gedoen het, en hulle, vir wie julle op rekening van My Naam geestelike en liggaamlike weldade verrig het, sal julle eendag in hulle hemelse wonings opneem! {lk.16,01-09}

17] Waar is daar by so `n boodskap enigiets van die skrikwekkende jongste oordeelsdag te sien, waarin die twee aan julle bekende wraakevangeliste, L'Rabbas in die plek van Matthéüs en Theophilus in die plek van Lukas, hulle skuldig gemaak het aan verskeie dinge rakende My liefde en wysheid?

18] Maar die mees skrikwekkende is eers na die groot kerkvergadering in Nicea - sowel van Griekse kant, en nog meer van die Romeinse hoofbiskoppe gedoen; want hulle het geen moeite ontsien, deur gedeeltelik uit die heidense Tartarus en deels uit die oud-Joodse Sheol, aan die jongste oordeel, die vagevuur en die hel die lewendigste kleure toe te voeg en het uit My in een persoon, die aan julle bekende Äakus, Minos en Rhadamantus, wat die regteramp in die hiernamaals oor die verstorwe siele beklee, gemaak. Ek moes daarvolgens alles onverbiddelik en onbarmhartig veroordeel, verdoem en vir ewig in die hel in vervloek, wie nie aan die verordeninge en bevele van die sogenaamde 'heilige vader' in Rome gehoor wou gee nie.

19] Ek meen om ook hierdeur voldoende aan te toon, dat nóg Ek, nóg enige van My ware Evangeliste, die uitvinders en leermeesters van dit alles is en kan wees nie. Want Ek kan tog nie van Myself wil beweer dat Ek die hoogste liefde en barmhartigheid is en môre die hoogste wraakgierigheid, onverbiddelike onbarmhartigheid en ewige straf- en martelsugtigheid teen My kinders handhaaf, op grond van hulle oortredings, waaraan hulle dikwels grondoorsaaklik nie die honderdste deel werklike skuld dra nie. Ek het nie gekom om dit wat verlore was, nog meer verlore te maak nie; maar om dit in alle liefde op te soek en weer na die lig toe te bring, sodat dit nie verlore gaan nie. As Heiland het Ek tog net ter wille van die siekes, en nie vir die wat gesond is, in die wêreld gekom nie. Moes Ek dan die siekes nog sieker maak as wat hulle in elk geval reeds was? Dit sou die leerstellings in die sin van die fariseërs gepas het, en in besonder die baie sogenaamde heilige vaders in Rome, maar nie volgens My sin nie, aangesien Ek selfs nie eers vir My as mens deur ander mense as 'goeie meester' laat aanspreek het nie. Dan is dit tog onmoontlik! Ek het gesê: "Waarom noem julle My goed, niemand is goed behalwe God alleen nie"; dus moet julle ook niemand 'Vader' noem nie, behalwe julle Vader in die hemel, en niemand is heilig, as slegs julle God alleen nie! {mt.18,11; lk.15,04-07; mt.19,17; mt.23,08; mt.23,10; mt.23,09}

20] Wat moet dus van sodanige 'Plaasvervanger van God op aarde' gehou word, wat homself 'Heilige Vader' en 'U Heiligheid' laat noem, en wat moet van die jongste oordeel en voorafgaande besondere oordeel, vagevuur en hel gehou word, wat die meeste deur hom voorgehou word?

21] Ek sê vir julle, net so min as van sy heiligheid, van sy onderdanige hoogwaardigheidsbekleërs, van die stoel Petri in Rome, watter stad Petrus nooit gesien het nie, en van die kruispartikels van daardie kruis, waaraan Ek gekruisig is, wat op grond van baie wyse redes net so min op die hele aarde êrens as eg gevind kan word, soos My liggaamskleed, wat al dikwels in Trier in Duitsland vertoon is, nie eg is nie; of die gebeentes van die liggame van die drie konings in Köln, of die drie ysterspykers in Mailand, aangesien van hulle in alle Romeinse en Griekse kerke tesame, so `n groot hoeveelheid beslaan, dat `n klein trein daarmee gebou kon word. Oor die ander dinge kan julle julle eie afleidings maak en dit is nie meer vir My nodig om nog iets daaroor te sê nie. Dat `n mens tot nou toe reeds drie egte koppe van Johannes die Doper gevind het, sal min of meer aan julle bekend wees, ook dat in die (vermeende) grot van My geboorte, nog steeds versteende melk van My moeder Maria opgetel en vir geld aan die vrome pelgrims verkoop word, langs baie ander heilige relieke!

22] Bly dus net by die Evangelis Johannes; want daardie Evangelie, soos sy Openbaring, is deur sy hand geskryf. Maar wat die twee ander Evangeliste betref, dit wil sê, Matthéüs en Lukas, het Ek julle reeds gewys watter omstandighede daar tydens die twee Evangeliste geheers het. Naas Johannes is Markus die belangrikste om na te kyk, want dit wat hy baie kortliks gee, het hy meestal uit die geskrifte en leerstellings van die Apostel Paulus geskep. En hiermee puncto met die vermeende aller verskriklikste aan die einde van alle tye komende jongste oordeelsdag - Amen!

SKRIFVERDUIDELIKINGS DEUR JESUS

Die 40 dae in die woestyn

{lk.04,01-13; mk. 01,12-13;} (GH3,338 - 20/3/1864)

01] Voortsetting van die verduideliking van daardie verse wat reeds sedert lang tye vir alle geleerdes en ook baie teosowe, selfs van die beste soort, `n steen des aanstoot was.

02] Onder hierdie verse, waar daar veral baie by Matthéüs en Lukas voorkom, behoort ook daardie, waar daar sprake is daarvan hoe Ek deur die Gees in die woestyn gelei is, vir veertig volle nagte en dae daar gevas het en My uiteindelik drie maal deur die duiwel laat versoek het, aangesien Ek reeds baie honger was.

03] Onder natuurlike omstandighede is hierdie storie natuurlik totale onsin, want as `n gewone mens (en in `n normale toestand) kan niemand so lank sonder spys en drank bly nie, aangesien `n kwart van daardie tyd vir elke mens voldoende sou wees om die fisiese lewe in te boet.

04] Verder sal elkeen tog kan insien, of daar in `n werklike woestyn ook werklik net vir die uiterste noodgeval iets om te eet en te drink gevind kan word! `n Mens moes dan hoogstens met `n bietjie dorre mos, verdroogde seidissel bossies en so meer tevrede wees, en ure lank loop totdat jy op `n bietjie vrot water afkom, om die dors te les. Daaruit kan gesien word dat so `n manier van vas in natuurlike opsig hoogstens net by daardie diere kan plaasvind wat `n winterslaap ondergaan, maar nooit by die mens nie, waar niemand langer as agt dae sonder spys en drank die fisiese lewe kan behou nie.

05] Maar mense sal hier, op grond van `n sekere selotiese oogpunt die opmerking kan maak: Ek was tog nie net `n gewone mens nie, maar gelyktydig ook God, en die Godheid in My kon My liggaam goed vir veertig dae en nagte sonder spys en drank aan die lewe hou! - Maar Ek sê daarteen: Indien dit die geval was, dan het Ek nie gevas nie, want die natuurlike kos het ook net, van God so bestem, die krag om die menslike liggaam te voed en te onderhou. Is dit dan nie een en dieselfde, of iemand direk of indirek deur die goddelike krag en mag gevoed, onderhou en versterk word nie?!

06] In Asië, naamlik in sommige grotte van die hoë Indië, bestaan daar vandag nog `n eiesoortige lugsoort waarin mense baie weke lank sonder spys en drank kan deurbring. Hulle word derhalwe ook ‘lewensgrotte' genoem. Daar kom sodanig versterkende en voedsame uitwasemings voor, dat dit die menslike liggaamsorganisme net so goed kan onderhou soos spaarsame kos en ooreenkomstige drank. Daardie grotte, en ook die omringende grond vir `n taamlik lang afstand, is - en word gedeeltelik nog - as heilig beskou, en dien vir menigte arm mense, wat daarheen reis, vir maande lank as blyplek; want eerstens word hulle in sulke grotte gevoed en word, veral siekes, op `n eiesoortige manier versterk en daardeur weer genees. Indien die grotte dikwels nie voldoende plek het nie, dan word daar in die reeds bogenoemde grond grafte gegrawe en die siekes en die wat honger is, daarin neergelê, sommige in `n soort doodskis met gate daarin, die meeste egter heel nakend, met net die kop in `n doek gehul, en daarna met skoenhoogte grond bedek, waar hulle dan in so `n graf ook vir `n paar weke kan uithou, en daar soos van `n magnetiese fluïdum versterk en van baie siektes genees, weer kan teruggaan na hulle tuistes, natuurlik nadat `n klein offer aan die priesters, wat die grotte en grafte bewaak, gegee is; en tweedens lok sulke pelgrims wat gevoed en genees is as lewendige getuies van hierdie wonderwerk, wat hulle weet om baie kleurvol oor te vertel, baie vreemde mense, dat hulle dan met groter skatte belaai na hierdie wondergrotte en grafte reis en vir die priesters vir hulle genesingsbewyse aansienlike hoeveelhede goud en silwer agterlaat.

07] Nou eers ontstaan die vraag: Waarvandaan kry hierdie grotte en die grond in die omgewing sulke voedingstowwe? Die antwoord sal vir `n wetenskaplike navorser seker nie te moeilik wees om te verstaan nie. Die hoë Tibet is in besit van uitgestrekte rye van die hoogste bergreekse op die hele aardoppervlakte. Hierdie baie uiters hoë berg- en respektiewelike gletserpieke trek dan ook voortdurend die sterkste hoeveelheid van die elektromagnetiese fluïdum, hoofsaaklik uit die noorde, en as uitruiling ook van die Suidpool aan. Die elektromagnetiese fluïdum van die noorde (positief) verbind spesifiek in die meer suidelik geleë dele van hierdie indrukwekkende gebergtes met die opstromende negatiewe fluïdum uit die suide en vorm daar `n heel eiesoortige lewenstof, wat dikwels so sterk is, dat takke wat van `n boom afgekap en op die grond geplaas word, nie verdroog nie, maar aaneen groen bly, nuwe wortels in die grond dryf en opnuut tot nuwe bome groei, met watter (lewenskragtige) rede `n mens in daardie omgewing nog op `n hoogte van 14 000 voet bo seespieël, `n ryke gras- en struikplantegroei aantref soos nêrens anders op die hele aardoppervlakte nie.

08] Ek het hierdie voorbeeld daarom hier geplaas, om vir julle te wys dat daar in die verre en hoë Indo-asië, waar op hoogtes van 5 000 tot 8 000 voet bo seespieël nog ryk draende wingerde verbou word, wel vir veertig dae en nagte gevas kon word; slegs in `n woestyn, en dit nog die klipperige Arabië, en spesifiek die woestyn Sahara in Afrika, moet iemand dit net probeer om veertig dae en nagte te vas, en ek waarborg hom dat hy in daardie tyd reeds in `n volmaakte mummie sal verander. {mt.04,01; lk.04,02; mk.01,13; Ex.34,28; 1 kon.19,08; jev09.134,11a}

09] In die omgewing van Galilea, net soos Kanaän en Samaria, het in My tyd geen sodanige woestyn bestaan nie, waar `n mens om versadig te raak, nodig gehad het, om brood uit klippe te maak. En Ek as God en Mens sou, om vir My te onderhou, soos reeds gesê, dit nie nodig gehad het nie; want sou Ek natuurlike kos in die tyd, al was dit hoe min, geëet het, dan sou Ek, volgens die begrip van die selote, nie gevas het nie, en sou Ek vir My deur die Godheid in My wonderbaarlik onderhou en laat versterk het, dan sou Ek net so min gevas het as `n pelgrim in die bogenoemde hoog geleë Tibetaanse grotte. Dus is My vas (in die woestyn) soos beskryf in die ware pseudo-Matthéüs, net soos baie ander dinge, geheel en al verkeerd verstaan, net soos aan die einde van die vastydperk die letterlik vertelde versoeking deur die duiwel, wat Ek weens die een of ander rede oor My laat bring het, en Ek sou by al My oneindige wysheid werklik nie verstaan waarom nie? Want - wat is dan eintlik die duiwel of die Satan? Dit is die dooie materie en die geoordeelde geeste wat daarin gebonde is en wat daardeur dikwels vir uiters lang tye daar is, wat nêrens meer star en meer geoordeel is, as juis in `n woestyn waar daar meer dood en minder lewe voorkom. {mt.04,02; lk.04,02; mk.01,13; Ex.34,28; 1 kon.19,08; b mt.04,03-10; lk.04,03-13}

10] Maar indien dit die duiwel of Satan was, en Ek Self sedert ewigheid uit die hoogste liefde en wysheid bestaan, met watter rede moes Ek My dan op so `n wyse deur die Satan laat versoek het, waaroor `n net bietjie helder denkende mens die kop moet skud? Ek kon ook sonder sy raad brood en drank aan My verskaf het om daarmee My liggaamlike persoon te voed, aangesien Ek tog dikwels daarna in staat was om vir `n paar keer baie duisende met baie min brode te versadig, en ook baie kere die leë spense met brood, meel en soortgelyke dinge, en die leë wynvate in kelders vol gemaak het.

11] En waarom moes Ek My deur die versoeker op `n toring van die Tempel van Jerusalem laat plaas? Vir die doel sou tog enige hoë rotswand ook voldoende gewees het, waar Ek nie van so baie mense, wat altyd om die Tempel was, gesien en dopgehou moes word nie. Sou Ek werklik op `n uitstaande muurkrans van die Tempel gestaan het, dan sou die een of ander sekerlik vir My gevra het, hoe Ek daar bo gekom het en wat Ek daarbo sou gemaak en gesoek het, en die mense sou my dan ook van hierdie tyd af nie meer so maklik toegelaat het om weer na die woestyn terug te keer nie. Van Jerusalem af sou daar oor so `n gebeurtenis verseker notisie geneem gewees het en oorvertellings sou weer daarvan gemaak word.

12] Ten slotte vereis die duiwel op die kruin van `n hoë berg, wie se naam die Evangelis nie noem nie, waarskynlik op grond van die eenvoudige rede, omdat die Sidonees (L'Rabbas, die skrywer van die Matthéüs-Evangelie) Galilea of Kanaän te min geken het en dus ook enige naam van `n onbekende berg geleen het, waarop Ek, as Eienaar van die totale oneindigheid, gestaan het, om die Rykdom van hierdie aarde te ontvang, wat in sy totaliteit niks vir My beteken nie, om vir hom te aanbid, waarna Ek eers vir hom die consilium abeundi gegee het. {mt.04,01-11; lk.04,01-13; mk.01,12-13}

13] Ja, daar is iets daaraan geleë, aan die verhaal van die werklike Evangelis Matthéüs maar wat in julle Evangelie totaal verkeerd begryp en verkeerd verstaan is; maar dit is nie in die geringste materieel nie!

14] Ek het vir My werklik vir veertig dae van die huis van Josef onttrek en het na die omgewing gegaan waar Johannes die Doper dan hier en dan daar naby die Jordaanrivier sy boetepreke gehou het; en Ek het My ook in My menslike natuur daarop voorberei, wat Ek binnekort daarna aktief begin doen het.

15] Dat Ek, as mens, by daardie geleentheid net baie spaarsaam geleef het, is vanselfsprekend, aangesien Ek as timmerman tog nooit `n swelger was nie.

16] Ek het met My Gees nie net die hele aarde deurdring nie, maar die hele oneindige materiële skepping met die doel (`n verdere oorweging), hoe dit die vinnigste en maklikste sou wees om al die geeste wat in die materie gevange was, die volle vrywording van hulle eie ek en volste selfstandigheid van hulle ten volle geoordeelde wese te bewerkstellig. Daarvoor het Ek juis hierdie toets in verbinding met My liggaam met My Gees onderneem.

17] En kyk, in Myself het drie volmaakte moontlikhede hulleself vertoon.

18] Die eerste het daarin bestaan, om die hele materiële skepping in een oomblik op te los en vir al die daarin gevange geeste `n eiebestaan te gee, waarin hulle My wel sal kan erken, maar nooit ten volle gelyk aan My kon word nie.

19] Tweedens, om hulle vir nog `n kort tyd in die materie te laat, maar om hulle dan te laat opstaan sonder die baie ontwikkelingsvlakke; om hulle dan in sekere groepe te deel en op die wyse te laat voortbestaan. Maar in hierdie geval sou hulle hulleself binne hulle groepe sodanig vorm en ontwikkel, deur met baie hoë intelligensie toegerus, maklik van die hoë torings van hulle erkentenis kon afstort, en vir My sou dan weer `n tweede gevangenskap in `n meer vaste materie noodsaaklik word.

20] Derdens het ook `n moontlikheid daarin gelê, om al die gevange geeste weer op een slag op te wek en hulle op die vlak van die oergeskape groot geeste, maar afsonderlik, te plaas. Maar dit sou beteken, om hulle aan die oer-hoogmoed bloot te stel, en daar sou uit die een verlore seun tallose eons geword het, wat baie moeiliker die ware pad huis toe sou gevind het. Hierdie groot idee is dus deur My as onbruikbaar beskou, en die weg, naamlik, dat Ek die materie Self in My volle Goddelikheid moes deurbreek en deurwandel, vir alle ewigheid die aangewese en finale een was, waarop die hele geskapenheid tot sy volste vryheid en selfstandigheid, gelyk aan My kon word.

21] En kyk, daarin bestaan geestelik My vas en die te materiële verhaal van die Evangelis oor die versoeking van die duiwel aan My persoon.

22] Dus is ook hierdie evangeliese saak aan te neem, te glo en te verstaan. Maar wie dit volgens die materiële daarstelling aanneem, sal maar in die groot hiernamaals op die verduideliking en die verstaan moet wag; en sulkes wat moet wag sonder eie skuld, is daar reeds baie. Daarom sal dit ook nie vir hulle as `n sonde gereken word nie, maar hulle sal in `n meer helder sielstoestand van iets beter in hulle innerlike gewaar word. Want hoe wil `n mens dit dan vir die baie stokblinde mense as `n sonde toereken, waaraan hulle nie die geringste skuld dra nie? Soos vanself ontstaan hier nog twee vrae wat beantwoord moet word.

23] Die eerste: Waarom het Ek, as alwetende en almagtige God en Heer, dit dan toegelaat dat My suiwer aan die Apostel en selfs baie ander mense gerigte woord van hierdie en van so baie Evangeliste nie selde op die mees teenstrydige wyse oorlewer is, en dat dit, deur My weinig waarneembare aksies om dit tee te werk, onderneem is nie?

24] Hierdie vraag is dieselfde, soos iemand wat My sou vra waarom Ek op hierdie aarde nie net hawer, koring en gars en goeie vrugtebome uit die bodem van die aarde laat groei nie. Ek glo, dat hierdie vraag nie van naderby beantwoord hoef te word nie, aangesien die mens reeds sedert lang tye deur sy navorsing die ondervinding opgedoen het, dat daar nie een soort onkruid op die hele aarde voorkom waaruit, by korrekte aanwending, nie iets nuttig en heilsaam berei kan word nie. Die aptekers en dokters sal dit die beste verstaan dat `n mens nie uit suiwer koring, graan en gars `n koors kan genees nie, geen uitslag kan verdryf en geen maagongesteldheid kan kalmeer nie!

25] Soos wat dit hier van toepassing is, dat alles sy nut en doel het, so het ook die baie dwaal- en bygelowige mense op hierdie aarde hulle nut en doel; want sou almal, soos hulle reeds op die wêreld aanland, sodanig verlig gewees het soos die aartsengel Rafael, maar nog hulle trae liggame gedra het, dan sou ook geen mens geroer het om oor iets na te dink en met iets gemoeid te wees, die reine waarheid te soek en te vind nie. - Daar sou binnekort `n algehele letargie ingetree het, aangesien geen mens vir die ander van nut kon wees of hom skade kon toevoeg nie. So word die mense, wat met `n meer helder verstand begaafd is, eers deur die wat dom is in regverdige ywer geplaas, om die domheid en duisternis, hoe meer dit dreig om uit te brei, met meer ywer en energie teen te gaan, en

het dan `n groot vreugde daaraan, indien hulle deur hulle ywer, `n groot aantal blinde dwase op die weg van lig gebring het.

26] En vir hierdie behoefte deug dan ook die Evangelies wat in die materiële letterbetekenis teenstrydig is; die suiwer Gees is nog steeds daarin teenwoordig, wat elke klein verligte mens net in My kan raaksien.

27] Maar wat die sogenaamde gewone mensdom betref, wat in hulle blinde eenvoud nes kinders ook die wasser vir die werklike munt aanneem, doen dit hulle geen skade nie; want julle weet dan, dat in My Vader se huis baie wonings en skole is waarin sulke geestelik verarmde siele tot `n regte lig kan kom en ook sal kom. En daarin lê die oorsaak waarom Ek met die sogenaamde verstand-, vernuf- en sinnelose goewerneurs van God op hierdie aarde geduld het en dra. Maar alles het hier sy tyd en duur. Wat vandag nog blom en bestaan, kan môre reeds verdor en vergaan! Dit sou dan die antwoord wees op die eerste vraag.

28] Maar die tweede vraag bestaan daarin: Hoe kon Ek, as die hoogste wysheid van ewigheid, met Myself so te sê `n selfversoekende raad hou, op watter wyse al die geeste wat in die materie gebonde is, op die mees doeltreffende manier na hulle vryheid en selfstandigheid kan oorgaan? Nou, hierdie vraag blyk natuurlik moeiliker te beantwoord te wees as die eerste. Ek sê net: Kan Ek, as die ewig hoogswyse wese, nie ook van tyd tot tyd vir My die genot gun, om by baie groot en gewigtige skeppingsaangeleenthede, met My inwendige liefde (die Vader) `n bietjie beraadslaag hoe dit of dat beter en meer doeltreffend gedoen kan word nie? So `n beraadslaging is vir My `n verhoogde saligheid, net so ook vir al My engelsgeeste in die hele oneindigheid wat hoogs wys is!

29] Die dieper nadink oor `n hoogs belangrike aangeleentheid dien dan vir `n goeie en wyse mens van hierdie aarde as `n groot en besaligende genot; waarom sou Ek, as die Oer-Skepper van tallose gedagtes en wense in die mens en engele - die genot om goddelik te dink, geheel en al ontbeer? -

30] Ek kon ook op aarde alles sodanig inrig, dat die vrugte, wat eers mettertyd ryp word, reeds rypword soos die reën, hael en sneeu soos wat die Manna vir die Israeliete in die woestyn destyds op die aarde geval het, of dat hulle minstens op die bome en struike van vandag tot môre ryp word. Maar Ek meen, dat juis volgens My raadsbesluit, alles op die beste manier op hierdie aarde ingerig is, soos wat dit nou ingerig is. En die mense is uiteindelik net so bly oor `n boom wat blom, as oor `n boom wat reeds met ryp vrugte behang is.

31] Sulke vrae, wat `n hoogwyse geleerde mettertyd hier en daar mag aanvoer, kan vergelyk word met die twis van die ou absurde wêreldwyses, wat die hoogs belangrike vraag geopper het: Wat die Godheid nou eers geskep, die eier of die hen? Want sonder die eier sou geen haan, nóg `n hen op die wêreld kon kom nie, en sonder die hen en `n haan kon egter ook geen bevrugte eier in die wêreld geplaas word nie! Maar Ek vra daarenteen: Of daar vir die geboorte van `n sentrale - of ander son of `n aarde ook `n voorafgaande eier nodig was? - Wie dus hierdie groot dinge uit Homself kan voortbring, sal die hoë geleerdheid van die mense van hierdie wêreld tog aan Hom die magtiging verleen - om hetsy `n eier of hetsy die hoenders met `n haan die eerste bestaan te gee?

32] Die eerste menspaartjie het ook nie `n eier benodig om daaruit te kruip nie. Die mens is deur My, net soos enige ander skepsel, volmaak in die materiële wêreld geplaas, en terselfdertyd met die verlening van die daaropvolgende voortplantingsvermoë (tot infinitief), watter aksie baie meer natuurlik is as wat Ek vooraf `n klomp eiers op die aarde sou plaas, waaruit dan alle soorte skepsele deur die hitte van son sou moes uitbroei.

33] Ek meen, met dit sal julle ook met die tweede vraag regkom; en dus niks verder meer van My veertigdaagse en nagtelike vas en oor My duiwelsversoeking in die woestyn nie. Dis goed vir nou, en vervolgens weer `n ander teks uit die Evangelies wat nie met die suiwer verstand en suiwer rede ooreenstem nie. Amen.

34] `n Aanmerking oor die versoeking deur die duiwel in die woestyn wat in die Evangelies genoem word, op die toring van die Tempel en op die kruin van `n hoë berg dien die volgende vir volledige insig van hierdie aangeleentheid, wat vir die hele wêreld misterieus is, maar wat nie na die uiterlike

verwys nie, maar slegs in terme van die geestelike wêreld aangeneem en verstaan moet word. (Gegee op grond van sommige bedenkinge van vriende van Lorber, die uitg.)

35] In daardie tyd van veertig dae, ter voorbereiding van My leaarsramp, het Ek dit toegelaat dat daar op `n dag allerlei goeie en ook slegte siele van gestorwe mense na My toe kon kom om hulle probleme voor te lê. Toe het daar teen die einde (van hierdie geeste-oudisie) ook `n siel uit die oertyd na My toe gekom. Dit was op `n tyd `n baie bose heerser en het die bekende woorde, wat in die Evangelie opgeteken is, tot My gespreek, en het hom in die gees op die drie bekende punte beroep. Daarom het Ek vir hierdie siel wat nog baie arm was, wat op `n dag ook op hierdie aarde as mens gewandel en gehandel het, gesê: ‘Die mens leef nie van brood alleen, maar ook van elke woord wat uit die mond van God kom'; en op die toring van die Tempel (ook net in die gees) ‘jy moet vir God alleen dien en hom nie versoek soos wat jy hom eens as mens op die aarde versoek het'; en op die kruin van die berg, waar die gees van hierdie bose koning My belowe het om alle ryke aan My te gee, waaroor hy op `n tyd geheers het, as Ek vir hom `n goddelike verering sou gee; waarop Ek hom toe beveel het om van My af weg te gaan. Want die gees of siel van hierdie koning was baie dieselfde soos die gees of siel van die Babiloniese koning Nebukadnezar, wat dit wat sy naam beteken het, van sy volk ook by die doodstraf verwag het. Maar sy naam beteken dit: " Buiten my bestaan daar geen God nie! Vir my moet julle aanbid en julle god met kosbare offers hoogs vereer." Dat Ek vir Nebukadnezar `n baie seldsame Consilium abeundi (uittrede) gegee het, hoef julle net in die skrif na te slaan en op te lees. So `n mens of gees verdien ook niks beter as dit nie: ‘Gaan weg Satan!' om onder daardie gestalte nooit meer voor My aangesig te kom nie. Hierdie kort opmerking mag vir julle nog as regstellende verduideliking tot My veertig dae en nagte se vas in die woestyn en tot die duiwelse versoekings dien. En nou mag julle met `n ander evangeliese teenstrydigheid na vore kom. Ek sal dit regstel. {mt.04,04; dtn.08,03; lk.04,04; mt.04,05; lk.04,09; mt.04,07; lk.04,12; mt.04,08; lk.04,05; mt.04,10; lk.04,13)

Oorveeg en mantel

{mt.05,39} (GH3,347 - 21/3/1864 van 10:30 die oggend tot 1:00 die middag)

01] Wat die 5de hoofstuk en die 39ste vers (Matth.) betref, waarin gesê word, "dat hulle nie aan die euwel moet toegee nie, maar indien iemand iemand anders `n oorveeg gee, dan moet hy dit nie vergeld met `n teen-oorveeg nie" ens., vers 40, "indien iemand met jou wil stry oor jou kleed, gee hom dan eerder nog die mantel daarby", moet die volgende in aanmerking geneem word:

02] Indien iemand net `n bietjie helder kan dink, dan sal hy dit met die eerste oogopslag insien, dat dit wat Ek gesê het, nie eens van ver af in die materiële konteks `n aanwending moet vind en nie kan vind nie; want Ek het dit per geleentheid gesê, toe mense vir My gevra het of Moses se verordeninge deur My suiwer liefdespreek opgehef sou word. Maar Ek het gesê: "Ek hef nie `n enkele woord van die wet van Moses op nie, en vervul dit in soverre as wat dit die liefde inhou."

03] Dit is wel waar dat Moses vir die voorvaders gesê het: `n Oog vir `n oog, `n tand vir `n tand! En wie iemand doodslaan, moet ook weer deur die dood gestraf word; maar onder julle, My dissipels, moet dit anders wees." En juis daar het Ek die voorbeeld van die oorveeg en van die twis oor die regmatige besit van die kleed gegee, wat natuurlik nie heeltemal korrek neergeskryf is nie en daarby kom die onakkurate vertalings van die Hebreeuse taal na die Griekse taal ook nog by, van daar na die Romeinse taal, en lank daarna eers van die drie eersgenoemde tale na Duits, wat in die tyd van die vertaling nog baie woordarm was en vir sommige uitdrukkings in hierdie drie tale, nie een woord gehad het om dit reg weer te gee nie.

04] En die verse moet meer presies as volg lees: "Wanneer jy met `n broer of buurman oor `n klein saak in `n twis beland en hy vasberade teen jou optree, dan moet jy nie nog heftiger reageer nie, sodat die ou vriendskap tussen julle weer lewendig kan word!" {vgl. HaG1.174,14; Mt.05,39}

05] Daarin is daar dus geen sprake van `n oorveeg nie. Juis daardeur sou Ek vir die sterker een die reg bevestig om sy swakker broer of buurman, so dikwels as wat dit hom pas, nie net met een nie, maar ook met twee oorveë by te kom.

06] En dieselfde geld ook vir die saak aangaande die stryery oor die kleed. Maar om hierdie stryery oor `n kleed beter te verstaan, moet `n mens, betreffende die Judese huistradisies en gebruike, `n minstens halfpad voldoende kennis besit. {Mt.05,40}

07] Dit was van ouds af `n gewoonte en gebruiksvorm onder hulle, indien iemand per geleentheid, wanneer hy gewoonlik geen geld gehad het en geen verkoopbare huisdiere nie, maar ten spyte daarvan nog steeds `n kleed of `n mantel of altwee kledingstukke terselfdertyd benodig het, dan het hy na die een of ander kleremaker van sy gemeente van die dorp gegaan, sy probleem aan hom gestel en het dan die betalingsdatum bepaal. Maar nou het dit dikwels gebeur, dat sommige nie by sy betaaldatum kon hou nie of dan ook nie wou nie, en die kleed- en mantelvervaardiger was dan verplig om vir nog `n volgende tweede, ja selfs tot `n derde en laaste datum - maar teen `n klein rente - te wag, totdat die derde en laaste datum uiteindelik verbygegaan het. Na die derde termyn het die kleed- en mantelmaker die reg gehad om die ooreengekome bedrag van hom te verlang, vir wie hy die mantel en kleed gemaak het, en daar het dit voor die regter nie selde `n baie warm debat afgegee. Die kleedmaker wou sy ooreengekome geld kry, terwyl die eienaar van die kleed en die mantel allerlei redes aangevoer het hoekom hy ook nie na afloop van die derde termyn sy skuldeiser kon bevredig nie. In so `n geval het daar `n wet by die Jode bestaan, dat in die geval waar iemand werklik nie kon betaal nie, die gemeente verplig was om die kleremaker te vergoed om hom daardeur in bedryf te hou. Die gemeente het dan die reg gehad om mettertyd by die gemeentelid, wat in gebreke gebly het om te betaal, te eis, indien hulle sou agterkom dat hy wel in staat was om te betaal. Maar onder tien sulke skuldenaars was daar skaars een wat gewillig was om te betaal en het die ander dit verstaan om allerhande redes aan die gemeente voor te lê vir hulle permanente onvermoë om te betaal. Daardeur het dit dikwels tot `n jarelange stryery in so `n gemeente gelei, en Ek was op `n keer daaroor gevra, wat daar na regte gedoen moet word, om so `n euwel teë te werk. En juis daar het Ek gesê: Die beste en mees doeltreffende middel bestaan daarin: Om eerstens volgens die wet van Moses volkome redelik en eerlik te wees, waarvolgens iemand nie iets moet begeer of verlang wat aan sy naaste behoort nie. Maar aangesien dit oor `n twis van `n kleed gaan, dan moet die volgende vir die skuldenaar en skuldeiser geld: Ten minste een- tot twee maal eerder die kleed en ten slotte ook nog die mantel ter syde te stel, as om die hele gemeente in baie onnodige stryery en twissake te verlei.

08] Nou, hy wat dit weet, sal My onmoontlik van ongeregtigheid kan beskuldig dat Ek sulke raad uitgedeel het, sodat vrede en enigheid in die vervolg onder hulle sou heers.

09] Maar die Evangelis wou dit, aangesien die skrywery vir hom `n bietjie lastig geword het, met so min as moontlik woorde weergee, om tyd en moeite te spaar; want die skrywery het in daardie tyd nie so vinnig verloop nie, maar baie moeisaam en stadig. Vir `n bladsy, wat vandag deur enige effens geoefende skrywer binne `n tyd van twintig tot dertig minute neergeskryf kan word, het l'Rabbas uit Sidon, of Lukas in Jerusalem of Theophilus in Atene, Korinth of Syrakus, waar hy dikwels woonagtig was, met alle fluksheid ongeveer agt dae geneem; ‘of hy moes sy letters met `n staalgriffel in spesifiek daarvoor voorbereide klipplate inkerf, of hy moes hulle met `n fyn kunstenaarskwas op perkament feitlik inteken. Vir die geoefende tekenaar of skrywer met `n kwas het die teken van die letters natuurlik aansienlik vinniger verloop, maar ook nie baie vinniger as die ou griffel nie. En dit was dan ook die rede waarom die skrywers in My tyd net die nodigste neergeskryf het, en l'Rabbas, tot hy sy laaste, d.i. is die vyftiende Evangelie op perkament voor hom gehad het, het vir sodanige werk naby aan vyf-en-twintig jaar benodig, ten spyte daarvan dat hy baie fluks en ywerig was. Dat dan sulke skrywers net die nodigste geskryf het, net die belangrikste woorde so te sê aangeraak het en die bykomstige sake ter verduideliking van die hoofbegrippe uitgelaat het, sal vir julle nou verstaanbaar wees.

10] Maar, sal iemand maklik vra: "Moses en ook ander profete uit die voortyd het tog ook uitgebreide boeke geskryf; hoe lank het Moses dan geneem om net die bekende vyf boeke te skryf, met die weglating van die sesde en sewende boek, tesame met `n beduidende profetiese aanhangsel?"

11] Daarop sê Ek vir julle, dat volgens sy destydse skrif, alle boeke van hom geskrewe in terme van alle volumes nie langer was as een Evangelie van Johannes nie. Moses het nog in die aan hom goed bekende Egiptiese hiëroglieweskrif geskryf. Eers in die tyd van die Rigters, wat nog goed met daardie

skrif bekend was, sowel as met die ooreenkomstige betekenis daarvan, is die boeke van Moses met ou Hebreeuse letters op perkament gebring, wat mense in die ou stad Pergamus goed verstaan het om te vervaardig. Maar selfs daardie skrif was vir die meeste Jode wat in My tyd geleef het, nie verstaanbaar nie, omdat die vokale tussen die konsonante nie voorgekom het nie. Hulle was genoodsaak, om `n nuwe afskrif te maak, waaraan die sogenaamde ou skrifgeleerdes meer as tweehonderd jaar deelgeneem het, en die naam skrifgeleerde het ook daarvan sy oorsprong, nie dat hulle die regte betekenis van die skrif sou verstaan nie, waarin die meeste skrifgeleerdes tesame met die fariseërs suiwer skaapkoppe was, maar omdat hulle die ou vokaallose skrif uit die tyd van die Rigters kon lees. Daarom moet julle julle nie verwonder dat daar tussen My en sulke skrifgeleerdes dikwels `n woordgeveg ontstaan het, waaraan hulle op grond van hulle bewese blindheid, geen plesier gehad het nie. Hiermee sal die twee twyfelagtige skrifgedeeltes duidelikheid kry.

Jesus bring die swaard in plek van vrede

{mt.10,34-36} (GH3,350)

01] Maar nou kom die 10de hoofstuk (Matthéüs) met die verse 34 tot 36:

02] "Julle moet nie dink, dat Ek gekom het om vrede op aarde te bring nie. Ek het nie gekom om vir julle die vrede van hierdie wêreld te bring nie, maar die swaard om te veg. Want Ek het net gekom, om die mens op te sweep teen sy vader, die dogter teen die moeder en die skoondogter teen die skoonouers. En die mens se huisgenote sal sy vyande wees."

03] Wie hierdie drie verse letterlik opneem, wat boonop nog baie onvoldoende vertaal is, die beland noodwendig in `n labirint van verwarring, waaruit hy ook nie met die lig van `n oersentraalson sal kan uitkom nie. Want soos uit die voorafgaande gesien kan word, leer Ek en begeer Ek alle denkbare toegeeflikheid, vreedsaamheid en vriendelikheid onder die mense; en Moses self leer in sy vierde gebod uit My mond: "Eer en ag en wees lief vir vader en moeder, sodat jy lank mag lewe en dit goed gaan met jou op aarde."

04] Hoe kon Ek dan `n presies teenoorgestelde leerstelling opstel, waarvolgens `n seun met sy vader, die dogter met haar moeder, die skoondogter met haar skoonouers ens. met die swaard in die hand in voortdurende onmin, boonop nog in een huis, met mekaar moet lewe!

05] Om hierdie tekste, wat oorspronklik werklik van My af is, te verstaan, en hulle as My leerstelling te waardeer, moet `n mens eers weet by watter geleentheid Ek hulle uitgespreek het, en ook hoe, met betrekking tot `n korrekte vertaling.

06] Die geleentheid was toe Ek by `n plek in Galilea, die pligte vir die volk geleer het, wat hulle vir God en onder mekaar skuldig was. En Ek het vir hulle gesê: "Ek leer vir julle niks anders, as wat My Vader van ewigheid af vir My geleer het nie, van wie julle ook sê, dat hy julle Vader is, maar wat julle nog nooit geken en erken het nie. Want sou julle Hom geken het, dan sou julle ook vir My geken het, aangesien daardie Vader vir My na julle toe gestuur het."

07] Hulle sê toe daarop: "Wat maak jy van jouself; is ons dan nie kinders van Abraham, en het God nie vir Abraham gesê, dat ons almal, wat van hom afstam, sy kinders is nie?" Maar toe word Ek opgewonde en sê: "Julle behoort as afstammelinge van Abraham, God se kinders wees, maar julle is dit al lankal nie meer nie, maar julle vader is die Satan, julle moeder is die legioen van duiwels, en julle skoondogter se skoonouers is julle skaars meetbare blindheid, traagheid en boosheid; en hierdie grootste vyande van die mens is julle huisgenote! - En wie van julle weer die ware kindskap van God wil bereik, gryp eers die swaard van waarheid, wat Ek vir julle leer, en veg teen sulke huisgenote, totdat jy hulle oorwin het."

08] Toe vra die hopie fariseërs en skrifgeleerdes natuurlik hoe Ek dit kon waag om hulle kinders van Satan, alle duiwels en hulle eie blindheid, traagheid en boosheid, te kan noem, aangesien dit tog bewysbaar was dat hulle almal afstammelinge van die stam van Levi is?

09] Maar Ek sê: "Volgens die vlees wel, maar volgens die gees is julle nie van Levi nie - wat van bo is, waar ook Ek vandaan kom, - maar julle (gees) is van onder af; daarom kan julle My ook nie herken nie, maar julle haat en vervolg My."

09] Hieruit sal vir elkeen duidelik wees, en spesifiek vir `n flukse en deeglike kenner van die Hebreeuse skrif, dat Ek hierdie drie verse uit die 10de hoofstuk wat julle opgeval het van die pseudo-evangelis Matthéüs of dan beter, die aan julle reeds bekende l'Rabbas uit Sidon, juis net by daardie geleentheid uitgespreek het, wat Ek so pas aan julle verduidelik het, en woordeliks op die wyse soos wat Ek dit nou aan julle weergegee het. Want die vertaalde verse, wat julle as heel teenstrydig met My Gees uit die Evangelis uitgelig het, sou dan mos vanselfsprekend My hoofleerstelling van naasteliefde, sowel as die wet van Moses, regstreeks tot niet maak.

10] Wie van julle kan, indien hy net `n enkele vonkie geloof in My en My leerstellings besit, van My dink, dat Ek vandag as die heiligste, vir alle mense op die hart druk, om God bo alles lief te hê en te erken, en sy naaste soos homself, en dat Ek môre met `n ander gebod sal kom, en sê: "Haat en vervolg mekaar en waar moontlik met die swaard in die hand." Ek dink dat `n mens genoodsaak sal wees om so `n leraar uit die ryk van die barbare, eerder in veilige bewaring te bring, aangesien so `n leraar klaarblyklik in `n malhuis behoort. En aangesien Ek nou vir julle hierdie tekste in die regte en ware gees verduidelik het, sal julle tog kan insien dat Ek daardeur nie in die geringste My goddelike wysheid teengegaan het nie en sodoende ook nie `n malhuisinwoner is nie, soos wat sommige skrywers van die moderne tyd My al uitgekryt het, wat My, ten spyte daarvan, nie met grimmigheid teenoor hulle vervul nie, maar Ek vergewe hulle dit, omdat hulle werklik nie weet wat hulle doen nie. Nou, vereers genoeg oor die twyfelagtige verse. Amen.